**Kort titel**

**88.** Hierdie Verordening heet die Waterdienste Verordening, 20 ...

157

VERORDENING OP BOUBEHEER

# VERORDENING

**Om voorsiening te maak vir die beheer oor geboue opgerig in die Nama Khoi Munisipaliteit; en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

---

**DAAR WORD BEPAAL** deur die Nama Khoi Munisipaliteit, soos volg:-

**Woordomskrywing**

**4.** In hierdie Verordening, tensy uit die samehang anders blyk, beteken –

**"boubeheerbeampte"** iemand wat ingevolge artikel 5 van die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, 1977 (Wet No. 103 van 1977), as boubeheerbeampte aangestel is of geag word aangestel te wees;

**"gebou"** ook –

(a) enige ander struktuur, hetsy tydelik of permanent van aard en ongeag die materiale wat by die oprigting daarvan gebruik is, wat opgerig is of gebruik word vir of in verband met –

(i) Die huisvesting of gerief van mense of diere;

(ii) Die vervaardiging, verwerking, opberging, uitstalling of verkoop van enige goed;

(iii) Die lewering van enige diens;

(iv) Die vernietiging of behandeling van vullis of afvalstowwe;

(v) Die kweek van enige plant of gewas;

(b) 'n Muur, swembad, swempoel, reservoir of brug of 'n ander struktuur wat daarmee in verband staan;

(c) 'n Brandstofpomp of 'n tenk wat in verband daarmee gebruik word;

(d) Enige gedeelte van 'n gebou, met inbegrip van 'n gebou soos omskryf in paragraaf (a), (b) of (c)

(e) Enige fasiliteite of stelsel, of gedeelte of deel daarvan, binne of buite maar gepaardgaande met 'n gebou, vir die verskaffing van 'n watervoorsiening-, dreinering-, riool-, stormwater afvoer-, elektrisiteitsvoorsiening- of ander soortgelyke diens ten opsigte van die gebou;

**"Munisipale Bestuurder"** die persoon aangestel ingevolge artikel 82 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet No. 117 van 1998);

**"Munisipaliteit"** die Nama Khoi Munisipaliteit; en

**"Wet"** die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, 1977 (Wet No. 103 van 1977) en ook 'n regulasie kragtens artikel 17 van die Wet gemaak.

**Gebou op grond moet op planne aangetoon word**

**2.** (1) Behoudens die bepalings van hierdie Verordening, reik die Munisipaliteit nie 'n sertifikaat genoem in artikel 118(1) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, (Wet No. 32 van 2000), ten opsigte van grond uit nie, tensy die Munisipaliteit tevrede is dat –

(a) Enige gebou op die grond ten opsigte waarvan planne en spesifikasies ingevolge die Wet opgestel en aan die Munisipaliteit vir goedkeuring voorgelê moet word, behoorlik ooreenkomstig daardie planne en spesifikasies opgerig is en onderhou word; en

(b) Dat geen gebou in paragraaf (a) beoog, ten opsigte waarvan planne en spesifikasies nie deur die Munisipaliteit goedgekeur is op die grond opgerig is nie; en

(c) Elke gebou wat op die grond opgerig is aan al die vereistes van die Wet voldoen; of

(d) Daar geen gebou op die is nie,

En 'n skriftelike verklaring op daardie effek maak.

(2) 'n Aansoek by die Munisipaliteit vir die uitreiking van 'n sertifikaat genoem in artikel 118(1) van die Wet op Plaaslike Regering Munisipale Stelsels, 2000 (Wet No. 32 van 2000), gaan, behoudens artikel 4, vergesel van die verklaring in subartikel (1) genoem.

**Aansoek vir en uitreiking van verklaring**

**3.** (1) 'n Aansoek vir die uitreiking van 'n verklaring in artikel 2(1) genoem –

(a) Word aan die Munisipale Bestuurder gerig;

(b) Word in skrif gedoen op die vorm deur die Munisipaliteit vir daardie doel voorsien; en

(c) Gaan vergesel van die voorgeskrewe gelde.

(2) Die Munisipale Bestuurder verwys die aansoek na die boubeheer beampte, wat 'n inspeksie van die onderhawige grond doen of laat doen en 'n aanbeveling aangaande die aansoek aan die Munisipaliteit maak.

(3) Nadat die Munisipaliteit die aanbeveling van die boubeheer beampte oorweeg het –

(a) Maak hy die verklaring in artikel 2(1) genoem; of

(b) Weier hy om die verklaring te maak,

En verwittig dadelik die aansoeker per brief dienooreenkomstig.

(4) Indien die Munisipaliteit weier om die verklaring te maak, verstrek hy skriftelik redes vir sy besluit wanneer hy die aansoeker van die besluit verwittig en dui aan watter stappe geneem moet word alvorens 'n verdere aansoek kragtens subartikel (1) voorgelê kan word.

**Versuim deur die Munisipaliteit om binne 'n sekere tydperk te handel**

4. Sou die Munisipaliteit versuim om binne 'n tydperk van 30 dae nadat die aansoek kragtens artikel 3(1) gedoen is, ooreenkomstig artikel 3(3) te handel, word dit geag dat die Munisipaliteit die verklaring in artikel 2(1) genoem gemaak het.

**Delegasie van bevoegdhede**

5. Die Munisipaliteit kan, behoudens die voorwaardes wat hy bepaal, enige van sy bevoegdhede kragtens hierdie Verordening aan die Munisipale Bestuurder delegeer.

**Kort titel**

6. Hierdie Verordening heet die Verordening op Boubeheer.

VERORDENING OP BOUBEHEER

## VERORDENING

**Om voorsiening te maak vir die beheer oor geboue opgerig in die Nama Khoi Munisipaliteit; en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

---

**DAAR WORD BEPAAL** deur die Nama Khoi Munisipaliteit, soos volg:-

**Woordomskrywing**

5. In hierdie Verordening, tensy uit die samehang anders blyk, beteken –

**"boubeheerbeampte"** iemand wat ingevolge artikel 5 van die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, 1977 (Wet No. 103 van 1977), as boubeheerbeampte aangestel is of geag word aangestel te wees;

**"gebou"** ook –

(a) enige ander struktuur, hetsy tydelik of permanent van aard en ongeag die materiale wat by die oprigting daarvan gebruik is, wat opgerig is of gebruik word vir of in verband met –

(vi) Die huisvesting of gerief van mense of diere;

(vii) Die vervaardiging, verwerking, opberging, uitstalling of verkoop van enige goed;

(viii) Die lewering van enige diens;

(ix) Die vernietiging of behandeling van vullis of afvalstowwe;

(x) Die kweek van enige plant of gewas;

(b) 'n Muur, swembad, swempoel, reservoir of brug of 'n ander struktuur wat daarmee in verband staan;

(c) 'n Brandstofpomp of 'n tenk wat in verband daarmee gebruik word;

(d) Enige gedeelte van 'n gebou, met inbegrip van 'n gebou soos omskryf in paragraaf (a), (b) of (c)

(e) Enige fasiliteite of stelsel, of gedeelte of deel daarvan, binne of buite maar gepaardgaande met 'n gebou, vir die verskaffing van 'n watervoorsiening-, dreinering-, riool-, stormwater afvoer-, elektrisiteitsvoorsiening- of ander soortgelyke diens ten opsigte van die gebou;

**"Munisipale Bestuurder"** die persoon aangestel ingevolge artikel 82 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet No. 117 van 1998);

**"Munisipaliteit"** die Nama Khoi Munisipaliteit; en

**"Wet"** die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, 1977 (Wet No. 103 van 1977) en ook 'n regulasie kragtens artikel 17 van die Wet gemaak.

**Gebou op grond moet op planne aangetoon word**

2. (1) Behoudens die bepalings van hierdie Verordening, reik die Munisipaliteit nie 'n sertifikaat genoem in artikel 118(1) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale

Stelsels, (Wet No. 32 van 2000), ten opsigte van grond uit nie, tensy die Munisipaliteit tevrede is dat –

(e) Enige gebou op die grond ten opsigte waarvan planne en spesifikasies ingevolge die Wet opgestel en aan die Munisipaliteit vir goedkeuring voorgelê moet word, behoorlik ooreenkomstig daardie planne en spesifikasies opgerig is en onderhou word; en

(f) Dat geen gebou in paragraaf (a) beoog, ten opsigte waarvan planne en spesifikasies nie deur die Munisipaliteit goedgekeur is op die grond opgerig is nie; en

(g) Elke gebou wat op die grond opgerig is aan al die vereistes van die Wet voldoen; of

(h) Daar geen gebou op die is nie.

En 'n skriftelike verklaring op daardie effek maak.

(2) 'n Aansoek by die Munisipaliteit vir die uitreiking van 'n sertifikaat genoem in artikel 118(1) van die Wet op Plaaslike Regering Munisipale Stelsels, 2000 (Wet No. 32 van 2000), gaan, behoudens artikel 4, vergesel van die verklaring in subartikel (1) genoem.

**Aansoek vir en uitreiking van verklaring**

**3.** (1) 'n Aansoek vir die uitreiking van 'n verklaring in artikel 2(1) genoem –

(d) Word aan die Munisipale Bestuurder gerig;

(e) Word in skrif gedoen op die vorm deur die Munisipaliteit vir daardie doel voorsien; en

(f) Gaan vergesel van die voorgeskrewe gelde.

(2) Die Munisipale Bestuurder verwys die aansoek na die boubeheer beampte, wat 'n inspeksie van die onderhawige grond doen of laat doen en 'n aanbeveling aangaande die aansoek aan die Munisipaliteit maak.

(3) Nadat die Munisipaliteit die aanbeveling van die boubeheer beampte oorweeg het –

(c) Maak hy die verklaring in artikel 2(1) genoem; of

(d) Weier hy om die verklaring te maak,

En verwittig dadelik die aansoeker per brief dienooreenkomstig.

(4) Indien die Munisipaliteit weier om die verklaring te maak, verstrek hy skriftelik redes vir sy besluit wanneer hy die aansoeker van die besluit verwittig en dui aan watter

stappe geneem moet word alvorens 'n verdere aansoek kragtens subartikel (1) voorgelê kan word.

**Versuim deur die Munisipaliteit om binne 'n sekere tydperk te handel**

**4.** Sou die Munisipaliteit versuim om binne 'n tydperk van 30 dae nadat die aansoek kragtens artikel 3(1) gedoen is, ooreenkomstig artikel 3(3) te handel, word dit geag dat die Munisipaliteit die verklaring in artikel 2(1) genoem gemaak het.

**Delegasie van bevoegdhede**

**5.** Die Munisipaliteit kan, behoudens die voorwaardes wat hy bepaal, enige van sy bevoegdhede kragtens hierdie Verordening aan die Munisipale Bestuurder delegeer.

**Kort titel**

**6.** Hierdie Verordening heet die Verordening op Boubeheer, 20 ...

163
MUNISIPALE TAXISTAANPLEK VERORDENING

# VERORDENING

**Om voorsiening te maak vir die instelling, instandhouding en bestuur van munisipale taxistaanplekke in die Nama Khoi Munisipaliteit; en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

---

**DAAR WORD BEPAAL** deur die Nama Khoi Munisipaliteit, soos volg:-

**Woordomskrywing**

**6.** In hierdie Verordening, tensy uit die samehang anders blyk, beteken –

**"Bestuurder: Verkeersdienste"** die munisipale verkeersbeampte aangestel deur die Munisipaliteit as hoof van die komponent van die Munisipaliteit wat vir die administrasie van padverkeer aangeleenthede verantwoordelik is;

**"boekjaar"** 'n jaar wat op die eerste dag van Julie van enige jaar begin en op die laaste dag van Junie van die volgende jaar eindig;

**"bus"** 'n bus soos omskryf in artikel 1 van die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet No. 93 van 1996);

**"hierdie Verordening"** ook die reëls beoog in artikel 2, wat nagekom moet word by munisipale taxistaanplekke;

**"motorvoertuig"** 'n motorvoertuig soos omskryf in artikel 1 van die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet No. 93 van 1996);

**"Munisipale Bestuurder"** die persoon deur die Munisipaliteit aangestel ingevolge artikel 82 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet No. 117 van 1998);

**"munisipale taxistaanplek"** 'n gebied afgebaken ingevolge artikel 2(2) vir die gebruik van taxis wat geldige parkeerpermitskyfies vertoon om te parkeer en passasiers op- en af te laai en ook die wagarea van so 'n taxistaanplek;

**"munisipale verkeersbeampte"** 'n verkeersbeampte deur die Munisipaliteit ingevolge die bepalings van die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet No. 93 van 1996) of, na gelang van die geval, 'n Wet deur daardie Wet herroep, aangestel;

**"Munisipaliteit"** die Nama Khoi Munisipaliteit;

**"parkeerpermitskyfie"** 'n skyfie uitgereik ingevolge artikel 4 wat deur 'n taxi wat gebruik maak van 'n munisipale taxistaanplek vertoon moet word; en

**"taxi"** 'n motorvoertuig, maar nie 'n bus nie, wat teen loon of vergoeding gebruik word vir die vervoer van passasiers of bagasie.

**Munisipaliteit kan munisipale taxistaanplekke instel, in stand hou en bestuur**

**2.** (1) Die Munisipaliteit kan, binne sy regsgebied, munisipale taxistaanplekke instel, in stand hou en bestuur

(2) 'n Munisipale taxistaanplek word by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* afgebaken

(3) By die ingang van elke munisipale taxistaanplek en ook by die ingang van die wagarea daarvan, word 'n kennisgewingbord vertoon waarop die reëls wat by daardie staanplek of area deur, onderskeidelik –

(a) Bestuurders van taxis

(b) Eienaars van taxis; of

(c) Lede van die publiek,

Wat ingaan by, parkeer op of van taxidienste by daardie staanplek of area gebruik maak, nagekom moet word.

(4) Reëls in subartikel (3) beoog, word deur die Munisipaliteit aangeneem en in die *Provinsiale Koerant* afgekondig.

**Taxis moet parkeerpermitskywe vertoon wanneer hulle munisipale taxistaanplekke inbestuur of parkeer word**

**3.** (1) Geen taxi word by 'n munisipale taxistaanplek inbestuur of parkeer nie, sonder dat dit 'n parkeerpermitskyf, aangebring ooreenkomstig die voorskrifte van subartikel (2), vertoon nie.

(2) Die parkeerpermiskyf in subartikel (1) genoem, word op so 'n manier op die linkerkant van die voorruit van die taxi aangebring dat die gesig daarvan duidelik sigbaar en die inskrywings daarop maklik leesbaar is deur iemand wat voor- of links voor die taxi staan.

(3) 'n Parkeerpermitskyf –

(a) Is van die ontwerp en bevat die besonderhede in die Bylae vervat; en

(b) Is van die kleur of word saamgestel uit 'n kleurkombinasie deur die Munisipaliteit vir die betrokke boekjaar bepaal.

165

**Aansoek om , uitreiking en duur van parkeerpermitskyf**

**4.** (1) Die eienaar van 'n taxi wat begerig is om van die munisipale taxistaanplekke gebruik te maak moet skriftelik vir elke taxi wat van sodanige taxistaanplekke gebruik gaan maak, by die Munisipaliteit vir die uitreiking van 'n parkeerpermitskyf aansoek doen.

(2) 'n Aansoek vir die uitreiking van 'n parkeerpermitskyf –

(a) Moet in die vorm deur die Munisipaliteit bepaal wees;

(b) Word aan die Munisipale Bestuurder gerig;

(c) Gaan vergesel van die gelde deur die Munisipaliteit bepaal;

(d) Word, ten opsigte van die daaropvolgende boekjaar nie later as die laaste dag van April van elke jaar gedoen nie.

(3) By ontvangs van die aansoek oorweeg die Munisipale Bestuurder die aansoek en, nie later as die laaste dag van Mei van die betrokke jaar nie –

(a) Reik hy of sy die parkeerpermitskyfie aan die aansoeker uit; of

(b) Verwittig hy of sy die aansoeker skriftelik, met opgaaf van redes, dat die aansoek onsuksesvol was.

(4) Indien die Munisipale Bestuurder die aansoek afgekeur het –

(a) As gevolg van 'n tekortkoming in die aansoek wat deur die aansoeker reggestel kan word, kan die aansoeker die tekortkoming regstel en, sonder om enige verdere gelde te betaal, die aansoek weer indien;

(b) Vir enige ander rede, kan 'n nuwe aansoek vir dieselfde tydperk ten opsigte van dieselfde taxi nie weer gebring word nie, maar die aansoeker kan teen die besluit van die Munisipale Bestuurder appelleer, in welke geval die bepalings van artikel 62 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet No. 32 van 2000), *mutatis mutandis* geld.

(5) Waar 'n aansoek vir die uitreiking van 'n parkeerpermitskyf gedurende 'n boekaar vir die restant van daardie boekjaar gedoen word, word die aansoek binne 'n redelike tyd deur die Munisipale Bestuurder verwerk en afgehandel.

(6) Die eienaar van 'n taxi wat van 'n munisipale taxistaanplek gebruik maak –

(a) Hou deurentyd geskrewe rekord van die identiteit van die bestuurder van sodanige taxi op enige gegewe tyd, indien hy of sy nie self die betrokke taxi bestuur nie;

(b) Hou sodanige rekord ten minste vir 'n jaar na die einde van die boekjaar waarin dit gemaak is; en

(c) Maak, op versoek van 'n munisipale verkeersbeampte, die rekords vir insae aan die Munisipaliteit beskikbaar.

(7) 'n Parkeerpermitskyf verval aan die einde van elke boekjaar.

**Vermoede dat eienaar taxi bestuur of parkeer het**

5. Ondanks die bepalings van artikel 4(6), geld die bepalings van artikel 73 van die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet No. 93 van 1996), *mutatis mutandis* ten opsigte van 'n taxi wat van 'n munisipale taxistaanplek gebruik maak.

**Beslaglegging en skut van taxis by munisipale taxistaanplekke**

6. (1) 'n Munisipale verkeersbeampte kan, ongeag enige vervolging ingevolge hierdie Verordening, op 'n taxi by 'n munisipale taxistaanplek beslag lê en dit vir 'n tydperk van 7 dae skut, indien –

(a) Die taxi by 'n munisipale taxistaanplek inbestuur of parkeer word sonder dat dit 'n geldige parkeerpermitskyf ooreenkomstig die voorskrifte van artikel 3(2) vertoon;

(b) Die taxi, strydig met 'n reël wat by daardie taxistaanplek deur die eienaar of bestuurder van taxi wat van die taxistaanplek gebruik maak, parkeer en sonder toesig gelaat word; of

(c) Die eienaar of bestuurder van 'n taxi 'n reël wat by daardie taxistaanplek nagekom moet word oortree en na 'n teregwysing deur 'n munisipale verkeersbeampte om die oortreding te staak daarmee vol hou.

(2) 'n Taxi wat ingevolge subartikel (1) geskut is, word aan die eienaar daarvan terugbesorg by betaling van die skutgelde deur die Munisipaliteit ten opsigte van munisipale taxistaanplekke bepaal, indien dit verlang word dat die taxi voor verstyking van die 7-dae tydperk vrygestel moet word.

(3) Niemand mag 'n munisipale verkeersbeampte by die uitvoering van sy of haar pligte ingevolge subartikel (1) hinder, pla of dwarsboom nie.

**Delegasie**

7. Die Munisipale Bestuurder kan skriftelik die bevoegdhede en werksaamhede by artikel 4. aan hom of haar verleen, aan die Bestuurder: Verkeersdienste delegeer.

**Strafbepaling**

8. (1) Iemand wat –

(a) 'n Regmatige bevel van 'n munisipale verkeersbeampte by 'n munisipale taxistaanplek oortree of versuim om daaraan te voldoen; of

(b) 'n Bepaling van hierdie Verordening oortree of versuim om daaraan te voldoen,

Is aan 'n misdryf skuldig.

(2) Iemand wat skuldig bevind word aan 'n misdryf ingevolge subartikel (1) is strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf van hoogstens een jaar, of met beide 'n boete en met daardie gevangenisstraf.

**Herroeping van wette en voorbehoude**

9.. (1) Die volgende wette word hierby herroep:

.........

.........

(2) Enige toestemming verkry, reg toegestaan, voorwaarde opgelê, aktiwiteit veroorloof of ding gedoen kragtens 'n herroepe wet word, na gelang van die geval, geag kragtens die ooreenstemmende bepaling van hierdie Verordening (as daar is), toegestaan, opgelê, veroorloof of gedoen te gewees het.

**Kort titel**

10. Hierdie Verordening heet die Munisipale Taxistaanplekverordening, 20 ...

168

# BYLAE

(Artikel 3(3)(a))

1. 'n Parkeerpermitskyf is sirkelvormig, met 'n deursneë van 73 millimeter.

2. Die volgende woorde "PARKING PERMIT • NAMA KHOI MUNICIPALITY/PARKEERPERMIT • NAMA KHOI MUNISIPALITEIT" word op die skyf afgedruk en voorsiening word op die skyf gemaak vir inskrywings wat –

   (a) Die naam van die eienaar van die taxi;

   (b) Die registrasienommer van die taxi;

   (c) Die boekjaar ten opsigte waarvan die permit uitgereik is; en

   (d) Die nommer van die permit,

   aantoon.

MUNISIPALE TAXISTAANPLEK VERORDENING

# VERORDENING

**Om voorsiening te maak vir die instelling, instandhouding en bestuur van munisipale taxistaanplekke in die Nama Khoi Munisipaliteit; en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

---

**DAAR WORD BEPAAL** deur die Nama Khoi Munisipaliteit, soos volg:-

**Woordomskrywing**

7. In hierdie Verordening, tensy uit die samehang anders blyk, beteken –

   **"Bestuurder: Verkeersdienste"** die munisipale verkeersbeampte aangestel deur die Munisipaliteit as hoof van die komponent van die Munisipaliteit wat vir die administrasie van padverkeer aangeleenthede verantwoordelik is;

   **"boekjaar"** 'n jaar wat op die eerste dag van Julie van enige jaar begin en op die laaste dag van Junie van die volgende jaar eindig;

   **"bus"** 'n bus soos omskryf in artikel 1 van die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet No. 93 van 1996);

   **"hierdie Verordening"** ook die reëls beoog in artikel 2, wat nagekom moet word by munisipale taxistaanplekke;

**"motorvoertuig"** 'n motorvoertuig soos omskryf in artikel 1 van die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet No. 93 van 1996);

**"Munisipale Bestuurder"** die persoon deur die Munisipaliteit aangestel ingevolge artikel 82 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet No. 117 van 1998);

**"munisipale taxistaanplek"** 'n gebied afgebaken ingevolge artikel 2(2) vir die gebruik van taxis wat geldige parkeerpermitskyfies vertoon om te parkeer en passasiers op- en af te laai en ook die wagarea van so 'n taxistaanplek;

**"munisipale verkeersbeampte"** 'n verkeersbeampte deur die Munisipaliteit ingevolge die bepalings van die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet No. 93 van 1996) of, na gelang van die geval, 'n Wet deur daardie Wet herroep, aangestel;

**"Munisipaliteit"** die Nama Khoi Munisipaliteit;

**"parkeerpermitskyfie"** 'n skyfie uitgereik ingevolge artikel 4 wat deur 'n taxi wat gebruik maak van 'n munisipale taxistaanplek vertoon moet word; en

**"taxi"** 'n motorvoertuig, maar nie 'n bus nie, wat teen loon of vergoeding gebruik word vir die vervoer van passasiers of bagasie.

**Munisipaliteit kan munisipale taxistaanplekke instel, in stand hou en bestuur**

**2.** (1) Die Munisipaliteit kan, binne sy regsgebied, munisipale taxistaanplekke instel, in stand hou en bestuur

(2) 'n Munisipale taxistaanplek word by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* afgebaken

(3) By die ingang van elke munisipale taxistaanplek en ook by die ingang van die wagarea daarvan, word 'n kennisgewingbord vertoon waarop die reëls wat by daardie staanplek of area deur, onderskeidelik –

(d) Bestuurders van taxis

(e) Eienaars van taxis; of

(f) Lede van die publiek,

Wat ingaan by, parkeer op of van taxidienste by daardie staanplek of area gebruik maak, nagekom moet word.

(4) Reëls in subartikel (3) beoog, word deur die Munisipaliteit aangeneem en in die *Provinsiale Koerant* afgekondig.

**Taxis moet parkeerpermitskywe vertoon wanneer hulle munisipale taxistaanplekke inbestuur of parkeer word**

3. (1) Geen taxi word by 'n munisipale taxistaanplek inbestuur of parkeer nie, sonder dat dit 'n parkeerpermitskyf, aangebring ooreenkomstig die voorskrifte van subartikel (2), vertoon nie.

(2) Die parkeerpermiskyf in subartikel (1) genoem, word op so 'n manier op die linkerkant van die voorruit van die taxi aangebring dat die gesig daarvan duidelik sigbaar en die inskrywings daarop maklik leesbaar is deur iemand wat voor- of links voor die taxi staan.

(3) 'n Parkeerpermitskyf –

(c) Is van die ontwerp en bevat die besonderhede in die Bylae vervat; en

(d) Is van die kleur of word saamgestel uit 'n kleurkombinasie deur die Munisipaliteit vir die betrokke boekjaar bepaal.

**Aansoek om , uitreiking en duur van parkeerpermitskyf**

4. (1) Die eienaar van 'n taxi wat begerig is om van die munisipale taxistaanplekke gebruik te maak moet skriftelik vir elke taxi wat van sodanige taxistaanplekke gebruik gaan maak, by die Munisipaliteit vir die uitreiking van 'n parkeerpermitskyf aansoek doen.

(2) 'n Aansoek vir die uitreiking van 'n parkeerpermitskyf –

(e) Moet in die vorm deur die Munisipaliteit bepaal wees;

(f) Word aan die Munisipale Bestuurder gerig;

(g) Gaan vergesel van die gelde deur die Munisipaliteit bepaal;

(h) Word, ten opsigte van die daaropvolgende boekjaar nie later as die laaste dag van April van elke jaar gedoen nie.

(3) By ontvangs van die aansoek oorweeg die Munisipale Bestuurder die aansoek en, nie later as die laaste dag van Mei van die betrokke jaar nie –

(c) Reik hy of sy die parkeerpermitskyfie aan die aansoeker uit; of

(d) Verwittig hy of sy die aansoeker skriftelik, met opgaaf van redes, dat die aansoek onsuksesvol was.

(4) Indien die Munisipale Bestuurder die aansoek afgekeur het –

(c) As gevolg van 'n tekortkoming in die aansoek wat deur die aansoeker reggestel kan word, kan die aansoeker die tekortkoming regstel en, sonder om enige verdere gelde te betaal, die aansoek weer indien;

(d) Vir enige ander rede, kan 'n nuwe aansoek vir dieselfde tydperk ten opsigte van dieselfde taxi nie weer gebring word nie, maar die aansoeker kan teen die besluit van die Munisipale Bestuurder appelleer, in welke geval die bepalings van artikel 62 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet No. 32 van 2000), *mutatis mutandis* geld.

(5) Waar 'n aansoek vir die uitreiking van 'n parkeerpermitskyf gedurende 'n boekaar vir die restant van daardie boekjaar gedoen word, word die aansoek binne 'n redelike tyd deur die Munisipale Bestuurder verwerk en afgehandel.

(6) Die eienaar van 'n taxi wat van 'n munisipale taxistaanplek gebruik maak –

(d) Hou deurentyd geskrewe rekord van die identiteit van die bestuurder van sodanige taxi op enige gegewe tyd, indien hy of sy nie self die betrokke taxi bestuur nie;

(e) Hou sodanige rekord ten minste vir 'n jaar na die einde van die boekjaar waarin dit gemaak is; en

(f) Maak, op versoek van 'n munisipale verkeersbeampte, die rekords vir insae aan die Munisipaliteit beskikbaar.

(7) 'n Parkeerpermitskyf verval aan die einde van elke boekjaar.

**Vermoede dat eienaar taxi bestuur of parkeer het**

5. Ondanks die bepalings van artikel 4(6), geld die bepalings van artikel 73 van die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet No. 93 van 1996), *mutatis mutandis* ten opsigte van 'n taxi wat van 'n munisipale taxistaanplek gebruik maak.

**Beslaglegging en skut van taxis by munisipale taxistaanplekke**

6. (1) 'n Munisipale verkeersbeampte kan, ongeag enige vervolging ingevolge hierdie Verordening, op 'n taxi by 'n munisipale taxistaanplek beslag lê en dit vir 'n tydperk van 7 dae skut, indien –

(d) Die taxi by 'n munisipale taxistaanplek inbestuur of parkeer word sonder dat dit 'n geldige parkeerpermitskyf ooreenkomstig die voorskrifte van artikel 3(2) vertoon;

(e) Die taxi, strydig met 'n reël wat by daardie taxistaanplek deur die eienaar of bestuurder van taxi wat van die taxistaanplek gebruik maak, parkeer en sonder toesig gelaat word; of

(f) Die eienaar of bestuurder van 'n taxi 'n reël wat by daardie taxistaanplek nagekom moet word oortree en na 'n teregwysing deur 'n munisipale verkeers-beampte om die oortreding te staak daarmee vol hou.

(2) 'n Taxi wat ingevolge subartikel (1) geskut is, word aan die eienaar daarvan terugbesorg by betaling van die skutgelde deur die Munisipaliteit ten opsigte van munisipale taxistaanplekke bepaal, indien dit verlang word dat die taxi voor verstyking van die 7-dae tydperk vrygestel moet word.

(3) Niemand mag 'n munisipale verkeersbeampte by die uitvoering van sy of haar pligte ingevolge subartikel (1) hinder, pla of dwarsboom nie.

**Delegasie**

7. Die Munisipale Bestuurder kan skriftelik die bevoegdhede en werksaamhede by artikel 4. aan hom of haar verleen, aan die Bestuurder: Verkeersdienste delegeer.

**Strafbepaling**

8. (1) Iemand wat –

(c) 'n Regmatige bevel van 'n munisipale verkeersbeampte by 'n munisipale taxistaanplek oortree of versuim om daaraan te voldoen; of

(d) 'n Bepaling van hierdie Verordening oortree of versuim om daaraan te voldoen,

Is aan 'n misdryf skuldig.

(2) Iemand wat skuldig bevind word aan 'n misdryf ingevolge subartikel (1) is strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf van hoogstens een jaar, of met beide 'n boete en met daardie gevangenisstraf.

**Herroeping van wette en voorbehoude**

**9..** (1) Die volgende wette word hierby herroep:

.........

.........

(2) Enige toestemming verkry, reg toegestaan, voorwaarde opgelê, aktiwiteit veroorloof of ding gedoen kragtens 'n herroepe wet word, na gelang van die geval, geag kragtens die ooreenstemmende bepaling van hierdie Verordening (as daar is), toegestaan, opgelê, veroorloof of gedoen te gewees het.

**Kort titel**

**10.** Hierdie Verordening heet die Munisipale Taxistaanplekverordening, 20 ...

174

# BYLAE

(Artikel 3(3)(a))

1. 'n Parkeerpermitskyf is sirkelvormig, met 'n deursneë van 73 millimeter.

2. Die volgende woorde "PARKING PERMIT • NAMA KHOI MUNICIPALITY/PARKEERPERMIT • NAMA KHOI MUNISIPALITEIT" word op die skyf afgedruk en voorsiening word op die skyf gemaak vir inskrywings wat –

   (e) Die naam van die eienaar van die taxi;

   (f) Die registrasienommer van die taxi;

   (g) Die boekjaar ten opsigte waarvan die permit uitgereik is; en

   (h) Die nommer van die permit,

   aantoon.

175
ELEKTRISITEITSVERORDENING,

# VERORDENING

**Om voorsiening te maak vir lewering van 'n elektrisiteitsdiens vir die Nama Khoi Munisipaliteit; en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

---

**DAAR WORD BEPAAL** deur die Nama Khoi Munisipaliteit, soos volg:-

## INDELING VAN ARTIKELS

## HOOFSTUK 1

## ALGEMEEN

1. Woordomskrywing

2. Ander uitdrukkings

3. Opskrifte en titels

## HOOFSTUK 2

## ALGEMENE VOORWAARDES VIR VOORSIENING

4. Voorsiening van elektrisiteitsdienste

5. Voorsiening volgens ooreenkoms

6. Betekening van kennisgewing

7. Nakoming van kennisgewings

8. Aansoek om voorsiening van elektrisiteit

9. Verwerking van aansoeke om voorsiening

10. Deurgangsregte

11. Statutêre serwituut

12. Reg van toegang om inspeksie te doen, te toets of instandhoudingswerk te doen

13. Weiering of versuim om inligting te verstrek

14. Weiering van toegang

15. Onbehoorlike verbruik

16. Elektrisiteitstariewe en –gelde

17. Deposito's

18. Betaling van gelde

19. Rente op agterstallige rekeninge

20. Beginsels vir herverkoop van elektrisiteit

21. Reg om die toevoer van elektrisiteit af te sluit

22. Nie-aanspreeklikheid van die Munisipaliteit

23. Lekkasie van elektrisiteit

24. Onderbreking van toevoer

25. Seëls van die Munisipaliteit

26. Peuter met diensaansluiting of hoofleiding

27. Beveiliging van die Munisipaliteit se hoofleiding

28. Voorkoming van peuter met die diensaansluiting of hoofleiding

29. Ongemagtigde aansluitings

30. Ongemagtigde heraansluitings

31. Tydelike afsluiting en heraansluiting

32. Tydelike voorsiening van elektrisiteit

33. Tydelike werk

34. Lasvermindering

35. Medium- en laespanningskakeltuig en –toerusting

36. Substasie-akkommodasie

37. Bedradingsdiagram en spesifikasie

38. Gereedheidstoevoer

39. Verbruiker se toerusting vir nood gereedheidstoevoer

40. Omsendbriewe

## HOOFSTUK 3

## VERBRUIKERS SE VERANTWOORDELIKHEID

41. Verbruiker moet elektriese installasie oprig en in stand hou

42. Fout in elektriese installasie

43. Beëindiging van verbruik uit die elektrisiteitstoevoer

44. Verandering van okkupeerder

45. Diensapparaat

## HOOFSTUK 4

## SPESIFIEKE VOORSIENINGS VOORWAARDES

46. Diensaansluiting

47. Meetakkommodasie

## HOOFSTUK 5

## TOEVOERSTELSELS

48. Lasvereistes

49. Lasbeperkings

50. Versteuring van andere se elektriese toerusting

51. Toevoer na motore

52. Arbeidsfaktor

53. Beveiliging

## HOOFSTUK 6

## ELEKTRISITEITSMETING

54. Meet van toevoer

55. Akkurate meting

56. Lees van kredietmeters

57. Kragbegroter

## HOOFSTUK 7

## ELEKTRIESE KONTRAKTEURS

58. Bykomende vereistes

59. Munisipaliteit nie aanspreeklik nie

HOOFSTUK 8

KOSTE VAN WERK

60. Koste van werk

HOOFSTUK 9

STRAFBEPALING

61. Strafbepaling

HOOFSTUK 10

HERROEPING VAN WETTE

62. Herroeping van wette en voorbehoude

63. Kort titel

BYLAE 1

Wette wat herroep is

BYLAE 2

**"Toepaslike standaardspesifikasie"** beteken

## HOOFSTUK I

## ALGEMEEN

**Woordomskrywing**

**1.** In hierdie Verordening, tensy uit die samehang anders blyk, beteken –

**"bewys"** die noodsaaklike element van 'n kragbegroterstelsel wat gebruik word om inligting oor te dra van 'n verkooppunt vir elektrisiteitkrediet na 'n kragbegroter en *vice versa,*

**"diensaansluiting"** al die kabels en toerusting wat nodig is om die hoofleiding by die verbruiker se elektriese installasie aan te sluit by die voorsieningspunt;

**"eienaar"** met betrekking tot 'n perseel, die persoon by wie die regstitel daarvan berus: met dien verstande dat –

(a) in die geval van onroerende eiendom –

(i) wat vir 'n tydperk van minstens 50 jaar verhuur word, ongeag of die huurkontrak geregistreer is of nie, die huurder daarvan; of

(ii) wat voordelig geokkupeer word kragtens 'n serwituut of reg analoog daarmee, die okkupeerder daarvan;

(b) indien die eienaar soos hierbo omskryf –

(i) dood of insolvent is, sy of haar boedel tot voordeel van sy of haar skuldeisers afgestaan het, ingevolge 'n hofbevel onder kuratele geplaas is, of 'n maatskappy is wat gelikwideer of onder geregtelike bestuur geplaas is, die persoon by wie die administrasie van sodanige eiendom berus as eksekuteur, administrateur, trustee, regverkrygende, kurator, likwidateur of geregtelike bestuurder, na gelang van die geval; of

(ii) nie in die Republiek van Suid-Afrika aanwesig is nie, of indien sy of haar adres aan die Munisipaliteit onbekend is, iemand wat as agent of andersins die huurgeld te opsigte van sodanige eiendom ontvang og geregtig is om dit te ontvang; en

(c) indien die Munisipaliteit nie kan vasstel wie sodanige persoon is nie, word die persoon wat geregtig is op die voordelige gebruik van sodanige eiendom geag die eienaar daarvan te wees met die uitsluiting van die persoon by wie die regstitel daarvan berus;

**"elektriese installasie"** 'n elektriese installasie soos omskryf in die Regulasies;

**"elektriese kontrakteur"** 'n elektriese kontrakteur soos omskryf in die Regulasies;

**"geakkrediteerde persoon"** 'n persoon wat ingevolge die Regulasies, na gelang van die geval, as 'n elektriese toetser vir enkelfase, 'n installasie-elektrisiën of 'n meesterinstallasie-elektrisiën, geregistreer is;

**"gereedheidstoevoer"** 'n alternatiewe toevoer van elektrisiteit wat nie gewoonlik deur die verbruiker verbruik word nie;

**"hoë spanning"** die stel nominale spanningsvlakke wat in kragstelsels vir grootmaat transmissie van elektrisiteit in die omgewing van 44 kV < Un □ 220 kV gebruik word [SANS 1019]

**"hoofleiding"** enige deel van die Munisipaliteit se elektrisiteitsnetwerk;

**"kragbegroter"** 'n vooruitbetaalmeter wat geprogrammeer kan word om die vloei van hoeveelhede vooruitbetaalde energie in 'n elektriese stroomkring toe te laat;

**"kredietmeter"** 'n meter wat 'n rekening uitgereik word nadat elektrisiteit verbruik is;

**"lae spanning"** die stel nominale spanningsvlakke wat gebruik word vir die verspreiding van elektrisiteit en waarvan die boonste perk oor die algemeen aanvaar word as 'n ws-spanning van 1000 V (of 'n gs-spanning van 1500 V)[SANS 1019];

**"medium spanning"** die stel nominale spanningsvlakke bo lae spanning en benede hoë spanning in die omgewing van 1 kV < Un □ 44kV [SANS 1019];

**"meetpunt"** die punt waar die verbruiker se elektrisiteitsverbruik gemeet word en wat by die voorsieningspunt of by enige ander punt op die verspreidingstelsel van die Munisipaliteit of enige behoorlik gemagtigde beampte van die Munisipaliteit aangedui met dien verstande dat dit alle, en slegs, die verbruiker se verbruik van elektrisiteit meet;

**"meter"** 'n toestel wat die aanvraag of die elektriese energie wat verbruik word, aandui en ook konvensionele meters en kragbegroters;

**"motoraansitstroom"** met betrekking tot wisselstroommotore, die gemiddelde vierkantwortel-waarde van die simmetriese stroom wat deur 'n motor verbruik word wanneer dit aangedryf word volgens die geraamde spanning daarvan met die aansitter in aansit posisie en die rotor gesluit

**"motorlas totaal aangeskakel"** die somtotaal van kW-vermoë van al die afsonderlike motore wat by 'n installasie aangesluit is;

**"motorvermoë"** die maksimum aanhoudende kW-lewering van 'n motor soos vermeld op die vervaardiger se kernplaatjie;

**"Munisipale Bestuurder"** die persoon deur die Munisipaliteit aangestel ingevolge artikel 82 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet No. 117 van 1998)

**"Munisipaliteit"** beteken Nama Khoi Munisipaliteit

**"nakomingsertifikaat"** 'n sertifikaat wat ingevolge die Regulasies ten opsigte van 'n elektriese installasie of gedeelte van 'n elektriese installasie deur 'n geakkrediteerde persoon uitgereik word;

**"okkupeerder"** met betrekking tot 'n perseel

(a) iemand wat sodanige perseel werklik okkupeer;

(b) iemand wat wetlik daarop geregtig is om sodanige perseel te okkupeer;

(c) in geval van sodanige perseel wat onderverdeel is en wat aan loseerders of verskillende huurders verhuur word, die persoon wat die huurgeld ontvang wat deur sodanige loseerders of huurders betaalbaar is, hetsy vir sy of haar eie rekening of as agent vir iemand wat daarop geregtig is of belang daarby het; of

(d) iemand wat by die beheer of bestuur wat sodanige perseel betrokke is, en behels ook die agent van sodanige persoon wanneer hy of sy nie in die Republiek aanwesig is, of as sy of haar verblyfplek onbekend is;

**"perseel"** enige grond of enige struktuur bo of benede grondvlak en behels ook enige voertuig, vliegtuig of vaartuig;

**"Regulasies"** die Regulasies opgestel ingevolge die Wet op Beroepsgesondheid en – Veiligheid, 1993 (Wet No. 85 van 1993) en afgekondig by G.K. R2920 van 23 Oktober 1992, soos gewysig;

**"spanning"** die gemiddelde vierkantswortel waarde van elektriese potensiaal tussen twee geleiers;

**"tarief"** die Munisipaliteit se gelde gehef vir die voorsiening van elektrisiteit;

**"toepaslike standaardspesifikasie"** die standaardspesifikasie soos gelys in Bylae 2;

**"veiligheidstandaard"** die Gebruikskode vir die Bedrading van Persele SANS 10142-1 geïnkorporeer in die Regulasies;

**"verbruiker"**, met betrekking tot 'n perseel --

(i) enige okkupeerder daarvan of enige ander persoon met wie die Munisipaliteit ooreengekom het om elektrisiteit daar te voorsien of dit inderdaad daar voorsien; of

(ii) indien sodanige perseel nie bewoon word nie, iemand wat 'n geldige bestaande ooreenkoms met die Munisipaliteit het vir die voorsiening van elektrisiteit aan sodanige perseel; of

(iii) indien daar geen sodanige persoon of okkupeerder is nie, die eienaar van die perseel;

**"verbruikspunt"** 'n verbruikspunt soos omskryf in die Regulasies;

**"voorsieningspunt"** die punt soos bepaal deur die Munisipaliteit of enige ander behoorlik gemagtigde beampte van die Munisipaliteit vanwaar elektrisiteit aan enige perseel deur die Munisipaliteit voorsien word; en

**"wet"** enige toepaslike wet, proklamasie, ordonnansie, Wet van die Parlement of wetsbepaling wat regskrag het;

**Ander uitdrukkings**

**2.** Alle ander uitdrukkings wat in hierdie Verordening gebruik word, het, tensy die samehang andersins vereis, dieselfde betekenis wat daaraan geheg word in die Elektrisiteitswet, 1987 (Wet No. 71 van 1987).

**Opskrifte en titels**

3. Die opskrifte en titels in hierdie Verordening beïnvloed nie die uitleg daarvan nie.

## HOOFSTUK 2

## ALGEMENE VOORWAARDES VIR VOORSIENING

**Voorsiening van elektrisiteitsdienste**

4. Slegs die Munisipaliteit mag elektrisiteit voorsien of 'n ooreenkoms aangaan om elektrisiteit binne sy regsgebied te voorsien.

**Voorsiening volgens ooreenkoms**

5. Niemand mag gebruik maak of voortgaan om gebruik te maak van 'n toevoer van elektrisiteit van die Munisipaliteit nie, tensy of totdat sodanige persoon 'n skriftelike ooreenkoms met die Munisipaliteit vir sodanige toevoer aangegaan het, en sodanige toevoer word in alle opsigte deur sodanige ooreenkoms saam met die bepalings van hierdie Verordening beheer. As 'n persoon 'n toevoer van elektrisiteit verbruik sonder om 'n ooreenkoms aan te gaan, is hy of sy aanspreeklik vir die koste van die elektrisiteit soos uiteengesit in artikel 44

**Betekening van kennisgewing**

6. (1) Enige kennisgewing of ander dokument word geag as aan iemand beteken te wees wanneer dit ingevolge hierdie Verordening aan iemand beteken is indien –

(a) Dit persoonlik by daardie persoon afgelewer is;

(b) Dit by daardie persoon se woonplek of sakeonderneming in die Republiek gelaat is by 'n persoon wat klaarblyklik ouer as sestien jaar is;

(c) Dit per geregistreerde of gesertifiseerde pos na daardie persoon se laaste bekende woonadres of sakeadres in die Republiek gepos is en 'n erkenning dat dit gepos van die posdiens verkry is;

(d) Indien daardie persoon se adres in die Republiek onbekend is, wanneer dit op daardie persoon se agent of verteenwoordiger in die Republiek beteken word op 'n manier bepaal in paragrawe (a), (b) of (c); of

(e) Daardie persoon se adres en agent of verteenwoordiger in die Republiek onbekend is, wanneer dit op 'n opsigtelike plek gepos is op die eiendom of perseel, indien enige, waarmee dit verband hou.

(2) Wanneer enige kennisgewing of ander dokument gemagtig of beteken word op die eienaar, okkupeerder of houer van enige eiendom of regte in enige eiendom, is dit voldoende as daardie persoon in die kennisgewing of ander eiendom of betrokke reg, en is dit nie nodig om daardie persoon se naam te verstrek nie.

(3) Enige prosesstuk is deugdelik aan die Munisipaliteit beteken as dit by die Munisipale Bestuurder se kantoor afgelewer word of by 'n persoon wat die die Munisipale Bestuurder se kantoor op diens is.

**Nakoming van kennisgewing**

7. Iemand aan wie 'n kennisgewing wat behoorlik uitgereik of gegee is ingevolge hierdie Verordening, beteken word, moet die bepalings daarvan binne die tydperk wat daarin vermeld word, nakom.

**Aansoek om voorsiening van elektrisiteit**

8. (1) Aansoek om die voorsiening van elektrisiteit moet skriftelik deur die voornemende verbruiker op die voorgeskrewe vorm verkrygbaar by die kantoor van die Munisipaliteit gedoen word en die installasie se geraamde las in kV.A moet op die aansoek vermeld word. Sodanige aansoek moet gerig word so lank as moontlik voor die toevoer verlang word ten einde die werk van die Munisipaliteit te vergemaklik.

(2) 'n Aansoek om voorsiening van elektrisiteit vir 'n tydperk van minder as 'n jaar word beskou as 'n aansoek om tydelike voorsiening van elektrisiteit en word oorweeg na goeddunke van die Munisipaliteit of enige behoorlik gemagtigde beampte van die Munisipaliteit wat enige spesiale voorwaardes mag stel wat in sodanige geval nagekom moet word.

**Verwerking van aansoeke om voorsiening**

9. Aansoeke om die voorsiening van elektrisiteit word verwerk en die toevoer beskikbaar gestel binne die tydperke soos in NRS 047 aangedui.

**Deurgangsreg**

10. (1) Die Munisipaliteit kan weier om 'n diensaansluiting bo of onder die grond op te rig of te lê op enige deurgang wat nie by die Munisipaliteit berus nie of op enige private eiendom, tensy en totdat die voornemende verbruiker die skriftelike toestemming verkry het van die eienaar van die genoemde private eiendom of van die persoon by wie die regstitel van die grond berus waarop dit by die Munisipaliteit ingedien het, waardeur magtiging vir die lê of oprigting van 'n diensaansluiting daarop verleen word.

(2) As sodanige toestemming op enige tydstip teruggetrek word of as die bogemelde private eiendom of deurgang in ander hande oorgaan en die nuwe eienaar weier om sodanige toestemming te verleen of te laat voortduur, moet die koste van enige verandering wat aan die diensaansluiting aangebring moet die koste van enige verandering wat aan die diensaansluiting aangebring moet word ten einde die toevoer van elektrisiteit in stand te hou, en van die verwydering daarvan wat onder omstandighede nodig mag wees, deur die verbruiker van die die perseel waarna die toevoer voortgesit word, gedra word.

**Statutêre serwituut**

**11.** (1) Behoudens die bepalings van subartikel (3) kan die Munisipaliteit binne sy munisipale gebied –

(a) Elektrisiteitsdienste voorsien, vestig en in stand hou;

(b) 'n Hoofleiding vir elektrisiteit verkry, oprig, lê, verleng, vergroot, omlei, in stand hou, herstel, die verbruik beëindig, sluit en vernietig;

(c) Enige hoofleiding vir elektrisiteit aanlê, oprig of lê op, oor, deur, bo of onder enige straat of onroerende eiendom en die eienaarskap van enige sodanige hoofleiding berus by die Munisipaliteit;

(d) Enigiets anders doen wat nodig of wenslik is vir of bykomstig of aanvullend tot of ondergeskik aan enige saak beoog by paragrawe (a) tot (c).

(2) Indien die Munisipaliteit enige hoofleiding vir elektrisiteit aanlê, oprig of lê op, oor, deur, bo of onder enige straat of onroerende eiendom wat nie aan die Munisipaliteit behoort of nie deur die Munisipaliteit beheer of bestuur word nie, betaal die Munisipaliteit die eienaar van sodanige straat of eiendom vergoeding volgens 'n bedrag waaroor die eienaar en die Munisipaliteit ooreengekom het of, by afwesigheid van 'n ooreenkoms, soos of deur arbitrasie of deur 'n geregshof bepaal.

(3) Die Munisipaliteit gee, voordat dit begin met enige werk behalwe herstelwerk of instandhouding aan of in verband met enige toevoer van elektrisiteit op onroerende eiendom wat nie aan die Munisipaliteit behoort nie, aan die eienaar of okkupeerder van sodanige eiendom redelike kennis van die voorgestelde werk en die datum waarop die Munisipaliteit be-oog om met sodanige werk te begin.

**Reg van toegang om inspeksie te doen, te toets of instandhoudingswerk te doen**

**12.** (1) Die Munisipaliteit, deur sy werknemers, kontrakteurs en hul assistente en adviseurs, het toegang tot en oor enige eiendom ten einde –

(a) Enigiets te doen wat gemagtig is of vereis word om deur die Munisipaliteit ingevolge hierdie Verordening of enige ander wet gedoen te word;

(b) Enige dienshoofleiding en enigiets wat daarmee verband hou te inspekteer en te ondersoek;

(c) Navraag te doen oor enige moontlik bron van toevoer van elektrisiteit of die geskiktheid van onroerende eiendom vir enige skema of onderneming van die Munisipaliteit, en enige nodige opname in verband daarmee te doen;

(d) Vas te stel of daar enige oortreding van die bepalings van hierdie Verordening of enige ander wet is of was; en

(e) Nakoming van die bepalings van hierdie Verordening of enige ander wet af te dwing.

(2) Die Munisipaliteit betaal aan iemand wat skade gely het as gevolg van die uitoefening van die reg van toegang ingevolge subartikel (1), behalwe waar die Munisipaliteit gemagtig is om op die betrokke eiendom enige werk te verrig op die koste van sodanige persoon of enige ander persoon, skadevergoeding ten bedrae van 'n bedrag waarop die Munisipaliteit en sodanige persoon ooreengekom het of, as daar nie 'n ooreenkoms aangegaan is nie, soos deur arbitrasie of 'n geregshof bepaal.

(3) 'n Werknemer van die Munisipaliteit wat deur sodanige Munisipaliteit daartoe gemagtig is, kan deur 'n skriftelike kennisgewing aan die eienaar of okkupeerder van enige eiendom te beteken, van sodanige eienaar of okkupeerder vereis om op die dag en uur soos in sodanige kennisgewing aangedui, toegang tot sodanige eiendom aan 'n persoon en vir 'n doel soos beoog in subartikel (1) te verskaf.

**Weiering of versuim om inligting te verstrek**

**13.** Niemand weier of versuim om die inligting te verstrek wat 'n behoorlik gemagtigde beampte van die Munisipaliteit redelikerwys van hom of haar verlang nie, of verstrek vals inligting aan enige sodanige beampte insake enige installasiewerk wat voltooi is of beoog word nie.

**Weiering van toegang**

**14.** Niemand mag enige behoorlik gemagtigde beampte van die Munisipaliteit in die uitvoering van sy of haar pligte ingevolge hierdie Verordening of van enige pligte wat daarmee verband hou in verband hou of in verband daarmee staan nie opsetlik hinder, belemmer, in die pad staan of toegang weier nie.

**Onbehoorlike verbruik**

**15.** As die Munisipaliteit redelike gronde het om te glo dat die verbruiker die elektrisiteit vir enige doel of op enige wyse gebruik wat op 'n onbehoorlike en onveilige wyse inmeng of daarop bereken is om op 'n onbehoorlike en onveilige wyse in te meng met die doeltreffende voorsiening van elektrisiteit aan enige verbruiker, kan die Munisipaliteit met of sonder kennisgewing sodanige toevoer afsluit, maar sodanige toevoer word weer herstel sodra die oorsaak van die afsluiting permanent reggestel of verwyder is. Die verbruiker betaal die gelde soos deur die Munisipaliteit voorgeskryf vir die afsluiting en aansluiting voor die toevoer van elektrisiteit herstel word, tensy dit bewys kan word dat die verbruiker nie die elektrisiteit op 'n onbehoorlike of onveilige wyse verbruik of hanteer het nie.

**Elektrisiteitstariewe en –gelde**

**16.** Afskrifte van heffings en gelde is gratis by die Munisipaliteit se kantore verkrygbaar.

**Deposito's**

**17.** Die Munisipaliteit hou die reg voor om te vereis dat die verbruiker 'n som geld deponeer as sekuriteit vir die betaling van enige gelde wat aan die Munisipaliteit betaalbaar is of betaalbaar kan word. Die bedrag van die deposito ten opsigte van elke elektrisiteitsinstallasie word deur die Munisipaliteit bepaal en elke sodanige deposito kan verhoog word indien dit na die Munisipaliteit onvoldoende is. Sodanige deposito word nie beskou as betaling of gedeeltelike betaling van enige rekeninge betaalbaar vir die voorsiening van elektrisiteit met die doel om enige afslag te kry ooreenkomstig die elektrisiteitstariewe gemeld in hierdie Verordening nie. By beëindiging van die toevoer van elektrisiteit word die bedrag van sodanige deposito rentevry en min enige betalings aan die Munisipaliteit verskuldig, aan die verbruiker terugbetaal.

**Betaling van gelde**

**18.** (1) Die verbruiker is aanspreeklik vir alle gelde aangedui in die voorgeskrewe tariewe vir die elektrisiteitsdiens soos deur die Munisipaliteit goedgekeur. 'n Afskrif van die voorgeskrewe tariewe is gratis by die Munisipaliteit verkrygbaar.

(2) Alle rekeninge word geag betaalbaar te wees wanneer dit deur die Munisipaliteit uitgereik word, en die betaaldatum moet op die voorkant van elke rekening verskyn asook 'n waarskuwing wat aandui dat die toevoer van elektrisiteit afgesluit kan word indien die gelde ten opsigte van sodanige toevoer nie betaal is teen die betaaldatum nie.

(3) 'n Fout of weglating in 'n rekening of versuim om 'n rekening te lewer, onthef nie die verbruiker van sy of haar verpligting om die regte bedrag verskuldig vir die elektrisiteit wat aan die perseel voorsien is te betaal nie, en die onus rus op die verbruiker om hom

of haar daarvan te vergewis dat die rekening wat gelewer is, ooreenkomstig die voorgeskrewe tariewe van gelde is ten opsigte van elektrisiteit aan die perseel voorsien.

(4) Waar 'n behoorlik gemagtigde beampte van die Munisipaliteit die perseel besoek met die doel om die toevoer van elektrisiteit af te sluit ingevolge subartikel (2) en hy of sy word op enige wyse verhinder of verhoed om die afsluiting te bewerkstellig, is die voorgeskrewe gelde betaalbaar vir elke daaropvolgende besoek wat nodig is om sodanige afsluiting te bewerkstellig.

(5) Nadat die elektrisiteit afgesluit is weens die wanbetaling van 'n rekening, is die voorgeskrewe gelde en alle bedrae verskuldig vir elektrisiteit wat verbruik is, betaalbaar voordat die toevoer van elektrisiteit weer aangesluit word.

**Rente op agterstallige rekeninge**

**19.** Die Munisipaliteit kan rente hef op rekeninge wat nie betaal is teen die betaaldatum soos dit op die rekening verskyn nie, teen 'n rentekoers wat van tyd tot tyd deur die Munisipaliteit goedgekeur word.

**Beginsels vir die herverkoop van elektrisiteit**

**20.** (1) Tensy anders skriftelik deur die Munisipaliteit gemagtig, mag niemand elektrisiteit wat volgens 'n ooreenkoms met die Munisipaliteit aan sy of haar perseel voorsien word, aan enige ander persoon verkoop of voorsien vir verbruik op ander persele nie, of toelaat of duld dat sodanige herverkoop of voorsiening plaasvind nie. As elektrisiteit herverkoop word vir verbruik op dieselfde perseel, word die elektrisiteit deur 'n submeter gemeet van 'n soort wat deur Standaarde Suid-Afrika voorsien, geïnstalleerde en geprogrammeer word ooreenkomstig die Munisipaliteit se standaarde.

(2) Die tariewe, gelde en bedrae waarteen en die verkoopvoorwaardes ingevolge waarvan die elektrisiteit aldus herverkoop word, mag nie minder gunstig vir die koper wees as dit wat betaalbaar en van toepassing sou wees indien die Munisipaliteit elektrisiteit direk aan die koper sou voorsien nie. Elke herverkoper verskaf aan die koper maandelikse state wat ten minste net soveel besonderhede bevat as die tersaaklike besonderhede oor rekeninginligting wat die Munisipaliteit aan sy elektrisiteit verbruikers verskaf.

**Reg om die toevoer van elektrisiteit af te sluit**

**21.** (1) Die Munisipaliteit kan die toevoer van elektrisiteit na enige perseel afsluit indien die persoon wat aanspreeklik is vir die betaling van sodanige toevoer, in gebreke bly om die bedrag wat aan die Munisipaliteit verskuldig is in verband met toevoer wat hy of sy

te eniger tyd van die Munisipaliteit ontvang het ten opsigte van enige perseel, of waar enige van die bepalings van hierdie Verordening of die Regulasies oortree word: met dien verstande dat die Munisipaliteit die persoon 14 dae kennis moet gee om sy of haar fout reg te stel en die persoon versuim om sodanige fout reg te stel nadat kennis gegee is, of in die geval van ernstige gevaar vir mens of eiendom, of ingevolge artikel 26, sonder kennisgewing. Nadat die toevoer van elektrisiteit weens wanbetaling van 'n rekening of die onbehoorlike en onveilige verbruik van elektrisiteit afgesluit is, moet die voorgeskrewe gelde aan die Munisipaliteit betaal word.

(2) Indien 'n installasie op die verbruiker se perseel ongemagtig heraangesluit word nadat dit regmatig deur die Munisipaliteit afgesluit is, of indien daar met die Munisipaliteit se elektriese toerusting gepeuter word om te verhoed dat die meter die volle verbruik registreer, kan die toevoer van elektrisiteit fisiek van daardie perseel verwyder word.

**Nie aanspreeklikheid van die Munisipaliteit**

**22.** Die Munisipaliteit is nie aanspreeklik vír enige regstreekse of daaruit voortspruitende verlies of skade wat deur die verbruiker gely of opgedoen word as gevolg van of voorspruitende uit die beëindiging en onderbreking van of enige ander abnormaliteit aan die toevoer van elektrisiteit nie, tensy dit deur skuld aan die kant van die Munisipaliteit veroorsaak is.

**Onderbreking van toevoer**

**24.** Die Munisipaliteit is nie verplig om aandag te skenk aan 'n onderbreking in die toevoer van elektrisiteit as dit as gevolg van 'n fout in die verbruiker se elektriese installasie is nie, behalwe wanneer sodanige onderbreking te wyte is aan die werking van die Munisipaliteit se diensbeveiligingstoestel. Indien enige onderbreking van die toevoer van elektrisiteit die gevolg is van 'n fout in die verbruiker se elektriese installasie of van die gebrekkige werking van die apparaat wat in verband daarmee gebruik word, kan die Munisipaliteit die gelde van die verbruiker verhaal soos voorgeskryf deur die Munisipaliteit vir elke herstel van toevoer van elektrisiteit bykomende tot die koste van die regmaak of herstel van enige skade wat aan die dienshoofleiding en – meter aangerig is deur sodanige fout of foutiewe werking.

**Seëls van die Munisipaliteit**

**25.** Die meter, diensbeveiligingstoestelle en alle apparaat wat aan die Munisipaliteit behoort, word deur 'n behoorlik gemagtigde beampte van die Munisipaliteit verseël of gesluit en niemand wat nie 'n beampte van die Munisipaliteit is wat behoorlik daartoe gemagtig is nie, mag op enige wyse of om enige rede hoegenaamd sodanige seëls of slotte verwyder, breek, skend, daaraan peuter of hom of haar daarmee bemoei nie.

**Peuter met diensaansluiting of hoofleiding**

**26.** (1) Niemand mag op enige wyse of om enige rede hoegenaamd met enige meter, meettoerusting of dienshoofleiding og diensbeveiligingstoestel of hoofleiding van die Munisipaliteit peuter of daarmee inmeng nie.

(2) Waar *prima facie*-bewys bestaan dat 'n verbruiker of iemand anders subartikel (1) oortree het, kan die Munisipaliteit die toevoer van elektrisiteit onmiddellik en sonder vooraf kennisgewing aan die verbruiker afsluit en sodanige verbruiker of persoon is aanspreeklik vir alle gelde en koste wat deur die Munisipaliteit vir sodanige afsluiting gehef word.

(3) Waar 'n verbruiker of iemand anders subartikel (1) oortree en sodanige oortreding lei daartoe dat die meter minder verbruik as die regte verbruik registreer, het die Munisipaliteit die reg om die volle koste van sy of haar geraamde verbruik van die verbruiker te verhaal.

**Beveiliging van die Munisipaliteit se hoofleiding**

**27.** (1) Niemand mag, behalwe met die Munisipaliteit se goedkeuring en onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat opgelê mag word –

(a) Enige konstruksie bou, oprig of lê of die oprigting of lê van enige gebou, struktuur of ander voorwerp toelaat, of bome en ander plantegroei oor of in sodanige posisie of op sodanige manier plant dat dit sal inmeng met die hoofleiding of dit bedreig nie.

(b) Enige deel van die hoofleiding uitgrawe, oopmaak of die grond bo, langsaan, onder of naby dit verwyder nie;

(c) Enige deel van die hoofleiding beskadig, bedreig, verwyder of vernietig nie, of iets doen wat na alle waarskynlikheid die hoofleiding sal beskadig, bedreig of enige deel daarvan vernietig nie;

(d) 'n Ongemagtigde aansluiting aan enige deel van die hoofleiding maak of elektrisiteit daarvandaan omlei of veroorsaak dat dit omlei word nie.

(2) Die eienaar of okkupeerder moet die hoogte van die bome of die lengte van die takke wat uitsteek naby bogrondse lyne beperk of voorsiening maak vir beveiliging wat na die mening van die Munisipaliteit voldoende daarin sal slaag om te verhoed dat die boom met die geleiers inmeng sou die boom of tak val of afgekap word. Indien die eienaar versuim om hierdie bepaling na te kom, het die Munisipaliteit die reg, na vooraf

skriftelike kennisgewing, of te eniger tyd in 'n noodgeval, om die bome of ander plantegroei af te kap of te snoei op die wyse in hierdie bepaling beoog.

(3) Die Munisipaliteit kan, onderworpe aan die verkryging van 'n hofbevel, enige gebou, struktuur of enige ander voorwerp wat strydig met hierdie Verordening gebou, opgerig of gelê is, afbreek, verander of op enige ander wyse daarmee handel.

(4) Die Munisipaliteit kan, in 'n noodgeval of ramp, enigiets verwyder wat enige deel van die elektrisiteitsverspreiding stelsel beskadig, belemmer of bedreig of wat dit waarskynlik kan beskadig, belemmer, bedreig of vernietig.

**Voorkoming van peuter met die diensaansluiting og hoofleiding**

**28.** Indien die Munisipaliteit dit nodig of wenslik ag om spesiale voorsorgmaatreëls te tref om te verhoed dat daar met enige deel van die hoofleiding, dienshoofleiding of diensbeveiligingstoestel of meter of meettoerusting gepeuter word, moet die verbruiker of die nodige beveiliging verskaf en installeer, of die koste betaal waar sodanige beveiliging deur die Munisipaliteit verleen word.

**Ongemagtigde aansluitings**

**29.** Niemand, behalwe iemand spesifiek skriftelik deur die Munisipaliteit daar toe gemagtig, mag regstreeks of onregstreeks enige elektriese installasie of deel daarvan by die hoofleiding of diensaansluiting aansluit, probeer aansluit of sodanige aansluiting veroorsaak of toelaat nie.

**Ongemagtigde heraansluitings**

**30.** (1) Niemand, behalwe iemand spesifiek skriftelik deur die Munisipaliteit daartoe gemagtig, mag enige elektriese installasie wat deur die Munisipaliteit afgesluit is, weer by die hoofleiding of diensaansluiting heraansluit, probeer heraansluit of sodanige heraansluiting veroorsaak of toelaat nie.

(2) Waar dit blyk dat die toevoer van elektrisiteit wat voorheen deur die Munisipaliteit afgesluit is, weer aangesluit is, is die verbruiker wat die toevoer van elektrisiteit verbruik, aanspreeklik vir alle koste van die elektrisiteitsverbruik van die datum van afsluiting tot die datum waarop daar gevind is dat die toevoer heraangesluit is, en ook vir enige ander koste wat in dié verband aangegaan is. Voorts kan die Munisipaliteit enige deel van of al die toevoertoerusting verwyder tot tyd en wyl volle betaling ontvang is. Hierbenewens is die verbruiker ook verantwoordelik vir die koste wat met die herinstallering van sodanige toevoertoerusting gepaard gaan.

**Tydelike afsluiting en heraansluiting**

31. (1) Die Munisipaliteit moet op versoek van die verbruiker die toevoer van elektrisiteit na die verbruiker se elektriese installasie tydelik afsluit en dit weer heraansluit teen betaling van die gelde soos voorgeskryf deur die Munisipaliteit vir elke afsluiting en daaropvolgende aansluiting.

(2) Indien die Munisipaliteit genoodsaak word om die toevoer van elektrisiteit na 'n verbruiker se elektriese installasie tydelik af te sluit en weer aan te sluit en die verbruiker is geensins verantwoordelik vir die ontstaan van hierdie noodsaak nie, is die verbruiker nie verantwoordelik vir betaling van enige gelde nie.

(3) Die Munisipaliteit kan slegs onder buitengewone omstandighede die toevoer van elektrisiteit na enige perseel onder kennisgewing tydelik afgesluit ten einde herstelwerk te doen, of toetse uit te voer, of vir enige ander regmatige doel. In alle ander gevalle moet genoegsame kennis gegee word.

**Tydelike voorsiening van elektrisiteit**

32. Dit is 'n voorwaarde vir enige tydelike voorsiening van elektrisiteit ingevolge hierdie Verordening dat, indien daar gevind word dat sodanige voorsiening inbreuk maak op die doeltreffende en ekonomiese toevoer van elektrisiteit na ander verbruikers, die Munisipaliteit die reg het om, met kennisgewing, of onder buitengewone omstandighede sonder kennisgewing, sodanige tydelike voorsiening te eniger tyd te beëindig en die Munisipaliteit is nie aanspreeklik vir enige skade of verlies wat die verbruiker as gevolg van sodanige beëindiging mag ly nie.

**Tydelike werk**

33. 'n Elektriese installasie wat 'n tydelike toevoer van elektrisiteit nodig het, mag nie sonder die skriftelike toestemming van die Munisipaliteit regstreeks of onregstreeks by die hoofleiding aangesluit word nie. Volledige inligting oor die redes vir en die aard van sodanige tydelike werk moet die aansoek om die bogemelde toestemming vergesel, en die Munisipaliteit kan sodanige toestemming weier of verleen behoudens die bedinge en voorwaardes wat wenslik en noodsaaklik blyk.

**Lasvermindering**

34. (1) Gedurende tye van spitslas, of in 'n noodgeval, of wanneer dit na die mening van die Munisipaliteit om enige rede nodig is om die las op die Munisipaliteit se elektrisiteits voorsieningstelsel te verminder, kan die Munisipaliteit die voorsiening sonder kennisgewing onderbreek vir sodanige tydperk as wat die Munisipaliteit nodig ag, en

die toevoer van elektrisiteit na enige verbruiker se warmwatersilinder wat deur elektrisiteit verwarm word of na enige spesifieke toestel of die hele installasie beëindig.

(2) Die Munisipaliteit kan sodanige apparaat en toerusting op die perseel van die verbruiker installeer as wat nodig geag word om gevolg te gee aan die bepaling van subartikel (1), en enige behoorlik gemagtigde beampte van die Munisipaliteit kan op enige redelike tyd enige perseel betree met die doel om sodanige apparaat en toerusting te installeer, te inspekteer, te toets, te verstel of te verander.

(3) Ondanks die bepalings van subartikel (2), moet die verbruiker of eienaar, na gelang van die geval, wanneer hy of sy 'n watersilinder installeer wat deur elektrisiteit verwarm word, die nodige akkommodasie en bedrading ooreenkomstig die Munisipaliteit se keuse verskaf ten einde die installasie van die apparaat en toerusting bedoel in subartikel (2) later moontlik te maak.

**Medium- en laespanningskakeltuig en –toerusting**

**35.** (1) In die geval van medium- of laespanningelektrisiteitsvoorsiening moet die verbruiker betaal vir die verskaffing en installasie van die skakeltuig, kabels en toerusting wat deel van die diensaansluiting uitmaak, tensy dit anders deur die Munisipaliteit of 'n behoorlik gemagtigde beampte van die Munisipaliteit goedgekeur word.

(2) In die gevalle van mediumspanningelektrisiteitsvoorsiening, word al sodanige toerusting deur die Munisipaliteit of 'n behoorlik gemagtigde beampte van die Munisipaliteit goedgekeur, en deur of onder die toesig van 'n behoorlik gemagtigde beampte van die Munisipaliteit geïnstalleer.

(3) Niemand bedryf mediumspanningskakeltuig sonder die skriftelike magtiging van die Munisipaliteit nie.

(4) Die aarding en toetsing van mediumspanningskakeltuig wat aan die Munisipaliteit se netwerk gekoppel is, word deur of onder die toesig van 'n gemagtigde beampte van die Munisipaliteit gedoen.

(5) In die geval van laespanningvoorsiening van elektrisiteit moet die verbruiker 'n laespanninghoofskakelaar of enige ander toerusting soos vereis deur die Munisipaliteit of 'n behoorlik gemagtigde beampte van die Munisipaliteit verskaf installeer.

**Substasie-akkommodasie**

**36.** (1) Die Munisipaliteit kan, behoudens die voorwaardes wat hy goedvind, van die eienaar vereis om akkommodasie te verskaf en in stand te hou vir 'n substasie met 'n afsonderlike kamer of kamers uitsluitlik vir die doel om mediumspanningkabels en –

skakeltuig, transformators, laespanningkabels en –skakeltuig en ander toerusting noodsaaklik vir die voorsiening van elektrisiteit deur die aansoeker aangevra, te akkommodeer. Die akkommodasie moet geleë wees by 'n punt met vrye, voldoende en onbeperkte toegang te alle tye vir die doeleindes wat met die bedryf en instandhouding van die toerusting verband hou.

(2) Die Munisipaliteit kan egter sy eie netwerke uit sy eie toerusting wat in sodanige akkommodasie geïnstalleer is voorsien, en as die Munisipaliteit bykomende akkommodasie verlang, moet sodanige akkommodasie deur die aansoeker op die koste van die Munisipaliteit verskaf word.

**Bedradingsdiagram en spesifikasie**

37. (1) Wanneer meer as een elektriese installasie of toevoer van elektrisiteit van 'n gemeenskaplike hoofleiding verkry word, of meer as een verdeelbord of meter nodig is vir 'n gebou of blok geboue, moet die bedradingdiagram van die stroomkringe wat by die hoofskakelaar begin en 'n spesifikasie aan die Munisipaliteit verskaf word vir goedkeuring voordat daar met die werk begin word.

(2) Waar 'n elektriese installasie sy toevoer elektrisiteit vanaf 'n substasie op dieselfde perseel moet kry as waarop die stroom van hoë spanning getransformeer word, of van een van die Munisipaliteit se substasies deur 'n hoofleiding afsonderlik van die algemene verspreidingstelsel, moet, indien dit vereis word, 'n volledige spesifikasie en tekeninge van die aanleg wat deur die verbruiker geïnstalleer gaan word, aan die Munisipaliteit vir goedkeuring gestuur word voordat enige tersaaklike benodighede bestel word.

**Gereedheidstoevoer**

38. Niemand is geregtig op gereedheidstoevoer van elektrisiteit van die Munisipaliteit vir enige perseel met 'n afsonderlike bron van toevoer van elektrisiteit nie, behalwe met die skriftelike toestemming van die Munisipaliteit en behoudens die voorwaardes wat die Munisipaliteit mag stel.

**Verbruiker se toerusting vir noodgereedheidstoevoer**

39. (1) Geen toerusting deur 'n verbruiker vir noodgereedheidstoevoer ingevolge die Regulasies of vir sy of haar eie bedryfsvereistes verskaf, mag by enige installasie aangesluit word sonder die skriftelike goedkeuring van die Munisipaliteit nie. 'n Aansoek om sodanige goedkeuring moet skriftelik gerig word en moet 'n volledig spesifikasie van die toerusting en 'n bedradingsdiagram bevat. Die

gereedheidstoerusting moet so ontwerp en geïnstalleer word dat dit onmoontlik vir die Munisipaliteit se hoofleiding is om uit die terugvoer van sodanige toerusting energie te ontvang. Die verbruiker is verantwoordelik vir die voorsiening en instellasie van al sodanig beveiligingstoerusting..

(2) Waar daar ooreenkomstig 'n spesiale ooreenkoms met die Munisipaliteit toegelaat word dat die verbruiker se toerusting vir gereedheidsontwikkeling elektries gekoppel word aan en parallel loop met die Munisipaliteit se hoofleiding, is die verbruiker verantwoordelik om die vereiste sinchroniese en beveiligingstoerusting vir veilige parallelle werking te verskaf en te installeer tot die Munisipaliteit se bevrediging.

**Omsendbriewe**

**40.** Die Munisipaliteit kan van tyd tot tyd omsendbriewe uitstuur waarin besonderhede verskaf word oor die Munisipaliteit se vereistes met betrekking tot sake wat nie spesifiek in die Regulasies of in hierdie Verordening bepaal word nie, maar wat nodig is vir die veilige en doeltreffende bedryf en bestuur van elektrisiteitsvoorsiening.

## HOOFSTUK 3

## VERBRUIKERS SE VERANTWOORDELIKHEDE

**Verbruiker moet elektriese installasie oprig en in stand hou**

**41.** 'n Elektriese installasie wat by die hoofleiding aangesluit is of aangesluit gaan word, en enige byvoegings daartoe of wysigings daaraan wat van tyd tot tyd gemaak word, word deur die verbruiker op eie koste verskaf, opgerig en in 'n goeie toestand in stand gehou ooreenkomstig die bepalings van hierdie Verordening en die Regulasies.

**Fout in elektriese installasie**

**42.** (1) Indien daar enige fout in die elektriese installasie ontstaan wat 'n gevaar vir mense, diere of eiendom inhou, moet die verbruiker onmiddellik die elektrisiteitstoevoer afsluit. Die verbruiker moet onverwyld die Munisipaliteit daarvan in kennis stel en onmiddellik stappe doen om die fout reg te stel.

(2) Die Munisipaliteit kan van die verbruiker verwag om hom te vergoed vir enige uitgawes wat hy mag aangaan ten opsigte van 'n fout in die elektriese installasie.

**Beëindiging van verbruik uit die elektrisiteitstoevoer**

**43.** Wanneer 'n verbruiker die verbruik uit die toevoer van elektrisiteit wil beëindig, moet hy of sy ten minste twee volle werksdae skriftelike kennis aan die Munisipaliteit gee van sodanige beoogde beëindiging, by gebreke waarvan hy of sy aanspreeklik bly vir alle betalings

verskuldig ooreenkomstig die tarief vir die voorsiening van elektrisiteit totdat die twee volle werksdae nadat sodanige kennis gegee is verstryk het.

**Verandering van okkupeerder**

**44.** (1) 'n Verbruiker wat 'n perseel ontruim, gee die Munisipaliteit nie minder as twee volle werksdae skriftelike kennis van sy of haar voorneme om die verbruik van die toevoer van elektrisiteit te beëindig nie, by gebreke waarvan hy of sy aanspreeklik bly vir sodanige toevoer.

(2) Indien die persoon wat die okkupasie van die perseel oorneem wil voortgaan om die toevoer van elektrisiteit te verbruik, moet hy of sy ingevolge die bepalings van artikel 5 daarom aansoek doen en indien hy of sy versuim om binne tien werksdae nadat hy of sy die nuwe okkupeerder van die perseel geword het, aansoek te doen om 'n toevoer van elektrisiteit, word die toevoer van elektrisiteit afgesluit, en is hy of sy teenoor die Munisipaliteit aanspreeklik vir die toevoer van elektrisiteit vanaf die datum van okkupasie tot en met sodanige tyd as wat die toevoer so afgesluit is.

(3) Waar daar kragbegroters op 'n perseel geïnstalleer is, word iemand wat op daardie tydstip die perseel okkupeer, geag 'n verbruiker te wees. Tot tyd en wyl dié persoon aansoek doen om 'n toevoer van elektrisiteit ingevolge artikel 5 is hy of sy aanspreeklik vir alle bedrae en gelde aan die Munisipaliteit verskuldig vir daardie meetpunt asook vir enige uitstaande bedrae en gelde of dit deur die persoon opgeloop is of nie.

**Diensapparaat**

**45.** (1) Die verbruiker is aanspreeklik vir al die Munisipaliteit se koste voortspruitend uit skade aan of verlies van enige meettoerusting, diensbeveiligingtoestel, diensaansluiting of ander apparaat op die perseel, tensy daar aangetoon kan word dat sodanige skade of verlies veroorsaak is deur oormag of 'n handeling of versuim deur 'n werknemer van die Munisipaliteit of deur 'n abnormaliteit in die toevoer van elektrisiteit na die perseel.

(2) Indien die hoofleiding, die dienshoofleiding, meettoerusting of enige ander diensapparaat wat aan die Munisipaliteit behoort en tevore gebruik is gedurende 'n tydperk dat die installasie van die hoofleiding afgesluit was, sonder die Munisipaliteit se toestemming verwyder is, of in so 'n mate beskadig is dat heraansluiting gevaarlik is, moet die eienaar of okkupeerder van die perseel, na gelang van die geval, gedurende sodanige tydperk die koste dra van die herstel of vervanging van sodanige toerusting.

(3) Waar daar 'n gemeenskaplik meetposisie is, berus die aanspreeklikheid ingevolge subartikel (1) by die eienaar van die perseel.

# HOOFSTUK 4

## SPESIFIEKE VOORSIENINGSVOORWAARDES

**Diensaansluiting**

**46.** (1) Die verbruiker dra die koste van die diensaansluiting soos deur die Munisipaliteit bepaal

(2) Nieteenstaande die feit dat die verbruiker die koste dra van die diensaansluiting wat deur die Munisipaliteit aangelê of opgerig is, berus die eienaarskap van die diensaansluiting by die Munisipaliteit wat verantwoordelik is vir die instandhouding van sodanige diensaansluiting tot by die voorsieningspunt. Die verbruiker is nie geregtig op enige vergoeding van die Munisipaliteit ten opsigte van sodanige diensaansluiting nie.

(3) Die werk wat deur die Munisipaliteit op die verbruiker se koste gedoen word ten opsigte van 'n diensaansluiting op die verbruiker se perseel, word deur die Munisipaliteit of 'n behoorlik gemagtigde beampte van die Munisipaliteit bepaal.

(4) 'n Diensaansluiting word ondergronds aangelê ongeag of die hoofleiding ondergronds aangelê of bogronds opgerig word, tensy 'n bogrondse vir die installasie van die diensaansluiting vereis word.

(5) Die verbruiker moet op sy of haar perseel sodanige leibane, bedradingskanale, vore, hegstukke en vry ruimte vir die bogrondse hoofleiding voorsien, vassit en in stand hou soos wat deur die Munisipaliteit vir die installasie van die diensaansluiting vereis word.

(6) Die geleier wat vir die diensaansluiting gebruik word, moet 'n deursnee oppervlakte ooreenkomstig die omvang van die elektriese toevoer hê, maar moet nie minder as 10 $mm^2$ (koper of koper-ekwivalent) wees nie, en al die geleiers moet dieselfde deursnee oppervlakte hê tensy andersins deur 'n behoorlik gemagtigde beampte van die Munisipaliteit goedgekeur.

(7) Tensy andersins goedgekeur, verskaf die Munisipaliteit slegs een diensaansluiting na elke geregistreerde erf. Met betrekking tot twee of meer erwe wat aan een eienaar behoort en op aangrensende erwe geleë is, kan 'n enkele grootmaat toevoer van elektrisiteit voorsien word indien die erwe gekonsolideer of notarieel verbind is.

(8) 'n Bedekking op 'n bedradingskanaal wat die toevoerstroomkringe van die voorsieningspunt na die meetoerusting dra, word gemaak sodat die seëls van die Munisipaliteit daarop sal pas.

(9) Binne in die meterkas moet die diensgeleier of –kabel, na gelang van die geval, in 'n opsigtelike posisie eindig, en die hele lengte van die geleiers moet sigbaar wees as die dekplate, indien daar is, verwyder word.

(10) In die geval van 'n gebouekompleks geokkupeer deur 'n aantal individuele verbruikers, moet afsonderlike bedradingskanale en geleiers of kabels van die gemeenskaplike meetkamers of –kamers na elke individuele verbruiker in die geboue kompleks geïnstalleer word. As hoofleibane egter gebruik word, moet die geleiers van individuele stroomkringe duidelik (elke 1,5) m saamgebind vir die hele lengte daarvan aangedui word.

**Meetakkommodasie**

47. (1) Die verbruiker moet, indien so vereis deur die Munisipaliteit of enige behoorlik gemagtigde beampte van die Munisipaliteit, akkommodasie op 'n goedgekeurde plek vir die meterbord, en voldoende geleiers vir die Munisipaliteit se meettoerusitng, diensapparaat en beveiligingstoestelle verskaf. Sodanige akkommodasie word tot bevrediging van die Munisipaliteit op die verbruiker of eienaar se koste, na gelang van omstandighede, verskaf en in stand gehou, en moet in die geval van kredietmeters op 'n plek geleë wees waartoe daar te alle redelike tye vrye en onbelemmerde toegang vir die lees van meters is, maar te alle tye vir doeleindes wat met die bedryf en instandhouding van die dienstoerusting verband hou. Toegang vir die inspeksie van kragbegroters word te alle redelike tye gebied.

(2) Waar submeettoerusting geïnstalleer is, word akkommodasie afsonderlik van die Munisipaliteit se meettoerusting verskaf.

(3) Die verbruiker of, in die geval van die plek van 'n gewone meter, die eienaar van die perseel, moet voldoende elektriese beligting voorsien in die ruimte waar die meettoerusting en diensapparaat geakkommodeer word.

(4) Wanneer, volgens die mening van die Munisipaliteit, die plek van die meter, diensaansluiting of beveiligingstoestelle of hoofverspreidingsbord nie maklik bereikbaar is nie, of 'n bron van gevaar vir lewe of eiendom is of op enige wyse ongeskik is, moet die verbruiker dit na 'n nuwe plek verskuif, en die koste van sodanige verskuiwing wat met redelike spoed uitgevoer moet word, word deur die verbruiker gedra.

(5) Die ruimte vir die Munisipaliteit se meettoerusting en beveiligingstoestelle kan, indien goedgekeur, die verbruiker se hoofskakelaar en hoofbeveiligingstoestelle insluit. Geen apparaat behalwe dit wat in verband met die toevoer en verbruik van elektrisiteit

gebruik word, mag in sodanige ruimte geïnstalleer of geberg word nie tensy dit goedgekeur is.

## HOOFSTUK 5

## TOEVOERSTELSELS

**Lasvereiste**

**48.** Wisselstroomtoevoer word ingevolge die Elektrisiteitswet, 1987 (Wet No. 41 van 1987), voorsien en as daar nie 'n ooreenkoms oor gehaltetoevoer aangegaan is nie, ooreenkomstig die toepaslike standaardspesifikasies.

**Lasbeperkings**

**49.** (1) Waar die geraamde las, bereken ingevolge die veiligheidstandaard, nie 15 kV.A oorskry nie, moet die elektriese installasie ingerig word vir 'n dubbeldraad-enkelfasige-toevoer van elektrisiteit, tensy dit andersins deur die Munisipaliteit of 'n behoorlike gemagtigde beampte van die Munisipaliteit goedgekeur is.

(2) Waar 'n driefasige-vierdraad-toevoer van elektrisiteit verskaf word, moet die las min of meer gebalanseer word oor die drie fases, maar die maksimum ongebalanseerde las moet nie 15 kV.A oorskry nie, tensy dit andersins deur die Munisipaliteit of 'n behoorlik gemagtigde beampte van die Munisipaliteit goedgekeur word.

(3) Geen toestel wat 'n stroom verbruik, inherent enkelfasig van aard is en 'n aanslag het wat 15 kV.A oorskry, mag by die elektriese installasie aangesluit word sonder dat die Munisipaliteit vooraf toestemming verleen het nie.

**Versteuring van andere se elektriese toerusting**

**50.** (1) Niemand mag elektriese toerusting bedryf wat laseienskappe het wat individueel of gesamentlik tot spanningvariasie, bofrekwensiestrome of spanning of ongebalanseerde fasestrome watbuite die toepaslike standaardspesifikasie val, aanleiding gee nie.

(2) Die evaluering van die steuring van ander persone se elektriese toerusting word deur middel van metings by die gemeenskaplike koppelpunt gedoen.

(3) Indien daar vasgestel word dat onbehoorlike steuring wel plaasvind, moet die verbruiker op sy of haar eie koste die nodige toerusting installeer om die steuring te filtreer en te verhoed en te verhoed dat dit die hoofleiding bereik.

**Toevoer na motore**

**51.** Tensy anders goedgekeur deur die Munisipaliteit of 'n behoorlik gemagtigde beampte van die Munisipaliteit, word die aangeslane vermoë van motore as volg beperk:

(1) **Beperkte grootte van laespanningmotore**

Die aangeslane vermoë van 'n laespanning-enkelfasige motor word tot 2kW beperk en die aansitstroom mag nie 70 A oorskry nie. Alle motore wat hierdie perke oorskry, word vir drie fases teen lae spanning of sodanige hoër spanning as wat vereis word, bewikkel.

(2) **Maksimum aansit- en versnelstrome van driefasige wisselstroommotore**

Die aansitstrome van driefasige-laespanningmotore wat toegelaat word, hou as volg met die kapasiteit van die verbruiker se diensaansluiting verband:

| Grootte van geïsoleerde dienskabel (koperekwivalent) | Maksimum toelaatbare aansitstroom | Maksimum motoraanslag in kW | | |
|---|---|---|---|---|
| | | Direk op die lyn (6 x volle lasstroom) | Ster/Delta (2,5 x volle lasstroom) | Ander middele (1,5 x volle lasstroom) |
| $mm^2$ | A | kW | kW | kW |
| 16 | 72 | 6 | 13,5 | 23 |
| 25 | 95 | 7,5 | 18 | 30 |
| 35 | 115 | 9 | 22 | 36,5 |
| 50 | 135 | 10 | 25 | 45 |
| 70 | 165 | 13 | 31 | 55 |
| 95 | 200 | 16 | 38 | 67 |
| 120 | 230 | 18 | 46 | 77 |
| 150 | 260 | 20 | 52 | 87 |

(3) **Verbruikers word teen mediumspanning voorsien**

In 'n installasie waaraan elektrisiteit teen mediumspanning voorsien word, word die aansitstroom van 'n laespanningmotor tot 1,5 keer die aangeslane vollasstroom van die transformator wat sodanige motor voorsien, beperk. Die aansitreëling vir mediumspanningmotore is aan die goedkeuring van die Munisipaliteit onderworpe.

**Arbeidsfaktor**

**52.** (1) Indien vereis deur die Munisipaliteit, word die arbeidsfaktor van enige las binne die perke van 0,85 naloop en 0,9 voorloop gehandhaaf.

(2) Waar dit ingevolge subartikel (1) nodig is om arbeidsfaktor-korrektiewe toestelle te installeer, word sodanige korrektiewe toestelle by die individuele verbruiksterminale aangesluit tensy die herstel van die arbeidsfaktor outomaties beheer word.

(3) Die verbruiker moet op sy of haar eie koste sodanige korrektiewe toestelle installeer.

**Beveiliging**

**53.** Elektriese beveiligingstoestelle vir motore so ontwerp word dat dit op 'n doeltreffende wyse waar toepaslik volgehoue oorstroom en eenfasewerking voorkom

## HOOFSTUK 6

## ELEKTRISITEITSMETING

**Meet van toevoer**

**54.** (1) Die Munisipaliteit verskaf, installeer en hou toepaslik aangeslane meettoerusting by die meetpunt in stand vir die meet van die elektrisiteit wat voorsien word op koste van die verbruiker by wyse van 'n direkte heffing of deur middel van voorgeskrewe gelde.

(2) Die elektrisiteit wat 'n verbruiker in enige meettydperk verbruik, word, behalwe in die geval van kragbegroters, bepaal deur die toepaslike meter of meters wat deur die Munisipaliteit verskaf en geïnstalleer is, aan die einde van sodanige tydperk te lees, behalwe waar daar 'n fout in die meettoerusting is of die Munisipaliteit hom op die bepalings van artikel 58(2) beroep, in welke geval die verbruik vir die tydperk geskat word.

(3) Waar verskillende tariewe gehef word vir die elektrisiteit wat deur 'n verbruiker verbruik word, word die verbruik afsonderlik vir elke tarief gemeet.

(4) Die Munisipaliteit kan die toevoer van elektrisiteit aan blokke winkel en woonstelle, skakelhuise en soortgelyke geboue vir die geboue as 'n geheel meet, of vir individuele eenhede, of vir groepe eenhede.

(5) Geen veranderings, herstelwerk of toevoegings of elektriese verbindings van enige aard mag aan die voorsieningskant van die meetpunt aangebring word nie, tensy mag aan die voorsieningskant van die meetpunt aangebring word nie, tensy dit spesifiek skriftelik deur die Munisipaliteit of enige behoorlik gemagtigde beampte van die Munisipaliteit goedgekeur word nie.

**Akkurate meting**

**55.** (1) Dit word vermoed dat 'n meter akkuraat registreer indien daar by die toetsing daarvan ingevolge subartikel (5) bevind word dat die fout binne die foutgrens is ooreenkomstig die toepaslike standaardspesifikasies.

(2) Die Munisipaliteit kan van tyd tot tyd sy meettoerusting toets. Indien daar by wyse van 'n toets of andersins vasgestel word dat sodanige meetoterusting foutief is, moet die Munisipaliteit ingevolge die bepalings van subartikel (6) –

(a) In die geval van 'n kredietmeter, die rekening wat gelewer is aanpas;

(b) In die geval van kragbegroters --

(i) 'n rekening lewer as die meter te min geregistreer het; of

(ii) 'n gratis bewys uitreik indien die meter te veel geregistreer het.

(3) Die verbruiker kan teen betaling van die voorgeskrewe gelde die meettoerusting deur die Munisipaliteit laat toets. Indien daar bevind word dat die meettoerusting nie voldoen aan die vereistes vir stelselakkuraatheid ooreenkomstig die toepaslike standaardspesifikasies nie, word 'n aanpassing ingevolge die bepalings van subartikel (2) en (6) gemaak en die bogemelde gelde word terugbetaal.

(4) In die geval van 'n geskil het die verbruiker die reg om op eie koste die meettoterusting waaroor die geskil gaan, deur 'n onafhanklike toetsowerheid te laat toets, en die resultaat van sodanige toets is bindend op albei partye.

(5) Meters word getoets op die wyse soos deur die toepaslike standaardspesifikasie bepaal.

(6) Wanneer die elektrisiteitsverbruik soos geregistreer op 'n meter ingevolge subartikel (2) of (3) aangepas word, word sodanige aanpassing óf gegrond op die meter se persentasiefout bepaal deur die toets ingevolge subartikel (5), óf op 'n berekening deur die Munisipaliteit gegrond op verbruiksdata in sy besit. Waar van toepassing word daar, waar moontlik, behoorlik rekening gehou met seisoenale of ander veranderinge wat die verbruik van elektrisiteit kan beïnvloed.

(7) Enige aanpassing ingevolge subartikel (6) word gemaak ten opsigte van 'n tydperk wat nie ses maande voor die datum waarop bevind is dat die meettoerusting onakkuraat is, mag oorskry nie. Die toepassing van hierdie artikel verhinder nie die verbruiker om oorbetaling deur middel van die normale regsproses terug te eis nie waar 'n langer tydperk bewys kan word.

(8) Waar 'n verbruiker se werklik las in so 'n mate van die aanvanklik geraamde las ingevolge subartikel 8(1) verskil dat die Munisipaliteit dit nodig ag om sy meettoerusting te verander of te vervang ten einde by die las aan te pas, dra die verbruiker die koste van sodanige verandering of vervanging.

(9) (a) Voordat die raad enige opwaartse aanpassing aan enige rekening ingevolge subartikel (6) maak, moet die Munisipaliteit –

(i) Die verbruiker skriftelik in kennis stel van die geldelike waarde van die aanpassing wat gemaak gaan word en die redes daarvoor;

(ii) In sodanige kennisgewing voldoende besonderhede verskaf sodat die verbruiker vertoë op grond daarvan kan rig; en

(iii) Die verbruiker in sodanige kennisgewing versoek om redes, indien enige, skriftelik binne 21 dae of sodanige langer tydperk as wat die Munisipaliteit mag toelaat, te verskaf waarom sy of haar rekening nie aangepas moet word ooreenkomstig die kennisgewing nie.

(b) Indien die verbruiker versuim om gedurende die tydperk beoog in paragraaf (a)(iii) enige vertoë te rig, het die Munisipaliteit die reg om die rekening aan te pas volgens die kennisgewing ingevolge paragraaf (a)(i).

(c) Die Munisipaliteit oorweeg enige redes verskaf deur die verbruiker ingevolge paragraaf (a) en pas die rekening op 'n gepaste wyse aan indien die Munisipaliteit tevrede is dat daar grondige redes daarvoor verskaf is.

(d) Indien 'n behoorlik gemagtigde beampte van die Munisipaliteit na oorweging van die vertoë gerig deur die verbruiker besluit dat sodanige vertoë nie 'n saak uitmaak om 'n wysiging aan die monetêre waarde ingevolge paragraaf (a)(i) aan te bring nie, het die Munisipaliteit die reg om die rekening ooreenkomstig 'n kennisgewing ingevolge paragraaf (a)(i) aan te pas.

**Lees van kredietmeters**

**56.** (1) Tensy anders voorgeskryf, word kredietmeters gewoonlik met tussenposes van een maand gelees, en die vaste of minimum koste verskuldig ingevolge die tarief word dienooreenkomstig ingevolge die tarief word dienooreenkomstig bepaal. Die Munisipaliteit is nie verplig om enige aanpassings aan sodanige koste te maak nie.

(2) Indien die kredietmeter om die een of ander rede nie gelees kan word nie, kan die Munisipaliteit 'n geraamde rekening lewer. Die elektriese energie wat verbruik is,

word in 'n daaropvolgende rekening aangepas ooreenkomstig die elektriese energie wat werklik verbruik is.

(3) Wanneer 'n verbruiker 'n eiendom ontruim en 'n finale lesing van die meter is onmoontlik, kan 'n geraamde verbruik bepaal word en die finale rekening dienooreenkomstig gelewer word.

(4) Indien 'n verbruiker 'n finale meterlesing verlang, kan dit teen betaling van die voorgeskrewe gelde gedoen word.

(5) Indien 'n berekeningsfout, fout met die lees van die meter of meetfout ontdek word ten opsigte van 'n rekening wat aan 'n verbruiker gelewer is, word die fout in daaropvolgende rekeninge reggestel. Sodanige regstelling is slegs van toepassing op rekeninge vir 'n tydperk van 6 maande voor die datum waarop die fout in die rekeninge ontdek is, en is gegrond op die werklike tariewe van toepassing gedurende die tydperk. Die toepassing van hierdie artikel verhoed nie 'n verbruiker om oorbetaling terug te eis vir 'n langer tydperk nie indien die verbruiker die eis in die normale regsproses kan bewys.

**Kragbegroter**

**57.** (1) Geen terugbetaling van die bedrag wat vir die aankoop van elektrisiteitkrediet aangebied is, geskied by die verkooppunt nadat die proses waardeur die kragbegroterbewys uitgereik word, reeds begin het nie.

(2) Afskrifte van die bewyse wat vroeër vir die oorplasing van krediet na die kragbegroter uitgereik is, kan op versoek van die verbruiker beskikbaar gestel word.

(3) Wanneer 'n verbruiker enige perseel ontruim waar 'n kragbegroter geïnstalleer is, betaal die Munisipaliteit geen krediet wat in die meter oorbly, aan die verbruiker terug nie.

(4) Die Munisipaliteit is nie aanspreeklik vir die herstel van krediet wat in 'n kragbegroter verlore gegaan het omdat daar met die kragbegroter of bewyse gepeuter is nie, of omdat dit verkeerd gebruik of misbruik is nie.

(5) Waar die verbruiker geld aan die Munisipaliteit verskuldig is vir elektrisiteit verbruik of vir enige diens wat deur die Munisipaliteit verskaf word (onder meer diensgeld) of vir enige gelde wat voorheen teen hom of haar gehef is betreffende enige diens verskaf, kan die Munisipaliteit 'n persentasie van die bedrag wat aangebied word, aftrek totdat die verskuldigde bedrag verhaal is soos uiteengesit in die artikel 5-ooreenkoms vir die voorsiening van elektrisiteit.

(6) Die Munisipaliteit kan na goeddunke verkopers vir die verkoop van bewyse vir kragbegroters aanstel en sodanige aanstellings na redelike kennisgewing beëindig.

# HOOFSTUK 7

# ELEKTRIESE KONTRAKTEURS

**Bykomende vereistes**

**58.** Benewens die vereistes van die Regulasies is die volgende vereistes van toepassing

(1) Waar daar om nuwe of verhoogde toevoer van elektrisiteit by die Munisipaliteit aansoek gedoen word, kan 'n behoorlik gemagtigde beampte van die Munisipaliteit na sy of haar goeddunke kennisgewing aanvaar van die voltooiing van enige deel van die elektriese installasie waarvan die kringontwerp toelaat dat die elektriese installasie in duidelik afgebakende afsonderlike gedeeltes verdeel word, en sodanige gedeelte van die elektriese installasie kan na goeddunke van die behoorlik gemagtigde beampte van die Munisipaliteit geïnspekteer, getoets en by die hoofleiding aangesluit word asof dit 'n volledige installasie is.

(2) Die ondersoek, toets en inspeksie wat na goeddunke van die Munisipaliteit of 'n behoorlik gemagtigde beampte van die Munisipaliteit uitgevoer mag word, onthef geensins die elektriese kontrakteur of geakkrediteerde persoon of die verbruiker of huurder, na gelang van die geval, van sy of haar verantwoordelikheid vir enige gebrek in die installasie nie. Sodanige ondersoek, toets en inspeksie word onder geen omstandighede (selfs waar die elektriese installasie aan die hoofleiding verbind is) beskou as 'n aanduiding of waarborg dat die elektriese installasiewerk doeltreffend met die geskikste benodighede vir die doel uitgevoer is of dat dit ooreenkomstig hierdie Verordening of die veiligheidstandaard is nie, en die Munisipaliteit word nie aanspreeklik gehou vir enige gebrek of fout in sodanige elektriese installasie nie.

**Munisipaliteit nie aanspreeklik nie**

**59.** Die Munisipaliteit is nie aanspreeklik vir die werk wat deur 'n elektriese kontrakteur of geakkrediteerde persoon op die perseel van 'n verbruiker verrig word nie of vir enige verlies of skade te wyte aan 'n brand of ongeluk voortspruitend uit die toestand van die bedrading op die perseel nie.

205

# HOOFSTUK 8

# KOSTE VAN WERK

**Koste van werk**

**60.** Die Munisipaliteit kan skade voortspruitend uit 'n handeling strydig met hierdie Verordening of voortspruitend uit 'n oortreding van hierdie Verordening, herstel of vergoed. Die koste van sodanige werk verrig deur die Munisipaliteit en genoodsaak deur 'n oortreding van hierdie Verordening, kan deur die Munisipaliteit van die persoon wat strydig met hierdie Verordening opgetree het verhaal word.

# HOOFSTUK 9

# STRAFBEPALING

**Strafbepaling**

**61.** (1) Iemand wat enige van die bepalings van artikels 5, 7, 13, 14, 20, 25, 26, 27, 29 en 30 oortree, is skuldig aan 'n misdryf.

(2) Iemand wat voortgaan om 'n misdryf te pleeg nadat hy of sy in kennis gestel is om sodanige misdryf te staak of nadat hy of sy skuldig bevind is aan sodanige misdryf, is skuldig aan 'n voortdurende misdryf.

(3) Iemand wat skuldig bevind word aan 'n oortreding ingevolge hierdie Verordening waarvoor geen straf uitdruklik bepaal word nie, is strafbaar met 'n boete of tronkstraf vir 'n tydperk van nie langer as ses maande nie of met sodanige stronkstraf sonder die keuse van 'n boete of beide 'n boete en sodanige tronkstraf en, in die geval van 'n voortgesette misdryf, met 'n bykomende boete of bykomende tronkstraf vir 'n tydperk van nie meer as tien dae nie of met sodanige tronkstraf sonder die keuse van 'n boete of met beide 'n bykomende boete en stronkstraf vir elke dag waarop sodanige misdryf verder gepleeg word.

(4) Elkeen wat die bepalings van hierdie Verordening oortree, is aanspreeklik daarvoor om die Munisipaliteit te vergoed vir enige verlies of skade deur die Munisipaliteit gely as gevolg van sodanige oortreding.

# HOOFSTUK 10

206

# HERROEPING VAN WETTE

**Herroeping van wette en voorbehoude**

**62.** (1) Die wette soos aangedui in die eerste kolom van Bylae 1 word hierby herroep tot die mate soos in die tweede kolom van Bylae 1 aangedui.

(2) Enige toestemming verkry, reg toegestaan, voorwaarde opgelê, aktiwiteit veroorloof of ding gedoen kragtens 'n herroepe wet word, na gelang van die geval, geag kragtens die ooreenstemmende bepaling van hierdie Verordening (as daar is), toegestaan, opgelê, veroorloof of gedoen te gewees het.

**Kort titel**

**63.** Hierdie Verordening heet die Elektrisiteits Verordening, 20 ...

207

# BYLAE 1

## WETTE HERROEP

| TITEL VAN WET | MATE VAN HERROEPING |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

208

# BYLAE 2

**"Toepaslike standaardspesifikasie"** beteken

| | |
|---|---|
| SANS 1019 | Standaardspanning, – stroomkringe en isolasievlakke vir die toevoer van elektrisiteit; |
| SABS 1607 | Elektromeganiese watt-uurmeter; |
| SABS 1524 | Dele 0,1 & 2 – Kragbegroterstelsels; |
| SABS IEC 60211 | Maksimumaanvraagaanwysers, Klas 1.0; |
| SABS IEC 60521 | Wisselstroom-elektromeganiese-wat-uurmeter (Klasse 0, 5, 1, & 2); |
| SANS 10142-1 | Gebruikskode vir die bedrading van persele; |
| NRS 047 | Nasionale gerasionaliseerde spesifikasie vir elektrisiteitsvoorsiening – gehalte van diens; |
| NRS 048 | Nasionale gerasionaliseerde spesifikasie vir elektrisiteitsvoorsiening – gehalte van diens; |
| NRS 057 | Meet van elektrisiteit: minimum vereistes. |

2009
BRANDWEERVERORDENING

# VERORDENING

**Om voorsiening te maak vir 'n brandweerdiens in die Nama Khoi Munisipaliteit; en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

---

**DAAR WORD BEPAAL** deur die Nama Khoi Munisipaliteit, soos volg:-

## INLEIDING VAN ARTIKEL

1. Woordomskrywing
2. Samestelling van diens
3. Plig om bystand te verleen
4. Prosedure by uitbreek van 'n brand
5. Belemmering of skade
6. Dra van uniform of skade
7. Brandbare materiaal
8. Veiligheid van persele en geboue
9. Uitgange
10. Gasgevulde toestelle
11. Maak van vure
12. Brande in skoorstene, pype en rookkanale
13. Teenwoordigheid van brandweerman
14. Verwydering van vloeistof of ander stowwe
15. Betaling vir bywoning en dienste
16. Vrystelling van betaling van tariewe
17. Vals inligting
18. Telefone, brandalarms en ander toestelle
19. Strafbepaling
20. Herroeping van wette en voorbehoude
21. Kort titel

**Woordomskrywing**

**8.** In hierdie Verordening, tensy uit die samehang anders blyk, beteken –

**"brandweerhoof"** die persoon ingevolge artikel 5(1) van die Wet op Brandweerdienste, 1987 (Wet No. 99 van 1987), deur die Munisipaliteit aangestel as hoof van diens;

**"diens"** die brandweerdiens van die Munisipaliteit ingestel ingevolge artikel 3 van die Wet op Brandweerdienste, 1987 (Wet No. 99 van 1987), wat bedoel is om aangewend te word vir –

(a) Die voorkoming van die uitbreek of verspreiding van 'n brand;

(b) Die bestryding of blus van 'n brand;

(c) Die beskerming van lewe of eiendom teen brand of ander dreigende gevaar;

(d) Die red van lewe of eiendom van 'n brand of ander gevaar;

(e) Behoudens die bepalings van enige ander wet, die lewering van 'n ambulansdiens as 'n integrerende deel van die brandweerdiens; of

(f) Die verrigting van enige ander funksie wat in verband staan met enige van die aangeleenthede in paragrawe (a) tot (c) bedoel;

**"eienaar"** 'n eienaar soos omskryf in artikel 18(4) van die Wet op Brandweerdienste, 1987 (Wet No. 99 van 1987);

**"goedgekeur"** deur die brandweerhoof goedgekeur;

**"Munisipale Bestuurder"** die persoon aangestel ingevolge artikel 82 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet No. 117 van 1998);

**"Munisipaliteit"** die Nama Khoi Munisipaliteit;

**"noodgeval"** 'n geval of gebeurlikheid wat ernstige gevaar vir lewe of eiendom inhou of kan inhou;

**"okkupeerder"** enige persoon wat enige perseel of gedeelte van so 'n perseel okkupeer ongeag die titel van okkupasie;

**"tariewe"** die tarief van gelde van tyd tot tyd deur die Munisipaliteit bepaal; en

**"Wet"** die Wet op Brandweerdienste, 1987 (Wet No. 99 van 1987).

**Samestelling van diens**

**2.** Die diens word saamgestel uit –

(a) Die voltydse lede van die diens deur die Munisipaliteit aangestel ooreenkomstig artikel 6 van die Wet; en

(b) Lede van die brandweer reserwemag, aangestel deur die Munisipaliteit ooreenkomstig artikel 6A van die Wet, as tydelike lede van die diens,

Om sodanige werksaamhede te verrig as wat die brandweerhoof van tyd tot tyd aan hulle mag opdra.

**Plig om bystand te verleen**

3. Enige lid van die diens of van 'n brandweer organisasie, hetsy dit deur die Munisipaliteit beheer word, aldan nie, moet, wanneer daartoe versoek word deur die brandweerhoof, alle bystand binne sy of haar vermoë verleen in verband met die bestryding of bekamping van 'n brand of enige noodgeval.

**Prosedure by die uitbreek van 'n brand**

4. (1) Waar die diens in kennis gestel word van, of daar rede is om te glo dat 'n brand uitgebreek het, of 'n ander toestand ontstaan het waar die dienste van die diens benodig word, gaan die brandweerhoof onverwyld tesame met sodanige personeel en toerusting as wat hy of sy nodig ag, na die plek waar die brand of toestand plaasvind of bestaan, of waar hy of sy rede het om te glo dat dit plaasvind of bestaan.

(2) Die brandweerhoof kan bevel oorneem van, of inmeng met, of 'n einde maak aan enige bestaande toestand of enige handeling wat verrig word ten opsigte van 'n brand, deur enige persoon wat nie in diens van die diens is nie, insluitende die eienaar van die perseel en sy of haar werknemer of agent, en niemand mag versuim om enige wettige bevel of opdrag na te kom wat deur die brandweerhoof gegee word in die uitvoering van hierdie subartikel nie.

**Belemmering of skade**

5. (1) Niemand mag met 'n lid van die diens inmeng of hom of haar hinder in die uitvoering van sy of haar pligte ingevolge hierdie Verordening nie.

(2) Niemand mag 'n voertuig oor enige brandslang bestuur of enige brandslang of ander toestel of toerusting van die diens beskadig, daarmee peuter of hom of haar daarmee inmeng nie.

**Dra van uniform en kentekens**

6. (1) Die brandweerhoof en elke lid van die diens dra die uniform, rang- en kentekens deur die Munisipaliteit voorgeskryf.

(2) Niemand behalwe 'n lid van die diens, mag 'n uniform van die diens dra nie, of enige uniform bedoel om die indruk te skep dat hy of sy so 'n lid is dra nie, of op enige ander wyse homself of haarself voordoen as 'n lid van die diens nie.

**Brandbare materiaal**

7. (1) Waar die brandweerhoof van mening is dat enige persoon –

(a) Enige hout, kratte, voer, strooi, of ander brandbare materiaal, hetsy binne of buite enige gebou, berg of veroorsaak of toelaat dat dit geberg word in hoeveelhede of in 'n posisie of op 'n wyse wat 'n gevaar van brand aan enige gebou skep;

(b) In okkupasie of beheer van enige perseel toelaat dat gras, onkruid, bome of ander plantegroei op 'n perseel groei, of enige rommel daarop laat ophoop op 'n wyse of in hoeveelhede wat 'n brandgevaar vir enige gebou of enige perseel skep,

kan die brandweerhoof, by skriftelike kennisgewing, so 'n persoon gelas om die gevelde brandbare materiaal te verwyder, en die koste daaraan verbonde word deur die persoon aan wie die kennisgewing gerig was, aan die Munisipaliteit betaal.

**Veiligheid van persele en geboue**

8. (1) Die brandweerhoof kan, wanneer hy of sy dit nodig ag, en te enige tyd wat volgens sy of haar mening redelik is in die omstandighede –

(a) enige grond, perseel of gebou binnegaan en –

(i) Sodanige grond, perseel of gebou inspekteer om vas te stel of enige toestand bestaan wat 'n brand of noodgeval kan veroorsaak of die gevaar kan verhoog van, of bydra tot, die verspreiding van brand of skepping van 'n noodgeval, of die ontsnapping van persone na veiligheid in gevaar kan stel of verhinder;

(ii) Enige brandalarm, sprinkelblusstelsel of enige ander brandbestrydings- of brandopsporingstoestel inspekteer

(iii) Enige vervaardigingsproses wat die gevaar van brand of ontploffing inhou, inspekteer;

(iv) Die wyse van berging van enige vlambare gas, chemikalieë, olie, plofstowwe, vuurwerke of enige ander gevaarlike stowwe, inspekteer; en

(v) Enige aanleg wat gebruik maak van enige van die stowwe na verwys in subparagraaf (iv), inspekteer;

(b) sodanige opdragte gee as wat hy of sy nodig ag vir die vermindering van 'n brand-risiko of vir die beskerming van lewe en eiendom.

(3) Waar die brandweerhoof in enige gebou of op enige perseel –

(a) Enige versperring op of in enige brandtrap, trap, gang, deur of venster vind; of

(b) 'n Nooduitgang vind wat na sy of haar mening, in geval van 'n brand, onvoldoende sal wees vir die ontsnapping na veiligheid van die getal persone wat waarskynlik te enige tyd in so 'n gebou of op so 'n perseel sal wees; of

(c) Enige ander voorwerp of toestand van 'n strukturele aard of andersins vind wat, na sy of haar mening, die brand risiko of die gevaar vir lewe of eiendom kan vergroot; of

(d) Vind dat 'n brandalarm of ander stelsel van kommunikasie benodig word,

stel hy of sy die eienaar of okkupeerder van so 'n gebou of perseel skriftelik in kennis van sy of haar bevindings en vereis van hom of haar om binne 'n tydperk in die kennisgewing vermeld, sodanige stappe as wat in die kennisgewing vermeld word, te doen om die wantoestand reg te stel, op die koste van so 'n eienaar of bewoner.

(4) Waar die eienaar of okkupeerder versuim of weier om binne 'n redelike tydperk te voldoen aan 'n opdrag gegee ingevolge subartikel (2), of om binne die tydperk vermeld in 'n kennisgewing ingevolge subartikel (3), gevolg te gee aan die vereistes daarin vermeld, kan die Munisipaliteit sodanige stappe doen as wat, na die mening van die brandweerhoof, nodig is om die risiko of gevaar te verwyder en die Munisipaliteit kan enige uitgawe aangegaan, verhaal van sodanige eienaar of okkupeerder.

**Uitgange**

**9.** Elke deur wat 'n ontsnappingsroete na veiligheid vanuit 'n openbare gebou bied, word ongesluit gehou en word duidelik aangedui met goedgekeurde uitgang tekens: met dien verstande dat so 'n deur gesluit kan wees deur middel van 'n goedgekeurde toestel op so 'n wyse geïnstalleer dat so 'n deur te alle tye van die binnekant van so 'n gebou oopgemaak kan word.

**Gasgevulde toestelle**

**10.** (1) Niemand mag enige ballon, speelgoed of ander toestel met vlambare gas vul sonder die skriftelike toestemming van die brandweerhoof, wat sodanige voorwaardes kan oplê as wat hy of sy mag vereis, met inagneming van al die omstandighede van die geval.

(2) Niemand mag enige ballon, speelgoed of ander toestel wat met vlambare gas gevul is, aanhou, berg, gebruik of vertoon of toelaat dat dit aangehou, gebruik, geberg of vertoon word op of in enige grond gebou of perseel waartoe die publiek toegang het of wat as 'n klub of enige plek van samekoms gebruik word nie.

(3) Niks in hierdie artikel vervat, word so uitgelê dat dit die gebruik van ballonne wat met waterstof gevul is vir weerkundige of ander *bona fide* wetenskaplike of opvoedkundige of ander doeleindes, verbied nie.

**Maak van vure**

**11.** (1) Niemand mag 'n vuur maak of toelaat of veroorsaak dat 'n vuur gemaak word, in 'n plek of op 'n wyse wat 'n gevaar skep vir enige gebou, perseel of eiendom nie.

(2) Behoudens die bepalings van enige ander wet, mag niemand sonder die skriftelike toestemming van die brandweerhoof enige vuilgoed, hout, strooi of ander materiaal in die buitelug verbrand of veroorsaak, of toelaat dat dit gedoen word nie, behalwe vir doeleindes van voedselbereiding.

(3) 'n Toestemming ingevolge subartikel (2) verleen, is onderhewig aan die voorwaardes wat die brandweerhoof oplê.

**Brande in skoorstene, pype en rookkanale**

**12.** Geen eienaar of okkupeerder van 'n gebou mag toelaat dat roet of enige ander brandbare stof in enige skoorsteenpyp of rookkanaal van so 'n gebou versamel in hoeveelhede of op so 'n wyse dat dit 'n gevaar van brand inhou nie.

**Teenwoordigheid van brandweerman**

**13.** (1) Waar daar by 'n byeenkoms, gehou by 'n plek van vermaaklikheid of ontspanning, uitgesonderd 'n filmvertoning in 'n bioskoop of 'n opvoering in 'n teater, waarskynlik 'n honderd of meer persone teenwoordig sal wees, moet die persoon wat sodanige byeenkoms belê, 'n skriftelike kennisgewing, minstens 48 uur voor sodanige byeenkoms, aan die brandweerhoof aflewer waarin die tyd en die perseel waarop sodanige byeenkoms gaan plaasvind, gemeld word.

(2) Waar, na die mening van die brandweerhoof, die teenwoordigheid van 'n brandweerman op grond van veiligheid noodsaaklik is, kan hy of sy een of meer brandweermanne voorsien om teenwoordig te wees op enige perseel vir die volle duur of gedeelte van die byeenkoms.

(3) Die persoon in beheer van sodanige byeenkoms, betaal aan die Munisipaliteit die tariewe uiteengesit in die toepaslike tarief.

**Verwydering van vloeistof of ander stowwe**

**14.** Die brandweerhoof kan, op versoek van die eienaar of okkupeerder van enige perseel, enige vloeistof of ander stof uitpomp of op 'n ander wyse vanaf so 'n perseel verwyder, teen betaling van die gelde uiteengesit in die tarief.

**Betaling vir bywoning en dienste**

**15.** (1) Behoudens die bepalings van artikel 16, moet die eienaar of okkupeerder van grond of 'n perseel, of beide sodanige eienaar en okkupeerder gesamentlik en afsonderlik, of die eienaar van 'n voertuig, na gelang van die geval, waarvoor of in verband waarmee die bywoning van die diens versoek is of enige dienste gelewer is, aan die Munisipaliteit vir sodanige bywoning of diens, insluitende die gebruik en voorsiening van water, chemikalieë, uitrusting en ander middele, die tariewe betaal wat die brandweerhoof as verskuldig vasstel in ooreenstemming met die gelde uiteengesit in die tarief.

(2) Nieteenstaande die bepalings van subartikel (1), kan die brandweerhoof die hele of 'n gedeelte van die tariewe soos beoog in artikel (1) aanslaan: met dien verstande dat sodanige gedeelte nie meer as negentig persent laer mag wees nie as die totaal van tariewe wat ingevolge subartikel (1) van sodanige tariewe of gedeelte daarvan, behoorlike aandag benewens ander toepaslike faktore, geskenk moet word aan –

(a) die feit dat die bedrag so aangeslaan eweredig met die gelewerde diens moet wees;

(b) die wyse en plek van oorsprong van die brand: en

(c) die verlies vir die persoon aanspreeklik om die tariewe te betaal wat deur die brand veroorsaak kon gewees het indien die dienste nie gelewer was nie.

**Vrystelling van betaling van tariewe**

**16.** Nieteenstaande die bepaling van artikel 15 is geen tariewe betaalbaar nie –

(a) Waar 'n vals alarm te goeder trou gemaak is;

(b) Waar die diens benodig is as gevolg van burgerlike opstand, oproer of natuurlike ramp;

(c) Waar die diens gelewer is in belang van openbare veiligheid;

(d) Waar die brandweerhoof van mening is dat die diens wat gelewer is van 'n suiwer menslike aard was of gelewer is uitsluitlik om 'n lewe te red;

(e) Deur die eienaar van 'n voertuig, indien hy of sy tot die bevrediging van die brandweerhoof, bewys lewer dat sodanige voertuig gesteel is en dat dit nog nie deur hom of haar teruggevind is ten tye van die lewering van die diens ten opsigte daar nie;

(f) Deur enige persoon, insluitende die Staat, waarmee die Munisipaliteit ingevolge artikel 12 van die Wet 'n ooreenkoms aangegaan het, waarby die dienste van die diens beskikbaar gestel word aan so 'n persoon teen betaling soos bepaal in sodanige ooreenkoms.

**Vals inligting**

**17.** Niemand mag opsetlik aan enige lid van die diens, enige kennis gee of enige inligting verskaf in verband met die uitbreek van 'n brand of van enige ander noodgeval wat die teenwoordigheid van die diens benodig, wat volgens sy of haar kennis, vals of onjuis is nie en sodanige persoon is, nieteenstaande die bepalings van artikel 16, aanspreeklik vir betaling van die uitroepgeld voorgeskryf in die tariewe.

**Telefone, brandalarms en ander toestelle**

**18.** (1) Die Munisipaliteit kan enige telefoon, brandalarm of ander toestel vir die geleiding van oproepe met betrekking tot brand, asook enige kennisgewing wat die naaste brandkraan of ander brandbestryding toerusting aanwys, aan enige gebou, muur, heining of ander struktuur aanheg of daarvan verwyder.

(2) Niemand mag enigiets wat aangeheg is ingevolge subartikel (1) beweeg, verwyder, skend, beskadig of daarmee peuter nie.

**Strafbepaling**

**19.** Enige persoon wat 'n bepaling van hierdie Verordening oortree of versuim om daaraan te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete, of by wanbetaling, met gevangenisstraf vir hoogstens 6 maande of tot beide 'n boete en sodanige gevangenisstraf.

**Herroeping van wette en voorbehoude**

**23.** (1) Die volgende wette word hierby herroep:

.........

.........

(2) Enige toestemming verkry, reg toegestaan, voorwaarde opgelê, aktiwiteit veroorloof of ding gedoen kragtens 'n herroepe wet word, na gelang van die geval, geag kragtens die ooreenstemmende bepaling van hierdie Verordening (as daar is), toegestaan, opgelê, veroorloof of gedoen te gewees het.

**Kort titel**

**24.** Hierdie Verordening heet die Brandweerverordening, 20 ...

218

VERORDENING OP DIE VERWYDERING

VAN AFVALSTOWWE,

# VERORDENING

**Om voorsiening te maak vir 'n diens vir die verwydering van afvalstowwe in die Nama Khoi Munisipaliteit; en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

---

**DAAR WORD BEPAAL** deur die Nama Khoi Munisipaliteit, soos volg:-

## INLEIDING VAN ARTIKEL

## HOOFSTUK 1

## VULLISVERWYDERINGSDIENS

1. Woordomskrywing

2. Vullisverwydering

3. Kennisgewing aan die Munisipaliteit

4. Verskaffing van vullisblikke of houereenhede

5. Plasing van vullisblikke, houereenhede, ens.

6. Gebruik en versorging van houers en plastiese voerings

## HOOFSTUK 2

## AFVALVERDIGTING

7. Afvalverdigting

## HOOFSTUK 3

## TUINAFVAL, LYWIGE TUINAFVAL EN ANDER LYWIGE AFVAL

8. Verwydering van tuinafval, lywige tuinafval en ander lywige afval

9. Die Munisipaliteit se buitengewone diens

10. Aanspreeklikheid vir bouersafval

11. Houers

12. Wegdoening van bouersafval

## HOOFSTUK 4

## SPESIALE BEDRYFSAFVAL

13. Kennisgewing van die ontstaan van spesiale bedryfsafval
14. Opberging van spesiale bedryfsafval
15. Verwydering van spesiale bedryfsafval

## HOOFSTUK 5

## STORTINGSTERREINE

16. Gedrag by stortingsterreine
17. Eiendomsreg op afval

## HOOFSTUK 6

## ROMMELSTROOIERY, STORTING EN VERWANTE AANGELEENTHEDE

18. Rommelstrooiery en storting
19. Goed wat laat vaar is

## HOOFSTUK 7

## ALGEMENE BEPALINGS

20. Toegang tot 'n perseel
21. Ophoping van afval

## HOOFSTUK 8

## GELDE, STRAFBEPALINGS EN HERROEPING VAN WETTE

22. Gelde
23. Strafbepaling
24. Herroeping van wette en voorbehoude
25. Kort titel

# HOOFSTUK 1

## VULLISVERWYDERINGSDIENS

**Woordomskrywing**

**1.** In hierdie Verordening, tensy uit die samehang anders blyk, beteken –

**"besigheidsafval"** afval, uitgesonderd bouersafval, lywige afval, huisafval of bedryfsafval wat voorgebring word deur die gebruik van 'n perseel wat nie 'n private woonhuis is wat uitsluitlike vir woondoeleindes gebruik word nie;

**"bouersafval"** afval wat weens slopings, uitgrawings- of boubedrywighede op 'n perseel voortgebring word;

**"eienaar"** –

(a) die persoon in wie die wettige eiendomstitel van die perseel van tyd tot tyd gevestig is;

(b) in enige geval waar die persoon in wie die wettige eiendomstitel gevestig is, insolvent of oorlede is, of in enige toestand van regsonbevoegdheid is, die persoon in wie die administrasie en beheer van die perseel gevestig is as kurator, trustee, eksekuteur, administrateur, geregtelike bestuurder, bestuurder, likwidateur of ander regsverteenwoordiger;

(c) in enige geval waar die Munisipaliteit nie die identiteit van so 'n persoon kan vasstel nie, 'n persoon wat geregtig is op die voordeel van so 'n perseel of 'n gebou daarop;

(d) in die geval van 'n perseel waarop 'n huurkontrak van 30 jaar of langer aangegaan is, die huurder daarvan;

(e) met betrekking tot –

(i) 'n stuk grond wat op 'n deeltitelplan aangedui is ingevolge die Wet op Deeltitels, 1986 (Wet No. 95 van 1986), sonder om bogenoemde te beperk, die ontwikkelaar of die bestuursliggaam met betrekking tot die gemeenskaplike eiendom;

(ii) 'n deel soos omskryf in daardie Wet, die persoon in wie se naam sodanige deel geregistreer is in 'n deeltitelakte en ook die wettig aangestelde agent van so 'n persoon;

(f) enige regspersoon met inbegrip van, maar nie beperk nie tot –

(i) 'n maatskappy geregistreer ingevolge die Wet op Maatskappye, 1973 (Wet No. 61 van 1973), 'n trust *inter vivos*, 'n trust *mortis causa*, 'n beslote korporasie

geregistreer ingevolge die Wet op Beslote Korporasies, 1984 (Wet No. 69 van 1984), 'n vrywillige assosiasie;

(ii) 'n Staatsdepartement;

(iii) 'n raad of direksie ingestel ooreenkomstig wetgewing van toepassing in die Republiek van Suid-Afrika; en

(iv) 'n ambassade of ander buitelandse entiteit;

**"huisafval"** afval wat normaalweg afkomstig is van 'n gebou wat vir woondoeleindes gebruik word, insluitende woonstelle, hospitale, skole, hostelle, kampongs, liefdadigheidsorganisasies, kerke en sale geleë op privaatgrond en wat met gemak sonder beskadiging van die plastiese voering, daarin verwyder kan word;

**"lywige afval"** afval, uitgesonderd bedryfsafval, afkomstig vanaf enige perseel, maar wat vanweë die massa, vorm, grootte of hoeveelheid daarvan nie maklik in 'n vullissak met plastiese voering opgegaar of verwyder kan word nie;

**"lywige tuinafval"** afval soos boomstompe, boomtakke, laningstompe en –takke en enige tuinafval in hoeveelhede van meer as 2 kubieke meter;

**"Munisipaliteit"** die Nama Khoi Munisipaliteit;

**"okkupeerder"** iemand wat 'n perseel of gedeelte daarvan okkupeer, ongeag in watter hoedanigheid hy of sy okkupeer;

**"openbare plek"** enige pad straat, plein, park, ontspanningsgronde, sportgronde, sanitêre steeg of oop ruimte wat –

(a) met betrekking tot enige onderverdeling of uitleg van grond in erwe, persele of hoewes voorsien is, gereserveer is of opsy gesit is vir die gebruik van die publiek of vir gebruik deur die eienaars of okkupeerders van sodanige erwe, persele of hoewes, hetsy aangetoon op 'n algemene plan, 'n plan van onderverdeling of diagram, al dan nie;

(b) op enige tydstip aan die publiek toegewys is;

(c) ononderbroke vir 'n tydperk van 30 jaar na verstryking van 31 Desember 1959 deur die publiek gebruik is; of

(d) op enige tydstip as sodanig deur die Munisipaliteit of enige bevoegde gesag verklaar of toegewys is;

**"plastiese voering"** 'n plastiese sak deur die Munisipaliteit voorgeskryf wat binne-in 'n houer met 'n opgaarinhoud van hoogstens 0,1 kubieke meter geplaas kan word. Die sakke moet

donkerkleurig wees met 'n grootte van 950mm x 750mm, lae digtheid materiaal, minimum dikte van 40 dikrometer of 20 dikrometer hoë digtheid;

**"spesiale bedryfsafval"** afval wat bestaan uit vloeistof of slyk wat voortgebring word as gevolg van 'n vervaardigingsproses of die voorafbeplanning vir wegdoen doeleindes van bedryfsvloei-afval wat ingevolge die Munisipaliteit Verordeninge nie in 'n perseel riool of in 'n straatriool losgelaat mag word nie;

**"tarief"** die tarief van gelde soos van tyd tot tyd deur die Munisipaliteit vasgestel;

**"tuinafval"** afval wat voortgebring word deur normale tuinbedrywighede soos gesnyde gras, blare, plante en blomme; en

**"vullisblik"** 'n standaard vullisblik met inhoudsmaat 0,1 kubieke meter of 85 liter soos deur die Munisipaliteit en wat deur die Munisipaliteit voorsien kan word. Die blik kan van gegalvaniseerde yster, rubber of politeen vervaardig wees.

**Vullisverwydering**

**2.** (1) Die Munisipaliteit lewer 'n diens vir die versameling en verwydering van besigheids- en huisafval van persele ooreenkomstig die tarief deur die Munisipaliteit bepaal.

(2) Die okkupeerder van 'n perseel waarop besigheids- of huisafval voortgebring word, moet van die Munisipaliteit se diens vir die versameling en verwydering van sodanige vullis gebruik maak, behalwe waar spesiale vrystelling deur die Munisipaliteit verleen word.

(3) Die eienaar van 'n perseel waarop besigheids- of huisafval voortgebring word, is aanspreeklik teenoor die Munisipaliteit vir betaling van alle gelde wat ten opsigte van die versameling en verwydering van afval van sodanige perseel betaalbaar is.

**Kennisgewing aan die Munisipaliteit**

**3.** Die okkupeerder, of waar die perseel deur meer as een mens geokkupeer word, die eienaar van die perseel waarop besigheids- of huisafval voortgebring word, stel binne 7 dae vanaf die dag waarop die afval begin ontstaan, die Munisipaliteit in kennis dat –

(a) die perseel geokkupeer word; en

(b) of daar besigheids- of huisafval op die perseel voortgebring word.

**Verskaffing van vullisblikke en houereenhede**

**4.** (1) Die Munisipaliteit bepaal die soort en aantal houers wat op 'n perseel benodig word.

(2) Indien die Munisipaliteit 'n houer verskaf, word sodanige houer gratis, of teen die heersende pryse, of 'n huurtarief, na gelang die Munisipaliteit mag bepaal, verskaf.

(3) Indien die Munisipaliteit dit vereis, is die eienaar van 'n perseel verantwoordelik vir die verskaffing van 'n voorafbepaalde soort en aantal houers.

(4) Die Munisipaliteit kan houereenhede aan 'n perseel verskaf as hy, met inagneming van die hoeveelheid besigheidsafval wat op die betrokke perseel voortgebring word, die opbergbaarheid van die afval in vullisblikke en die toeganklikheid vir die Munisipaliteit se afvalverwyderings voertuie na die plek deur die eienaar van die perseel ingevolge artikel 5 voorsien, van mening is dat die houereenhede geskikter as vullisblikke is om die afval in te berg: met dien verstande dat houereenhede nie op 'n perseel verskaf word nie, tensy die plek deur die eienaar ingevolge artikel 5 voorsien, vir die Munisipaliteit se afvalverwyderings voertuie vir houereenhede toeganklik is.

**Plasing van vullisblikke, houereenhede, ens.**

5. (1) Die eienaar van 'n perseel moet op die perseel voorsiening maak vir genoeg plek vir die vullisblikke wat die Munisipaliteit ingevolge artikel 4 verskaf of vir die uitrusting en houers wat in artikel 7(1) genoem word.

(2) Die plek waarvoor daar ingevolge subartikel (1) voorsiening gemaak word moet –

(a) so geleë wees op die perseel dat die vullisblikke wat daarop geberg word nie van 'n straat of ander openbare plek af sigbaar is nie;

(b) waar huisafval op 'n perseel voortgebring word –

(i) so geleë wees dat die Munisipaliteit se werknemers die afval onbelemmerd kan versamel en verwyder;

(ii) nie verder as 20m van die ingang van die perseel wat die Munisipaliteit se werknemers gebruik, geleë wees nie;

(c) as die Munisipaliteit dit vereis, so geleë wees dat daar 'n gerieflike in- en uitgang vir die Munisipaliteit se afvalverwyderings voertuie by so 'n plek is;

(d) groot genoeg wees sodat 'n houer wat vir die sorteer en opberg van afval by artikel 6(1)(a)(i) en 7(9) beoog word, daar gehou kan word, benewens die afval wat nie in 'n houer opgeberg word nie: met dien verstande dat hierdie vereiste nie geld vir geboue wat opgerig is, of geboue waarvan die bouplanne goedgekeur is voordat hierdie Verordening van krag geword het nie.

(3) Die okkupeerder van die perseel, of as daar meer as een okkupeerder is, die eienaar van so 'n perseel, moet die vullisblikke wat ingevolge artikel 4 verskaf is, op die plek wat ingevolge subartikel (1) verskaf moet word, plaas en hulle te alle tye daar hou.

(4) Ondanks enige andersluidende bepaling van subartikel (3), kan die Munisipaliteit –

(a) waar geboue opgerig is, of waarvan die bouplanne goedgekeur is voordat hierdie Verordening van krag geword het; en

(b) as die Munisipaliteit na sy mening nie besigheidsafval van die plek af waarvoor daar ingevolge subartikel (1) voorsiening gemaak is, kan versamel en verwyder nie,

'n plek op of buitekant die perseel aanwys waar die vullisblikke geplaas moet word waar hulle nie 'n oorlas sal skep nie en waarvandaan dit gerieflik sal wees om die afval te versamel en te verwyder, en die vullisblikke moet op daardie plekke geplaas word op die tye en vir die tydperke soos deur die Munisipaliteit bepaal.

**Gebruik en versorging van houers en plastiese voerings**

**6.** (1) Die okkupeerder van 'n perseel, of as daar meer as een okkupeerder is, die eienaar van so 'n perseel, moet sorg dat –

(a) alle huis- of besigheidsafval wat op die perseel voortgebring word, in die plastiese voerings geplaas en gehou word, sodat die Munisipaliteit dit kan verwyder: met dien verstande dat die bepalings van hierdie subartikel nie verhoed dat 'n okkupeerder of eienaar, na gelang van die geval –

(i) wat vooraf van die Munisipaliteit skriftelike toestemming verkry het, draf, riffelkarton, papier, glas of ander materiaal wat 'n bestandeel van besigheidsafval is, verkoop of dit andersins mee wegdoen sodat dit deur 'n vervaardigingsproses herwin kan word of, in die geval van draf, vir verbruikers doeleindes gebruik kan word nie; of

(ii) van huisafval wat vir kompos doeleindes geskik is, gebruik maak nie;

(b) geen warm as, glasskerwe of ander besigheids- of huisafval wat die plastiese voering kan beskadig of die Munisipaliteit se werknemers kan beseer terwyl hulle hul pligte ingevolge hierdie Verordening uitvoer, in die voerings geplaas word tensy hy of sy die nodige stappe geneem het om sodanige skade of beserings te voorkom nie;

(c) geen materiaal, insluitende vloeistof, wat weens die massa of ander eienskappe daarvan, dit waarskynlik vir die Munisipaliteit se werknemers onredelik moeilik sal maak om die plastiese voerings te hanteer of te dra, in sodanige voerings geplaas word nie;

(d) elke houer op die perseel toe is, behalwe wanneer afval daarin geplaas of daaruit verwyder word, en dat elke houer skoon en higiënies gehou word;

(e) niemand enige afval op 'n ander plek stort as in die vullishouer wat vir daardie doel voorsien is nie.

(2) Geen houer mag vir 'n ander doel as om besigheids- of huis- of tuinafval in te hou, gebruik word nie en geen vuur mag daarin gemaak word nie.

(3) Waar 'n houer ingevolge artikel 4(4) op 'n perseel verskaf is, moet die okkupeerder van sodanige perseel, 24 uur voordat die houer waarskynlik heeltemal vol sal wees, die Munisipaliteit daarvan verwittig.

(4) Die eienaar van 'n perseel waar vullisblikke of houereenhede ingevolge artikel 4 of 11 verskaf is, is teenoor die Munisipaliteit aanspreeklik vir die verlies daarvan asook enige skade daaraan, behalwe vir verlies of skade wat deur die Munisipaliteit se werknemers veroorsaak is.

(5) Plastiese voerings met huis- of tuinafval, of albei, word behoorlik toegebind en moet slegs op die dag van verwydering, soos deur die Munisipaliteit bepaal, teen die omheining aan die buitekant van die perseel naby die perseelingang of toegangspad, nie later nie as 07:00, geplaas word.

(6) Niemand maak 'n plastiese voering wat buite 'n perseel geplaas is ooreenkomstig subartikel (5) oop, peuter daarmee of verwyder enigiets daaruit nie.

## HOOFSTUK 2

## AFVALVERDIGTING

**Afvalverdigting**

7. (1) Indien die hoeveelheid huis- of besigheidsafval wat op 'n perseel voortgebring word sodanig is dat die grootste gedeelte van sodanige afval na die mening van die Munisipaliteit verdigbaar is, of indien die eienaar of okkupeerder van die perseel verlang om sodanige afval te verdig, moet sodanige eienaar of okkupeerder, na gelang van die geval, die digtheid van daardie gedeelte van sodanige afval verhoog deur middel van goedgekeurde toerusting wat ontwerp is om afval te kerf, of te verdig, en

moet die afval wat so behandel is in 'n goedgekeurde plastiese, papier- of ander vernietigbare houer, of in 'n verdigtings eenheidhouer plaas en is die bepalings van artikel 4 nie op sodanige verdigte afval van toepassing nie.

(2) Die inhoudsvermoë van die plastiese, papier- of ander vernietigbare houer waarna in subartikel (1) verwys word, moet nie 0,1 kubieke meter oorskry nie.

(3) Nadat die afval soos in subartikel (1) beoog, behandel en in 'n plastiese, papier- of ander vernietigbare houer geplaas is, moet sodanige houer in 'n houer of houereenheid geplaas word.

(4) Die bepalings van subartikel (1) is, vir sovêr dit die verdigting van huis- of besigheidsafval verpligtend maak, nie van toepassing nie, voordat 'n tydperk van 6 maande verloop het vanaf die datum van betekening van 'n kennisgewing tot dien effekte deur die Munisipaliteit.

(5) "Goedgekeur" beteken, vir die toepassing van subartikel (1), goedgekeur deur die Munisipaliteit met inagneming van die doelmatigheid van die toerusting of houer vir die doel waarvoor dit gebruik gaan word, asook die redelike vereistes van die besondere geval vanuit 'n openbare gesondheids- bergings-, vullisversamelings-en verwyderings oogpunt.

(6) Die eienaar of okkupeerder, na gelang van die geval, moet die houers in subartikel (1) vermeld, verskaf.

(7) Indien die houer waarna in subartikel (1) verwys word van staal vervaardig is, moet sodanige houer, nadat dit deur die Munisipaliteit afgehaal en leeggemaak is, na die perseel teruggebring word.

(8) Die Munisipaliteit verwyder en maak die houer waarna in subartikel (1) verwys word leeg met sodanige tussenpose as wat die Munisipaliteit onder die omstandighede nodig mag ag.

(9) Die bepalings van hierdie artikel verhoed nie enige eienaar of okkupeerder, na gelang van die geval, om nadat die Munisipaliteit se skriftelike toestemming vooraf verkry is, draf, riffelkarton, papier, glas of ander materiaal wat 'n bestandeel van besigheidsafval is, te verkoop of andersins mee weg te doen sodat dit deur 'n vervaardigingsproses herwin kan word. of, in die geval van draf, vir verbruikersdoeleindes gebruik kan word nie.

227

# HOOFSTUK 3

## TUINAFVAL, LYWIGE TUINAFVAL EN ANDER LYWIGE AFVAL

**Verwydering van tuinafval, lywige tuinafval en ander lywige afval**

**8.** (1) Die okkupeerder, of as daar meer as een okkupeerder is, die eienaar van 'n perseel waarop tuinafval, lywige tuinafval of ander lywige afval voortgebring word, moet toesien dat die afval ingevolge hierdie hoofstuk mee weggedoen word binne 'n redelike tydperk nadat dit ontstaan het.

(2) Enigiemand kan tuinafval, lywige tuinafval of ander lywige afval verwyder en daarmee wegdoen.

(3) Tuinafval, lywige tuinafval of ander lywige afval moet, nadat dit van die perseel waarop dit voortbring is, verwyder is, mee weggedoen word op 'n terrein wat deur die Munisipaliteit as stortingsterrein vir sodanige afval aangewys is.

**Die Munisipaliteit as buitengewone diens**

**9.** Die Munisipaliteit verwyder, mits hy dit met sy afvalverwydering uitrusting kan doen, op versoek van 'n eienaar of 'n okkupeerder van 'n perseel, lywige tuinafval of ander afval van die perseel af. Alle sodanige afval moet binne 'n afstand van 3m vanaf die grenslaaipunt geplaas word, maar nie op die sypaadjie nie.

**Aanspreeklikheid vir bouersafval**

**10.** (1) Die eienaar van die perseel waarop bouersafval voortgebring word en die persoon wat betrokke is by die bedrywigheid wat sodanige afval laat ontstaan, moet sorg dat –

(a) binne 'n redelike tydperk nadat dit voortgebring is, met die afval weggedoen word ooreenkomstig die bepalings van artikel 12;

(b) tot tyd en wyl met die bouersafval weggedoen word, dit asook die houers waarin dit gehou en verwyder word, op die perseel waar dit voortgebring is gehou word.

(2) Enigiemand kan 'n diens vir die verwydering van bouersafval lewer. Indien die Munisipaliteit so 'n diens lewer, geskied dit teen die voorgeskrewe tarief.

**Houers**

**11** (1) Indien houers of ander vraghouers wat gebruik word vir die verwydering van bouersafval, lywige tuinafval of ander afval van 'n perseel af, na die Munisipaliteit se mening nie op die perseel gehou kan word nie, kan die houers of ander vraghouers, met

die Munisipaliteit se skriftelike toestemming, vir die duur van die toestemming langs die straat gehou word.

(2) Toestemming wat ingevolge subartikel (1) verleen word, is onderworpe aan die voorwaardes wat die Munisipaliteit nodig mag ag: met dien verstande dat indien die Munisipaliteit sy toestemming verleen of weier of voorwaardes stel, die gerief en veiligheid van die publiek in ag geneem moet word.

(3) Elke houer of ander vraghouer wat vir die verwydering van bouersafval gebruik word, moet –

(a) duidelik gemerk wees met die naam en adres of telefoonnommer van die persoon wat verantwoordelik is vir die houer of ander vraghouer;

(b) toegerus wees met kaatschevrons of kaatsers wat die hele voor en agterkant daarvan duidelik belyn: en

(c) te alle tye toegemaak wees, sodat daar geen verplasing van die inhoud of 'n stofoorlas kan ontstaan nie, behalwe wanneer dit werklik met afval gevul of wanneer dit leeggemaak word.

**Wegdoening van bouersafval**

**12.** (1) Alle bouerafval moet, behoudens die bepalings van subartikel (2), op die Munisipaliteit se afvalstortingsterreine gestort word, nadat die storter die tarief daarvoor betaal het.

(2) Bouersafval mag, met die Munisipaliteit se skriftelike toestemming, vir grondherwinning doeleindes op 'n ander plek as die Munisipaliteit se afvalstortingsterreine gestort word.

(3) Toestemming wat ingevolge subartikel (2) verleen word, word verleen onderworpe aan die voorwaardes wat die Munisipaliteit nodig mag ag: met dien verstande dat die Munisipaliteit –

(a) Die openbare veiligheid;

(b) Die omgewing van die beoogde stortingsterrein;

(c) Die geskiktheid van die gebied met inbegrip van dreinering daarvan;

(d) Die verwagte tye en wyse waarop afval op die terrein gestort word;

(e) Die gelykmaking van die terrein;

(f) Stofbeheer; en

(g) Enige ander tersaaklike faktore,

in ag moet neem wanneer hy sy toestemming verleen of dit weier of wanneer voorwaardes gestel word.

## HOOFSTUK 4

## SPESIALE BEDRYFSAFVAL

**Kennisgewing van die ontstaan van spesiale bedryfsafval**

**13.** (1) Die persoon wat betrokke is by bedrywighede wat spesiale bedryfsafval voortbring, moet die Munisipaliteit verwittig waaruit die bestaan, die hoeveelheid voortgebring, hoe dit opgeberg word en wanneer dit verwyder sal word.

(2) Die kennisgewing waarna in subartikel (1) verwys word, moet, as die Munisipaliteit dit vereis, gestaaf word deur 'n ontleding wat deur 'n gekwalifiseerde bedryfskeikundige gewaarmerk is.

(3) Iemand wat deur die Munisipaliteit behoorlik daartoe gemagtig is, kan behoudens die bepalings van hierdie Verordening, 'n perseel te enige redelike tyd betree ten einde vas te stel of spesiale bedryfsafval op so 'n perseel gevind word, te toets om vas te stel waaruit dit bestaan.

(4) Die persoon in subartikel (1) genoem, verwittig die Munisipaliteit van enige verandering in die samestelling en die hoeveelheid spesiale bedryfsafval wat van tyd tot tyd voortgebring mag word.

**Opberging van spesiale bedryfsafval**

**14.** (1) Die persoon in artikel 13(1) genoem, moet sorg dat die spesiale bedryfsafval wat op die perseel voortgebring word, ingevolge subartikel (2) op die perseel gehou en opgeberg word totdat dit ingevolge artikel 15 van die perseel verwyder word.

(2) Spesiale bedryfsafval wat op 'n perseel opgeberg word, moet op so 'n wyse opgeberg word dat dit nie 'n oorlas veroorsaak of die omgewing besoedel nie.

(3) Indien spesiale bedryfsafval nie ingevolge subartikel (2) op die perseel waarop dit voortgebring is opgeberg word nie, kan die Munisipaliteit die eienaar van die perseel, en die persoon in artikel 13(1) genoem, gelas om die afval binne 'n redelike tydperk verwyder en indien die afval nie binne die tydperk verwyder is nie, kan die Munisipaliteit dit op koste van die eienaar verwyder.

**Verwydering van spesiale bedryfsafval**

**15.** (1) Niemand mag sonder, of anders as ooreenkomstig die Munisipaliteit se skriftelike toestemming, spesiale bedryfsafval verwyder van die perseel waarop dit voortgebring word nie.

(2) Die Munisipaliteit verleen toestemming ingevolge subartikel (1), onderworpe aan die voorwaardes wat hy nodig mag ag. Wanneer die Munisipaliteit voorwaardes stel, neem hy –

(a) Die samestelling van die spesiale bedryfsafval;

(b) Die geskiktheid van die voertuig en die houer wat gebruik sal word;

(c) Die plek waar die afval gestort gaan word; en

(d) Bewys aan die Munisipaliteit van sodanige storting,

in ag.

(3) Die Munisipaliteit verleen nie ingevolge subartikel (1) toestemming nie, tensy hy oortuig is dat die persoon wat om toestemming aansoek doen, in staat is om die spesiale afval te verwyder, oor die uitrusting wat vir verwydering van die spesiale bedryfsafval nodig is beskik, en aan die voorwaardes van die Munisipaliteit kan voldoen.

(4) Die persoon in artikel 13(1) genoem, moet die Munisipaliteit so dikwels as wat die Munisipaliteit mag bepaal, met inagneming van die inligting wat ingevolge artikel 13(1) aan die Munisipaliteit verstrek moet word, inlig in verband met die verwydering van spesiale bedryfsafval, die identiteit van die verwyderaar, die verwyderingsdatum, die hoeveelheid en die samestelling van die spesiale afval wat verwyder word.

(5) Indien iemand op heterdaad betrap word terwyl hy of sy die bepalings van hierdie artikel oortree, moet hy of sy met die afval op die wyse deur die Munisipaliteit bepaal, wegdoen.

## HOOFSTUK 5

## STORTINGSTERREINE

**Gedrag by stortingsterreine**

**16.** (1) Iemand wat 'n stortingsterrein waaroor die Munisipaliteit beheer uitoefen vir afvalstort doeleindes betree, moet –

(a) Die stortingsterrein slegs by die gemagtigde ingangsplek binnegaan;

(b) Al die besonderhede wat die Munisipaliteit betreffende die samestelling van die afval verlang, verstrek; en

(c) Alle opdragte aan hom of haar in verband met toegang tot die werklike stortingsplek, die plek waar en die manier waarop die afval gestort moet word, nakom.

(2) Niemand mag sterk drank na 'n stortingsterrein waaroor die Munisipaliteit beheer uitoefen, bring nie.

(3) Niemand mag 'n stortingsterrein waaroor die Munisipaliteit beheer uitoefen, binnegaan nie, behalwe met die doel om afval ingevolge hierdie Verordening mee weg te doen en dan slegs op die tye wat die Munisipaliteit van tyd tot tyd mag bepaal.

**Eiendomsreg op afval**

**17.** (1) Alle afval deur die Munisipaliteit verwyder en alle afval op afvalstortingsterreine waaroor die Munisipaliteit beheer uitoefen, is die eiendom van die Munisipaliteit en niemand wat nie behoorlik deur die Munisipaliteit daartoe gemagtig is nie, mag dit verwyder of hom of haar daarmee bemoei nie.

(2) Slegs afval voortgebring op persele wat binne die regsgebied van die Munisipaliteit geleë is, mag op die Munisipaliteit se stortingsterreine mee weggedoen word.

## HOOFSTUK 6

## ROMMELSTROOIERY, STORTING EN VERWANTE AANGELEENTHEID

**Rommelstrooiery en storting**

**18.** Niemand mag –

(a) afval van enige aard in of op 'n openbare plek, leë standplaas, leë erf, stroom of waterloop gooi, laat val, stort of mors nie;

(b) afval in 'n straatvoor op 'n openbare plek invee nie; of

(c) iemand oor wie hy of sy beheer uitoefen, toelaat om enigiets in paragrawe (a) en (b) genoem, te doen nie.

**Goed wat laat vaar is**

**19.** (1) Enigiets, met uitsondering van 'n voertuig, wat in 'n openbare plek agtergelaat is, en wat, met inagneming van –

(a) die plek waar dit agtergelaat is;

(b) die tydperk wat dit agtergelaat is;

(c) die aard en toestand daarvan,

geag kan word as verlate, kan deur die Munisipaliteit verwyder en mee weggedoen word.

(2) Indien die Munisipaliteit bewus is van die identiteit van die eienaar van die verlate ding, kan die Munisipaliteit die koste in verband met die verwydering en wegdoening van die ding, indien enige, van die eienaar verhaal.

(3) By die uitleg van subartikel (1), word 'n winkeltrollie geag nie 'n voertuig te wees nie.

# HOOFSTUK 7

# ALGEMENE BEPALINGS

**Toegang tot 'n perseel**

**20.** (1) Die okkupeerder van 'n perseel moet, as die Munisipaliteit 'n afvalverwydering diens lewer, aan die Munisipaliteit toegang verleen vir afhaal- en *verwyderingsdoeleindes*, en hy of sy moet sorg dat niks die Munisipaliteit in die lewering van sy dienste dwarsboom, fnuik of hinder nie.

(2) As die versameling of verwydering van afval van 'n perseel na die mening van die Munisipaliteit waarskynlik skade aan die perseel of aan die Munisipaliteit se eiendom tot gevolg kan hê, of kan lei tot die besering van die afvalverwyderaars, of iemand anders, kan die Munisipaliteit as 'n voorwaarde vir die lewering van 'n afvalverwyderinsdiens aan die perseel, van die eienaar of okkupeerder vereis dat hy of sy die Munisipaliteit skriftelik vrywaar teen sodanige skade of beserings of teen 'n eis wat uit een of albei hiervan mag voortspruit.

**Ophoping van afval**

**21.** As enige kategorie afval wat in Hoofstuk 1 van hierdie Verordening omskryf word, op 'n perseel ophoop sodat dit 'n oorlas veroorsaak of waarskynlik 'n oorlas sal veroorsaak, kan die Munisipaliteit sodanige afval spesiaal verwyder en die eienaar is ten opsigte van sodanige spesiale verwydering aanspreeklik vir die betaling van die gelde daarvoor.

# HOOFSTUK 8

## GELDE, STRAFBEPALINGS EN HERROEPING VAN WETTE

### Gelde

**22.** (1) Iemand aan wie die Munisipaliteit 'n diens ingevolge hierdie Verordening gelewer het, is behoudens andersluidende bepalings van hierdie Verordening, aanspreeklik vir die gelde wat vir sodanige diens aan die Munisipaliteit betaal moet word.

(2) Die Munisipaliteit staak 'n diens wat gelewer word en waarvoor maandeliks gelde voorgeskryf is, slegs nadat 'n skriftelike kennisgewing van die eienaar of okkupeerder van die perseel waar die diens gelewer word, ontvang is, dat daar nie meer huis- of besigheidsafval voortgebring word nie, of as dit vir die Munisipaliteit duidelik blyk dat daar nie meer afval op die perseel voortgebring word nie.

(3) Die maandelikse gelde is betaalbaar totdat die Munisipaliteit die kennisgewing in subartikel (2) vermeld, ontvang het, of dit vir die Munisipaliteit duidelik blyk dat daar nie meer afval op die perseel voortgebring word nie.

### Strafbepaling

**23.** Enige persoon wat 'n bepaling van hierdie Verordening oortree of versuim om daaraan te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete, of by wanbetaling, met gevangenisstraf vir hoogstens 6 maande of tot beide 'n boete en sodanige gevangenisstraf.

### Herroeping van wette en voorbehoude

**24.** (1) Die volgende wette word hierby herroep:

.........

.........

(2) Enige toestemming verkry, reg toegestaan, voorwaarde opgelê, aktiwiteit veroorloof of ding gedoen kragtens 'n herroepe wet word, na gelang van die geval, geag kragtens die ooreenstemmende bepaling van hierdie Verordening (as daar is), toegestaan, opgelê, veroorloof of gedoen te gewees het.

### Kort titel

**25.** Hierdie Verordening heet die Verordening op Verwydering van Afvalstowwe, 20 ...

234
KARAVAANPARK VERORDENING

# VERORDENING

**Om voorsiening te maak vir uitleg van karavaanparke in die Nama Khoi Munisipaliteit; en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

---

**DAAR WORD BEPAAL** deur die Nama Khoi Munisipaliteit, soos volg:-

**Woordomskrywing**

**1.** In hierdie Verordening, tensy uit die samehang anders blyk, beteken –

**"karavaan"** 'n karavaanpark uitgelê of geag uitgelê te wees kragtens artikel 2;

**"munisipale grond"** grond geleë binne die regsgebied van die Munisipaliteit, waarvan die Munisipaliteit die eienaar is of waarvan die beheer, tot die volle uitsluiting van die eienaar, in die Munisipaliteit gevestig is;

**"Munisipaliteit"** die Nama Khoi Munisipaliteit;

**"opsigter"** 'n beampte deur die Munisipaliteit as opsigter van 'n karavaanpark ingevolge artikel 3 aangestel; en

**"staanplek"** enige stuk grond wat gereserveer is binne 'n karavaanpark vir –

(i) die parkering van 'n karavaan; of

(ii) die oprig van 'n tent en parkering van die voertuig van sy bewoners.

**Uitleg van karavaanparke**

**2.** (1) Die Munisipaliteit kan karavaanparke op munisipale grond uitlê, in stand hou en bedryf.

(2) 'n Karavaanpark op munisipale grond geleë, wat reeds deur die Munisipaliteit bedryf word wanneer hierdie Verordening in werking tree, word, vir alle doeleindes, geag ooreenkomstig subartikel (1) uitgelê te wees.

(3) Die Munisipaliteit verdeel 'n karavaanpark in staanplekke en voorsien die noodsaaklike ablusie- en ander geriewe wat deur besoekers benodig mag word.

**Aanstelling van opsigter en ander beamptes**

**3.** (1) Die Munisipaliteit stel 'n opsigter en sodanige ander beamptes aan as wat nodig mag wees vir die bedryf van elke karavaanpark.

(2) Die opsigter ingevolge subartikel (1) vir 'n karavaanpark aangestel, is verantwoordelik-

(a) vir invordering van die gelde van tyd tot tyd deur die Munisipaliteit bepaal vir gebruik van die karavaanpark en sy geriewe;

(b) vir onderhoud van die ablusie- en ander geriewe van die karavaanpark;

(c) daarvoor om plekbesprekings te doen vir besoekers wat begerig is om vooraf besprekings te doen;

(d) vir toewysing van staanplekke aan besoekers; en

(e) vir enige ander aangeleentheid wat op die alledaagse bedryf van die karavaanpark betrekking het.

**Tariewe**

**4.** Die gelde betaalbaar vir die gebruik van die karavaanpark word deur die Munisipaliteit bepaal. Sodanige gelde is aan die opsigter vooruitbetaalbaar en 'n kwitansie daarvoor word deur hom of haar uitgereik.

**Toestemming om langer as 30 dae te bly**

**5.** Iemand wat vir 'n langer tydperk as 30 dae in die karavaanpark wil bly, moet skriftelik aansoek vir goedkeuring by die Munisipaliteit doen.

**Reëls wat deur gebruikers van karavaanparke nagekom moet word**

**6.** (1) Niemand mag –

(i) 'n karavaan parkeer of 'n tent opslaan op 'n ander plek as op die staanplek aan hom of haar deur die opsigter toegewys nie;

(ii) 'n draadheining of enige ander heining in of rondom die karavaanpark beskadig of oor of deur sodanige heining klim nie;

(iii) 'n vuur in 'n karavaanpark aansteek, behalwe in die vuurmaakplekke wat vir die doeleindes voorsien word nie;

(iv) Enige steurnis, oorlas, belemmering of hindernis veroorsaak wat aanstoot aan enige ander persoon in die karavaanpark kan gee nie;

(v) 'n troeteldier of ander dier in 'n karavaanpark aanhou nie, met uitsondering van 'n hond, en dan slegs op voorwaarde dat die hond te alle tye aan 'n leiband gehou word;

(vi) Enige kledingstuk elders was of uithang om droog te word as op die plek wat daarvoor voorsien is nie;

(vii) Met vullis wegdoen op enige ander plek in 'n karavaanpark as in die vullisdromme wat vir hierdie doeleindes voorsien is nie;

(viii) Natuurlike voorwerp, enige flora, fauna, nes, voorwerp van historiese-, argeologiese- of wetenskaplike belang of enige eiendom van die Munisipaliteit binne die grense van die karavaanpark verwyder, beskadig, ontsier of vernietig nie.

(2) Iemand wat die bepalings van subartikel (1) oortree of versuim om daaraan te voldoen, kan –

(a) deur die opsigter gelas word om summier die karavaanpark te verlaat; en

(b) deur die Munisipaliteit vir 'n bepaalde tydperk, of in geval van ernstige of volgehoue oortreding, permanent verbied word om die karavaanpark binne te gaan en sy geriewe te gebruik.

**Herroeping van wette en voorbehoude**

7. (1) Die volgende wette word hierby herroep:

.........

.........

(2) Enige toestemming verkry, reg toegestaan, voorwaarde opgelê, aktiwiteit veroorloof of ding gedoen kragtens 'n herroepe wet word, na gelang van die geval, geag kragtens die ooreenstemmende bepaling van hierdie Verordening (as daar is), toegestaan, opgelê, veroorloof of gedoen te gewees het.

**Kort titel**

**8.** Hierdie Verordening heet die Karavaanpark Verordening, 20 ...

237
SWEMBAD VERORDENING,

# VERORDENING

**Om voorsiening te maak vir die oprigting van munisipale swembaddens in die Nama Khoi Munisipaliteit; en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

---

**DAAR WORD BEPAAL** deur die Nama Khoi Munisipaliteit, soos volg:-

**Woordomskrywing**

**1.** In hierdie Verordening, tensy uit die samehang anders blyk, beteken –

**"munisipale grond"** grond geleë binne die regsgebied van die Munisipaliteit, waarvan die Munisipaliteit die eienaar is of waarvan die beheer, tot die volle uitsluiting van die eienaar, in die Munisipaliteit gevestig is;

**"munisipale swembad"** 'n swembad opgerig of geag opgerig te wees kragtens artikel 2

**"Munisipaliteit"** die Nama Khoi Munisipaliteit;

**"opsigter"** 'n beampte deur die Munisipaliteit ingevolge artikel 3(1) aangestel; en

**"reëls"** reëls ingevolge artikel 5(1) gemaak.

**Oprigting van munisipale swembaddens**

**2.** (1) Die Munisipaliteit kan op munisipale grond, munisipale swembaddens oprig, in stand hou en bedryf.

(2) 'n swembad op munisipale grond geleë, wat reeds deur die Munisipaliteit bedryf word wanneer hierdie Verordening in werking tree, word vir alle doeleindes geag ooreenkomstig subartikel (1) opgerig te wees.

(3) Die Munisipaliteit voorsien kleedkamers, toilette en ander geriewe vir besoekers by 'n munisipale swembad.

**Aanstelling van opsigter**

**3.** (1) Die Munisipaliteit stel vir elke munisipale swembad 'n opsigter aan.

(2) Die opsigter ingevolge subartikel (1) aangestel, is verantwoordelik-

(a) vir die behoorlike en higiëniese onderhoud van die swembad in sy geriewe;

(b) vir die instel en byhou van voldoende veiligheidsmaatreëls by die swembad;

(c) vir die invordering van gelde wat 'n besoeker aan die swembad moet betaal;

(d) daarvoor om toe te sien dat die reëls nagekom word; en

(e) vir die alledaagse bedryf van die swembad en aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

**Gelde**

4. Die Munisipaliteit kan gelde wat deur 'n besoeker aan 'n munisipale swembad betaal moet word, hef.

**Reëls wat deur besoekers aan munisipale swembaddens nagekom moet word**

5. (1) Die Munisipaliteit kan reëls wat deur 'n besoeker aan 'n munisipale swembad nagekom moet word, maak.

(2) Reëls ingevolge subartikel (1) gemaak, kan voorsiening maak vir sake aangaande die veiligheid en algemene gedrag van besoekers aan munisipale swembaddens.

(3) 'n Afskrif van die reëls wat by 'n munisipale swembad geld, word in vetskrif vertoon op 'n kennisgewingbord opgerig by die ingang en aan die binnekant van die munisipale swembad.

(4) 'n Besoeker aan 'n munisipale swembad wat die reëls wat by daardie swembad nagekom moet word, oortree of versuim om daaraan te voldoen –

(a) kan deur die opsigter gelas word om die swembad summier te verlaat;

(b) kan deur die Munisipaliteit vir 'n bepaalde tydperk, of in geval van ernstige of volgehoue oortreding, permanent verbied word om die swembad te besoek.

**Herroeping van wette en voorbehoude**

6. (1) Die volgende wette word hierby herroep:

.........

.........

(2) Enige toestemming verkry, reg toegestaan, voorwaarde opgelê, aktiwiteit veroorloof of ding gedoen kragtens 'n herroepe wet word, na gelang van die geval, geag kragtens die ooreenstemmende bepaling van hierdie Verordening (as daar is), toegestaan, opgelê, veroorloof of gedoen te gewees het.

**Kort titel**

7. Hierdie Verordening heet die Swembad Verordening, 20 ...

239

VERORDENING OP DIE MUNISIPALE MEENT,

# VERORDENING

**Om voorsiening te maak vir 'n munisipale meent vir die Nama Khoi Munisipaliteit; en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

---

**DAAR WORD BEPAAL** deur die Nama Khoi Munisipaliteit, soos volg:-

**Woordomskrywing**

**1.** In hierdie Verordening, tensy uit die samehang anders blyk, beteken –

**"dorp"** 'n dorp soos omskryf in artikel 1 van die Opmetingswet, 1997 (Wet No. 8 van 1997);

**"hierdie Verordening"** ook die voorskrifte ingevolge artikel 7 uitgereik;

**"Munisipale Bestuurder"** die persoon aangestel ingevolge artikel 82 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet No. 117 van 1998);

**"munisipale grond"** grond geleë binne die regsgebied van die Munisipaliteit, maar buite die grense van 'n dorp, waarvan die Munisipaliteit die eienaar is of waarvan die beheer, tot die volle uitsluiting van die eienaar in die Munisipaliteit gevestig is; en

**"Munisipaliteit"** die Nama Khoi Munisipaliteit;

**Aanwysing van grond as gemeenskaplike weiveld**

**2.** (1) Die Munisipaliteit kan, behoudens die bepalings van die een of ander wet of 'n beperking op die gebruik van grond vervat in die titelakte van die grond, by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* en met ingang van 'n datum in die kennisgewing vermeld –

(a) munisipale grond as gemeenskaplike weiveld aanwys;

(b) te eniger tyd 'n verdere omskrewe stuk of stukke munisipale grond by enige aldus aangewese gemeenskaplike weiveld toevoeg;

(c) behoudens die bepalings van subartikel (2), te eniger tyd grond wat deel vorm van die gemeenskaplike weiveld, gedeeltelik of in die geheel aan die aanwysing daarvan as so 'n weiveld onttrek.

(2) Die Munisipaliteit mag nie met die grond bedoel in subartikel (1)(a) of (b) kragtens subartikel (1)(c) handel of dit vervreem nie –

(a) alvorens 'n kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* gepubliseer is nie wat –

(i) stipuleer watter stuk of stukke grond hy oorweeg om te onttrek of vervreem:

(ii) belanghebbende persone uitnooi om 'n vergadering op 'n plek en datum in die kennisgewing vermeld by te woon ten einde die voorgenome onttrekking of vervreemding te bespreek;

(iii) die voorgenome datum of datums noem waarop daar beoog word om sodanige stuk of stukke grond te onttrek of te vervreem; en

(b) alvorens elke permit vir die weiding van vee op die stuk of stukke grond wat hy beoog om te onttrek of vervreem verval het nie.

**Kantoor van die Meentbestuurder**

**3.** (1) Die Munisipaliteit stel of wys iemand as Meentbestuurder, wat direk aan die Munisipale Bestuurder verantwoordelik is, aan.

(2) Die Meentbestuurder moet sorg vir die behoorlike bestuur en onderhoud van alle grond wat deel van die meent uitmaak.

(3) Die Munisipaliteit stel, in die Kantoor van die Meentbestuurder –

(a) vir elke stuk grond wat deel van die meent uitmaak, 'n veldwagter aan om die dag tot dag bestuur van die stuk grond te behartig;

(b) die persone aan wat nodig mag wees om behoorlik rekord te hou ten opsigte van grond wat deel uitmaak van die meent, kaarte, kampe, toewysing van vee, beweging van vee, veesiektes, betalings en ander aangeleenthede die bestuur van die meent;

(c) 'n voltydse of deeltydse veearts aan, om die werksaamhede soos voorgeskryf by of kragtens die een of ander wet wat op vee betrekking het, te verrig; met dien verstande dat hierdie werksaamhede ook deur 'n beampte van die Nasionale- of Provinsiale Departement van Landbou verrig kan word.

(4) Een veldwagter kan vir meerdere stukke grond aangestel word indien die stukke grond so geleë is dat dit prakties moontlik is vir een veldwagter om behoorlik beheer oor elke stuk grond uit te oefen.

(5) 'n Veldwagter moet die grond waarvoor hy of sy aangestel is gereeld besoek en, behoudens die arbeidswetgewing aangaande verlof, moet gedurende elke week van die jaar vir ten minste 'n volle werksdag op die grond teenwoordig wees.

(6) Die veearts deur die Munisipaliteit aangestel, moet op 'n gereelde grondslag, maar minstens een keer elke drie maande, ten opsigte van die gesondheidstoestand van elke dier op die meent, 'n ondersoek doen, daaroor verslag doen en aanbevelings aan die Meentbestuurder maak.

**Weidingspermit word vereis om vee op die meent te laat wei**

**4.** Niemand laat vee op die meent van die Munisipaliteit wei nie, behalwe –

(a) as hy of sy die houer van 'n Weidingspermit deur die Munisipaliteit uitgereik is en behoudens die voorwaardes van die permit;

(b) as die dier die aanteelt van 'n vroulike dier is wat kragtens 'n Weidingspermit in paragraaf (a) bedoel laat wei word en nie ouer as 6 maande is nie; en

(c) as hy of sy die meentgelde, soos deur die Munisipaliteit bepaal, ten opsigte van die tydperk waarvoor die Weidingspermit uitgereik is, betaal het: met dien verstande dat 'n permithouer gedeeltelik of in geheel ooreenkomstig die Munisipaliteit se behoeftigheidsbeleid van sodanige betaling kwytgeskeld kan word.

**Aansoek om- en uitreiking van Weidingspermit**

**5.** (1) 'n Aansoek vir die uitreiking van 'n Weidingspermit moet –

(a) aan die Munisipale Bestuurder gerig word;

(b) in skrif gedoen word op die vorm deur die Munisipaliteit vir daardie doel voorsien;

(c) genoegsame bewys bevat dat die aansoeker 'n permanente inwoner binne die regsgebied van die Munisipaliteit is; en

(d) sodanige verdere besonderhede as wat die Munisipaliteit mag vereis bevat.

(2) By ontvangs van die aansoek, verwys die Munisipale Bestuurder dit na die Meentbestuurder, wat die besonderhede in die aansoek vervat nagaan en daaromtrent aan die Munisipale Bestuurder verslag doen.

(3) Wanneer die Munisipale Bestuurder die verslag oorweeg, neem hy of sy –

(a) die verslag van die Meentbestuurder;

(b) die beskikbaarheid en toestand van grond in die meent van die Munisipaliteit om die vereiste getal vee waarvoor aansoek gedoen word te akkommodeer;

(c) die maatstawwe vir klasse van voorkeur wat aansoekers moet toeval soos aangedui in 'n kennisgewing deur die Munisipaliteit in die *Provinsiale Koerant,*

in ag.

(4) Na oorweging van die aansoek, moet die Munisipale Bestuurder –

(a) die permit soos voor aansoek gedoen deur die aansoeker uitreik;

(b) 'n permit vir minder vee as waarvoor aansoek gedoen is uitreik; of

(c) Die aansoeker skriftelik verwittig dat sy of haar aansoek nie suksesvol was nie en die redes daarvoor verstrek.

(5) Iemand wie se regte geraak word mag teen 'n bevinding van die Munisipale Bestuurder by die Munisipaliteit appelleer en, ten opsigte van so 'n appèl, geld die bepalings van artikel 62 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet No.32 van 2000), *mutatis mutandis*.

(6) 'n Permit vir weiding van vee op die meent van die Munisipaliteit word uitgereik –

(a) vir 'n tydperk van een of minder en verval op die laaste dag van Junie van elke jaar;

(b) behoudens die voorwaardes in die permit uiteengesit;

(c) onderworpe aan vooruitbetaling van die gelde deur die Munisipaliteit bepaal.

(7) 'n Permit vir weiding van vee op die meent van die Munisipaliteit kan twee keer hernieu word sonder om weer aansoek te doen deur die hernuwingsgelde deur die Munisipaliteit bepaal nie later nie as die laaste dag van Mei van die jaar waarin die permit verval te betaal: met dien verstande dat die Munisipale Bestuurder kan weier om die permit te hernieu indien hy of sy van oordeel is dat die permit nie hernieu behoort te word nie –

(a) as gevolg van die toestand van die grond waaraan die permithouer se toegewys is; of

(b) aangesien daar genoegsame getuienis bestaan dat die omstandighede van die permithouer tot so 'n mate verander het dat die aansoek van 'n nuwe aansoeker ingevolge 'n kennisgewing in subartikel (3)(c) genoem voorrang moet geniet.

(8) 'n Permit vir die weiding van vee op die munisipale meent kan ingetrek word indien die permithouer –

(a) 'n voorwaarde waarkragtens die permit uitgereik is oortree of versuim om daaraan te voldoen;

(b) 'n bepaling van hierdie Verordening oortree of versuim om daaraan te voldoen; of

(c) 'n wettige bevel van die veldwagter in beheer van die grond waarop sy of haar vee wei, of die veearts deur die Munisipaliteit aangestel verontagsaam of versuim om daaraan te voldoen.

(9) 'n Permit om vee op die meent van die Munisipaliteit te laat wei, is nie oordraagbaar nie.

**Spesifieke werksaamhede van die Meentbestuurder**

**6.** Die Meentbestuurder moet –

(a) elke stuk grond wat ingevolge artikel 2(1) as meent aangewys is, in kampe wat geskik is vir beweiding deur vee verdeel en aan elk so 'n kamp 'n nommer toeken;

(b) in elke kamp sodanige fasiliteite as wat nodig mag wees vir die onderhoud van vee in daardie kamp voorsien;

(c) behoorlike kaarte van elke stuk grond wat as deel van die meent aangewys is en wat ten minste die grense van kampe, hekke en suipings aantoon optrek of laat optrek;

(d) die vee van elke permithouer aan 'n spesifieke kamp of kampe toewys en die permithouer dienooreenkomstig verwittig;

(e) 'n behoorlike rotasieprogram vir beweiding van grond deur die Munisipaliteit aangewys as meent ontwikkel, implementeer en na gelang van veranderende omstandighede aanpas;

(f) Behoorlike rekords, oop vir insae deur enigiemand wat 'n belang daarin het, byhou te opsigte van –

(i) alle permithouers:

(ii) vervaldatums van alle permitte;

(iii) betalings of vrystelling van betalings van alle permithouers,

en enige ander saak wat, volgens sy of haar oordeel, op rekord geplaas moet word.

**Voorskrifte**

**7.** (1) Die Munisipaliteit kan voorskrifte uitvaardig betreffende die beheer, bestuur en gebruik van die munisipale meent, met inbegrip van –

(a) die bou en instandhouding van dipbakke, die gelde betaalbaar in verband met die gebruik daarvan, en die persone wat vir die betaling daarvan aanspreeklik is;

(b) die merk van die vee daarop aangehou;

(c) die verbod op die aanhou van gevaarlike en ongewenste diere daarop, en die omskrywing van sodanige diere;

(d) die voorkoming en behandeling van veesiektes ten opsigte van vee daarop aangehou, en die uitsluiting van vee wat na die oordeel van die veearts deur die Munisipaliteit aangestel, sulke siektes kan versprei;

(e) die vernietiging van karkasse van diere;

(f) die skut van diere wat daarop oortree of sonder 'n permit daarop wei;

(g) die plant, versorging en beskerming, en die vernietiging, afkap of afsny van gras, bome, struike of enige ander plante of gewasse, en die verkoop daarvan,

(h) die brand van gras en die uitroeiing van skadelike onkruid;

(i) die jag van wild daarop op enige manier, met inbegrip van die gebruik van vuurwapens of honde;

(j) die pligte en werksaamhede van veldwagters;

(k) die verbod op die uitsit van gif; en

(l) in die algemeen enige aangeleentheid wat die Munisipaliteit in verband met die beheer, bestuur of gebruik van die gemeenskaplike weiveld, of die bereiking van die oogmerke van hierdie Verordening, nodig of dienstig ag.

(2) 'n Voorskrif ingevolge subartikel (1) uitgevaardig moet in die *Provinsiale Koerant* gepubliseer word.

(3) Indien die Munisipaliteit van mening is dat dit in die openbare belang is kan hy, vir sodanige tydperk en behoudens die voorwaardes wat hy wenslik ag, enige persoon, groep of kategorie persone skriftelik vrystel van voldoening aan 'n voorskrif ingevolge subartikel (1) uitgevaardig.

**Strafbepaling**

**8.** (1) Iemand wat 'n bepaling van hierdie Verordening of 'n vereiste of voorwaarde daarkragtens oortree of versuim om daaraan te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig.

(2) Iemand wat skuldig bevind word aan 'n misdryf ingevolge subartikel (1), is strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf van hoogstens een jaar, of met beide 'n boete en met daardie gevangenisstraf.

**Herroeping van wette en voorbehoude**

**9.** (1) Die volgende wette word hierby herroep:

.........

.........

(2) Enige toestemming verkry, reg toegestaan, voorwaarde opgelê, aktiwiteit veroorloof of ding gedoen kragtens 'n herroepe wet word, na gelang van die geval, geag kragtens die ooreenstemmende bepaling van hierdie Verordening (as daar is), toegestaan, opgelê, veroorloof of gedoen te gewees het.

**Kort titel**

**10.** Hierdie Verordening heet die Verordening op die Munisipale Meent, 20 ...

246
VERORDENING OP VUURWERKE,

# VERORDENING

**Om voorsiening te maak vir beheer oor die afvuur van vuurwerke binne die regsgebied van die Nama Khoi Munisipaliteit; en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

---

**DAAR WORD BEPAAL** deur die Nama Khoi Munisipaliteit, soos volg:-

**Woordomskrywing**

**1.** In hierdie Verordening, tensy uit die samehang anders blyk, beteken –

**"Munisipale Bestuurder"** die persoon aangestel ingevolge artikel 82 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet No. 117 van 1998);

**"Munisipaliteit"** die Nama Khoi Munisipaliteit;

**"ontwikkelde gebied"** die gedeelte van die regsgebied van die Munisipaliteit wat –

(a) deur werklike opmeting in erwe onderverdeel is;

(b) omring is deur opgemete erwe; of

(c) 'n informele nedersetting is;

**"vuurwerk"** 'n saamgestelde vuurwerk of vervaardigde vuurwerk genoem in Afdeling 1 of 2 van regulasie 1.10 van die regulasies uitgevaardig ingevolge die Wet op Ontplofbare Stowwe, 1956 (Wet No. 26 van 1956), en afgekondig by Goewermentskennisgewing No. R1604 van 8 September 1972, soos gewysig; en

**"vuurwerkvertoning"** die afvuur van 'n aantal vuurwerke vir godsdienstige-, publieke- of private doeleindes.

**Afvuur van vuurwerke binne of naby ontwikkelde gebiede gereël**

**2.** Uitgesonderd as deel van 'n vuurwerkvertoning en behoudens hierdie Verordening, mag niemand, binne 'n ontwikkelde gebied of binne 500 meter van sodanige gebied, 'n vuurwerk afvuur nie.

**Toestemming om vuurwerkvertoning te hou**

**3.** (1) Niemand mag, sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Munisipaliteit, 'n vuurwerkvertoning hou nie.

(2) Enige persoon of groep persone wat begerig is om 'n vuurwerkvertoning te hou, moet skriftelik, op die vorm deur die Munisipaliteit voorsien, minstens 30 dae voor die vertoning gehou gaan word, aansoek doen vir toestemming.

(3) 'n Aansoek in subartikel (2) genoem --

(a) word aan die Munisipale Bestuurder gerig; en

(b) gaan vergesel van die gelde deur die Munisipaliteit bepaal.

(4) Na ontvangs van die aansoek, kan die Munisipale Bestuurder –

(a) (i) die perseel waarop die vuurwerkvertoning gehou gaan word; en

(ii) die geriewe en toerusting wat gedurende die vuurwerkvertoning gebruik gaan word;

inspekteer of laat inspekteer; en

(b) die toestemming skriftelik verleen behoudens die voorwaardes wat hy of sy in belang van die veiligheid en welstand van die gemeenskap nodig ag; of

(c) skriftelik weier om toestemming te verleen en sy of haar redes vir weiering aanstip.

(5) Die Munisipale Bestuurder moet –

(a) wanneer die aansoek oorweeg word, onder andere in ag neem welke nadelige gevolge die vuurwerkvertoning mag hê op –

(i) die veiligheid van inwoners van die buurt en hul eiendom;

(ii) diere in die omgewing;

(iii) die rus en vrede van die buurt; en

(b) indien die aansoek toegestaan word, voorwaardes stel om sodanige nadelige gevolge te voorkom of te remedieer.

**Strafbepaling**

**4.** (1) Iemand wat 'n bepaling van hierdie Verordening of 'n vereiste of voorwaarde daarkragtens oortree of versuim om daaraan te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig.

(2) Iemand wat skuldig bevind word aan 'n misdryf ingevolge subartikel (1), is strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf van hoogstens een jaar, of met beide 'n boete en met daardie gevangenisstraf.

**Herroeping van wette en voorbehoude**

**5.** (1) Die volgende wette word hierby herroep:

.........

.........

(2) Enige toestemming verkry, reg toegestaan, voorwaarde opgelê, aktiwiteit veroorloof of ding gedoen kragtens 'n herroepe wet word, na gelang van die geval, geag kragtens die ooreenstemmende bepaling van hierdie Verordening (as daar is), toegestaan, opgelê, veroorloof of gedoen te gewees het.

**Kort titel**

**6.** Hierdie Verordening heet die Verordening op Vuurwerke, 20 ...

249

VERORDENING OP TARIEWE, KREDIETBEHEER,
EN SKULDINVORDERING,

# VERORDENING

**Om voorsiening te maak vir die implementering en uitvoering van sy beleide rakende tariewe, kredietbeheer en skuldinvordering deur die Nama Khoi Munisipaliteit; en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

---

**DAAR WORD BEPAAL** deur die Nama Khoi Munisipaliteit, soos volg:-

**Woordomskrywing**

**1.** In hierdie Verordening, tensy uit die samehang anders blyk, beteken –

**"die Wet"** die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsel, 2000 (Wet No. 32 van 2000)

**"Munisipaliteit"** die Nama Khoi Munisipaliteit;

**Implementering en uitvoering van beleide**

**2.** (1) Behoudens artikel 3 en enige nasionale of provinsiale wetgewing wat plaaslike owerheidsfinansies reël, gee die Munisipaliteit gevolg aan –

(a) sy tariefbeleid; en

(b) sy kredietbeheer- en skuldinvorderingsbeleid,

opgestel en aangeneem in ooreenstemming met, onderskeidelik, artikels 74 en 97 van die Wet, deur die beleide te implementeer en uit te voer.

(2) Iemand wat aanspraak maak op 'n korting of toegewing ooreenkomstig 'n beleid in subartikel (1) genoem, verskaf die inligting vereis en voldoen aan die verpligtinge deur sodanige beleid opgelê.

**Publikasie van beleide**

**3.** 'n Beleid in artikel 2 genoem en enige wysiging daarop word in die *Provinsiale Koerant* gepubliseer.

**Kort titel**

**4.** Hierdie Verordening heet die Verordening op Tariewe, Kredietbeheer en Skuldinvordering, 20.....

250
REGLEMENT VAN ORDE,

# VERORDENING

**Om voorsiening te maak vir 'n reglement van orde vir die afhandeling van werksaamhede deur die Raad van die Nama Khoi Munisipaliteit; en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

---

**DAAR WORD BEPAAL** deur die Nama Khoi Munisipaliteit, soos volg:-

**Woordomskrywing**

**1.** In hierdie Verordening, tensy uit die samehang anders blyk, beteken –

**"begroting"** die beraamde inkomste in uitgawe van die Raad deur die Uitvoerende Komitee opgestel in ingedien ingevolge nasionale wetgewing

**"Burgemeester"** die persoon wat voorsitter is by 'n Uitvoerende Komitee vergadering soos bedoel in artikel 49 van die Wet;

**"lid"** 'n lid van die Raad of die Uitvoerende Komitee, na gelang van die geval;

**"mosie"** 'n mosie skriftelik ingedien ingevolge artikel 21 of 50;

**"Munisipale Bestuurder"** die persoon aangestel ingevolge artikel 82 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet No. 117 van 1998);

**"Munisipaliteit"** die Nama Khoi Munisipaliteit;

**"Raad"** die Nama Khoi Plaaslike Munisipale Raad;

**"Speaker"** die Speaker van die Raad soos bedoel in artikels 36 en 37 van die Wet;

**"Stelsels Wet"** die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet No.32 van 2000);

**"Uitvoerende Komitee"** die komitee in artikel 42 van die Wet bedoel;

**"vergadering"** 'n vergadering van die Raad of die Uitvoerende Komitee, na gelang van die geval;

**"voorsitter van die Uitvoerende Komitee"** die Burgemeester;

**"voorstel"** 'n voorstel, behalwe 'n mosie, voorgestel en gesekondeer gedurende 'n vergadering van die Raad of 'n komitee daarvan; en

251

**"Wet"** die Wet op Plaaslike Regering Munisipale Strukture, 1998 (Wet No. 117 van 1998).

**Verwydering van persone van die Raadsaal**

**2.** Die Speaker kan, behoudens artikel 160(7) van die Grondwet, te eniger tyd gedurende 'n vergadering, soos wat hy of sy nodig ag, ter wille van die handhawing van orde, gelas dat enigiemand anders as 'n lid van die Raadsaal verwyder word.

**Teken van aantekenregister en dra van ampsdrag gedurende vergaderings**

**3.** Elke lid wat 'n vergadering bywoon, moet –

(a) sy of haar naam in die aantekenregister teken; en

(b) ampsdrag dra indien so deur die Raad besluit en die ampsdrag vir die doel voorsien word.

**Vergadering in die geval waar daar geen kworum is nie**

**4.** Indien, na verstryking van 15 minute na die tyd waarop 'n vergadering bedoel is om te begin, daar geen kworum teenwoordig is nie, word geen vergadering gehou nie, tensy die lede teenwoordig ooreenkom om 'n verdere tyd van hoogstens 10 minute toe te laat vir 'n kworum om te vergader. Die lede teenwoordig kan, na afloop van die voornoemde 10 minute, die Munisipale Bestuurder versoek om 'n vergadering op 'n geleë datum en tyd te belê, waarvan kennis soos voorsien in artikel 115 van die Stelsels Wet gegee moet word, en die bepalings van artikel 7 geld *mutatis mutandis* ten opsigte van sodanige vergadering.

**Tel van lede**

**5.** Indien die Speaker se aandag gedurende 'n vergadering op die getal lede teenwoordig gevestig word, word die teenwoordige lede getel en, indien daar bevind word dat daar geen kworum is nie, laat die Speaker hierdie feit in die notule opteken en die roepklok vir een minuut lui en indien daar na 'n pouse van 5 minute na die gelui nog nie 'n kworum teenwoordig is nie, kan die lede teenwoordig met 'n meerderheid van stemme besluit om die vergadering te verdaag. Indien so 'n besluit nie geneem word nie en daar na 'n pouse van 10 minute nie 'n kworum teenwoordig is nie, word die vergadering as verdaag geag tot 'n tyd deur die Munisipale Bestuurder bepaal.

**Kennisgewing van verdaagde vergadering**

**6.** Wanneer 'n vergadering verdaag word, word 'n kennisgewing van die verdaagde vergadering soos voorsien in artikel 115 van die Stelsels Wet beteken, behalwe waar 'n voorstel van die datum en tyd van die vergadering vasstel, goedgekeur is deur ten minste drie kwart van die lede teenwoordig (breuke word verminder na die naaste getal).

**Verdaagde vergadering**

**7.** Behoudens artikel 8 word geen werksaamhede op 'n verdaagde vergadering hanteer nie, behalwe die werksaamhede gespesifiseer in die kennisgewing van die verdaagde vergadering.

**Besigheid beperk deur kennisgewing**

**8.** Behoudens artikel 50(1) word geen saak wat nie in die kennisgewing van 'n vergadering gespesifiseer is, hanteer op die verdaagde vergadering nie, behalwe 'n dringende verslag van die Uitvoerende Komitee.

**Volgorde van werksaamhede in 'n vergadering**

9. (1) Die volgende werksaamhede van 'n gewone vergadering is soos volg:

(a) Opening

(b) Aanvaarding van die kennisgewing van die vergadering as gelees;

(c) Aansoeke om verlof tot afwesigheid;

(d) Amptelike kennisgewings –

(i) deur die Speaker;

(ii) deur lede;

(iii) deur die Munisipale estuurder;

(e) Onbestrede voorstelle van die Speaker;

(f) Goedkeuring van notule van vorige vergadering;

(g) Vrae waarvan kennis gegee is;

(h) Mosies of voorstelle verwys vanaf vorige vergaderings;

(i) Verslag van die Uitvoerende Komitee;

(j) Nuwe mosies;

(k) Petisies;

(l) Afsluiting

(2) Na die hantering van werksaamhede genoem in paragrawe (a) tot (f) van subartikel (1), kan die Raad volgens eie diskresie die volgorde van die ander werksaamhede op die agenda verander.

**Notule van vergadering**

**10.** (1) Tensy die notule van 'n vergadering op dieselfde vergadering goedgekeur word, word die notule as gelees beskou met die oog op goedkeuring: met dien verstande dat 'n afskrif van die notule op elke lid geteken word, soos in artikel 115 van die Stelsels Wet voorsien, minstens 24 uur voor die aanvang van die vergadering.

(2) Geen mosie, voorstel of bespreking word oor die notule toegelaat nie, behalwe met betrekking tot die akkuraatheid daarvan.

**Vrae deur lede**

**11.** (1) 'n Lid kan tydens 'n vergadering 'n vraag stel –

(a) aangaande 'n saak voortvloeiend uit of wat betrekking het op 'n item vervat in 'n verslag van die Uitvoerende Komitee wanneer die item aan die beurt kom of gedurende bespreking daarvan;

(b) betreffende die algemene werk van die Raad wat nie voortvloeiend uit of betrekking het op 'n item vervat in 'n verslag van die Uitvoerende Komitee nie: met dien verstande dat sodanige vraag slegs gestel kan word indien ten minste 7 dae vooraf 'n skriftelike kennisgewing

(2) 'n Vraag wat, na die mening van die Speaker, van dringende openbare belang is, kan op 'n vergadering gevra word alleen nadat daar in tweevoud skriftelik van kennis gegee is aan die Munisipale Bestuurder, minstens 10 minute voor die aanvang van die vergadering en die Munisipale Bestuurder voorsien dadelik 'n afskrif daarvan aan die Speaker en die voorsitter van die Uitvoerende Komitee.

(3) Enige vraag ingevolge hierdie artikel gestel, word deur of namens die voorsitter van die Uitvoerende Komitee beantwoord.

(4) Nadat 'n lid se vraag beantwoord is, kan hy of sy 'n verduideliking daarvan versoek en die volledigheid van die antwoord word nie gedebateer nie, tensy die Speaker toestemming daartoe verleen.

(5) Die Speaker mag 'n vraag weier, indien hy of sy van mening is dat sodanige vraag buite orde of onduidelik gestel is.

**Verslagdoening aan die Uitvoerende Komitee**

**12.** (1) 'n Verslag van 'n departementshoof word aan die Munisipale Bestuurder gerig en die Munisipale Bestuurder lê sodanige verslag aan die Uitvoerende Komitee voor.

(2) Die Munisipale Bestuurder kan 'n verslag terugverwys na 'n departementshoof vir feiteregstelling of verduideliking en hy of sy kan, in verband met 'n verslag in subartikel (1) bedoel, maak.

**Samestelling van 'n verslag van die Uitvoerende Komitee**

**13.** (1) 'n Verslag deur die Uitvoerende Komitee voorgelê ingevolge die Wet, saamgelees met artikel 160(6)(a) tot (c) van die Grondwet, moet eerstens die sake met betrekking waartoe aanbevelings gemaak word, vervat (hierna die "eerste gedeelte" genoem) en daarna sake wat gedelegeer is na –

(a) die Uitvoerende Komitee; en

(b) komitees soos bedoel in artikel 79 van die Wet.

(2) Behalwe waar 'n item slegs vir kennisname aan die Raad voorgelê word, bevat elke item van die eerste gedeelte 'n aanbeveling wat deur die Raad aanvaar kan word.

**Verslag word ingedien**

**14.** 'n Verslag van die Uitvoerende Komitee, behalwe 'n verslag wat deur die Speaker as dringend aanvaar word, word ingedien op die wyse soos in die Wet voorsien.

**Voorstel op verslag**

**15.** (1) Die voorsitter van die Uitvoerende Komitee of 'n lid deur hom of haar daartoe versoek, lê 'n verslag van die Uitvoerende Komitee voor en met die voorlegging word voorgestel:

**"dat die verslag oorweeg word"**

(2) Die voorstel in subartikel (1) bedoel, word nie bespreek nie en indien die Raad die voorstel aanvaar, moet die Speaker die aanbevelings van die eerste gedeelte van die verslag punt vir punt aan die orde stel, behalwe as hy of sy vir 'n goeie rede die volgorde sou verander.

(3) Indien 'n aanbeveling in subartikel (2) bedoel deur die Raad aanvaar word, word dit 'n besluit van die Raad.

(4) Na afloop van die eerste gedeelte van die verslag in subartikel (2) bedoel, moet die Speaker besprekings van die daaropvolgende gedeeltes toelaat: met dien verstande dat –

(a) sodanige bespreking beperk word tot –

(i) een uur vir sake bedoel in artikel 13(1)(a)

(ii) 30 minute per gedeelte bedoel in artikel 13(1)(b);

(b) met uitsondering van die voorsitter van die Uitvoerende Komitee, 'n lid nie, behalwe met toestemming van die Raad, vir langer as 10 minute mag praat nie en wanneer 'n lid wel toegelaat word om langer as 10 minute te praat, besluit die Raad oor die tydsduur;

(c) gedurende sodanige bespreking geen ander voorstel ingedien word nie, behalwe 'n voorstel dat die Uitvoerende Komitee of 'n komitee in artikel 13(1)(b) bedoel, na gelang van die geval, versoek word om sy besluit te heroorweeg;

(d) gedurende sodanige bespreking 'n lid kan versoek dat sy of haar teenstem teen 'n besluit in sodanige daaropvolgende gedeelte en sy of haar redes daarvoor, genotuleer word en die Munisipale Bestuurder notuleer sodanige teenstem.

**Aanbevelings van die Uitvoerende Komitee word as voorstelle beskou**

**16.** Dit word geag dat die voorstel van 'n lid ingevolge artikel 15, elke aanbeveling in die verslag voorstel en dat sodanige voorstel gesekondeer is.

**Onttrekking of wysiging van aanbeveling**

**17.** Die lid wat 'n voorstel ingevolge artikel 15 gemaak het, kan 'n aanbeveling in die verslag vervat, met toestemming van die Raad onttrek of wysig.

**Repliek op debat**

**18.** (1) Die voorsitter van die Uitvoerende Komitee of 'n lid wat 'n voorstel ingevolge artikel 15 maak moet repliek lewer en die debat sluit op enige item in 'n verslag van die Uitvoerende Komitee, sonder om nuwe sake aanhangig te maak.

(2) Ondanks die bepalings van subartikel (1), kan die Speaker of die lid daarin genoem, 'n verduidelikende verklaring of aankondiging maak voor die oorweging van 'n spesifieke item vervat in die verslag van die Uitvoerende Komitee of gedurende die bespreking van sodanige verslag.

**Afvaardiging**

**19.** (1) (a) 'n Afvaardiging wat 'n onderhoud met die Raad verlang, dien 'n memorandum in wat die vertoë wat hulle gaan lewer, uiteensit.

(b) Die munisipale Bestuurder lê die memorandum aan die Uitvoerende Komitee voor wat die afvaardiging kan ontvang en die sake vervat in die memorandum kan hanteer ingevolge die magte gedelegeer: met dien verstande dat die

**Bespreking van kennisgewing**

**23.** Geen lid mag meer as een mosie anders as 'n terugverwysde mosie op die agenda plaas nie en geen lid mag meer as ses mosies , insluitende 'n mosie soos bedoel in artikel 50(1), in enige jaar voorstel nie.

**Mosie om 'n besluit geneem in die voorafgaande drie maande te herroep**

**24.** (1) Wanneer 'n lid 'n voorstel indien ingevolge artikel 21 wat –

(a) die herroeping of wysiging van 'n besluit van die Raad wat in die voorafgaande drie maande geneem is ten doel het; of

(b) dieselfde doel het as 'n mosie wat verwerp is in die voorafgaande drie maande,

word sodanige mosie slegs op die agenda geplaas indien die kennisgewing van so 'n mosie geteken is deur drie lede addisioneel tot die lid wat die mosie voorgestel het.

(2) 'n Mosie soortgelyk aan die een wat verwerp is ingevolge subartikel (1), word nie weer voorgestel binne 6 maande na sodanige verwerping nie.

(3) Ondanks die bepaling van subartikel (1) en (2), kan die Raad op enige tydstip 'n besluit herroep of wysig na aanleiding van 'n aanbeveling van die Uitvoerende Komitee vervat in 'n verslag ooreenkomstig artikel 15.

**Prosedure met betrekking tot die behandeling van mosies**

**25.** (1) Wanneer mosies bespreek word, lees die Speaker die nommer van elke mosie en die naam van die voorsteller uit en stel vas watter mosies onbestrede is.

(2) 'n Onbestrede mosie word onmiddellik, sonder bespreking, deurgevoer.

(3) Indien daar 'n bestrede mosie is, moet die Speaker vir 'n sekondant vra en hy of sy stel daarna elke gesekondeerde mosie aan die orde.

(4) 'n Lid wat 'n mosie sekondeer, kan vervolgens oor sodanige mosie praat, behalwe waar 'n voorstel ingevolge artikel 43(1)(b), (c), (d), (e), (f) of (g) met betrekking tot sodanige mosie gemaak en deurgevoer is voordat die sekondant aan die woord gekom het.

(5) 'n Mosie wat nie deur die voorsteller daarvan gestel word nie of wat nie gesekondeer word nie, verval.

**Onreëlmatige mosies of voorstelle**

**26.** Die Speaker weier 'n mosie of voorstel –

(a) wat volgens sy of haar mening –

Uitvoerende Komitee kan afsien van die nodigheid vir voorlegging van 'n memorandum

(c) Indien die Uitvoerende Komitee van mening is dat die saak aan die Raad voorgelê behoort te word, doen hy so aan die Raad verslag en indien die Raad dit gelas, word die onderhoud aan die afvaardiging toegestaan.

(2) 'n Afvaardiging bestaan hoogstens uit 3 lede en slegs een lid voer die woord, behalwe in antwoord op 'n vraag van 'n lid. Die saak word nie verder oorweeg alvorens die afvaardiging onttrek het nie.

**Petisie**

**20.** 'n Petisie kan deur 'n lid voorgelê word, maar geen toespraak of kommentaar daaroor word deur die lid aan die Raad gelewer nie. Sodanige petisie word na die Uitvoerende Komitee verwys, wat verslag daaromtrent aan die Raad moet lewer.

**Vorm van kennisgewing van mosie**

**21.** (1) 'n Kennisgewing van mosie moet in skrif wees en deur die lid wat dit indien, onderteken wees.

(2) 'n Mosie moet by die Munisipale Bestuurder ingedien word, wat dit in 'n boek vir hierdie doel moet inskryf en die boek moet beskikbaar wees ter insae van lede. Die Munisipale Bestuurder voorsien elke lid onverwyld van 'n afskrif van die mosie.

(3) Op die versoek van die lid wat die mosie ingedien het, moet die Munisipale Bestuurder skriftelik ontvangs erken.

(4) Behalwe waar 'n kennisgewing van mosie minstens 10 dae voor 'n vergadering ontvang is, word it nie gespesifiseer in die kennisgewing van die vergadering nie.

(5) 'n Mosie moet betrekking hê op 'n vraag aangaande die administrasie of toestande in die Munisipaliteit.

(6) Die lid wat 'n mosie indien, kan repliek lewer: met dien verstande dat indien 'n voorstel met betrekking tot sodanige mosie ingevolge artikel 43(1)(b), (c), (d), (e), (f) of (g) aanvaar word, sodanige lid vir hoogstens 10 minute repliek kan lewer.

**Volgorde van mosies**

**22.** Elke mosie word by ontvangs gedateer en genommer en moet deur die Munisipale Bestuurder in die agenda opgeneem word in volgorde van ontvangs, behalwe in die geval van 'n kennisgewing van 'n wysiging wat opgeneem word direk na sodanige kennisgewing van mosie, ongeag die tyd wanneer die kennisgewing van mosie gewysig, ontvang is.

(i) kan lei tot die bespreking van 'n saak wat reeds op die agenda is of wat nie betrekking het op 'n vraag in verband met die administrasie of toestande in die Munisipaliteit nie; of

(ii) wat 'n saak uitmaak vir, 'n opinie weergee of wat onnodige feitlike, inkriminerende, afbrekende of onbehoorlike aantygings bevat;

(b) met betrekking tot –

(i) sake waaroor die Raad geen jurisdiksie het nie; of

(ii) 'n besluit deur 'n geregtelike of *quasi*-geregtelike liggaam hangende is; of

(c) wat, indien dit deurgevoer word, teenstrydig met die bepaling in hierdie Reglement van Orde of 'n ander wet sal wees of wat nie afdwingbaar sal wees nie.

**Sake dien voor die Raad by wyse van voorstel**

**27.** (1) Behoudens die bepaling van artikel 15(2) en 16, word 'n saak nie geag voor die Raad vir 'n besluit te dien nie, behalwe waar 'n voorstel oor sodanige saak behoorlik gemaak en gesekondeer is.

(2) Die bepalings van artikel 25(4) geld *mutatis mutandis* vir 'n lid wat 'n voorstel sekondeer.

**Bepalings met betrekking tot die oorweging van die begroting**

**28.** Ondanks andersluidende bepalings hierin vervat, geld die volgende bepalings wanneer die Raad die begroting oorweeg:

(a) 'n Voorstel wat tot gevolg sal hê dat geraamde inkomste of uitgawe van die Raad, vermeerder of verminder, word nie ingedien alvorens die debat oor die begroting afgesluit is nie.

(b) Nadat die debat oor die begroting afgesluit is, stel die Speaker elke voorstel soos bedoel in paragraaf (a) in volgorde.

(c) Indien sodanige voorstel aanvaar word, word die begroting nie ooreenkomstig die besluit as gewysig beskou nie en die vergadering word uitgestel tot 'n datum en tyd en deur die Speaker bepaal, behalwe waar die voorsitter van die Uitvoerende Komitee, of 'n lid van die komitee deur hom of haar gemagtig, beslis dat sodanige uitstel onnodig is.

(d) Indien ingevolge paragraaf (c) besluit word dat 'n uitstel van die vergadering onnodig is, word die begroting as gewysig beskou ooreenkomstig 'n besluit in daardie paragraaf bedoel.

(e) Na 'n uitstel in paragraaf (c) bedoel, ondersoek die Uitvoerende Komitee in implikasie van ieder sodanige besluit en doen verslag daaroor aan die Raad by die hervatting van die vergadering.

(f) Nadat die Uitvoerende Komitee verslag gedoen het ingevolge paragraaf (e), moet die Speaker –

(i) 'n debat daaroor toelaat;

(ii) daarna weer elke voorstel in paragraaf (c) bedoel, stel en indien sodanige voorstel aanvaar word, word die begroting ingevolge daardie besluit gewysig.

**Verwysing van voorstel wat die begroting raak na Uitvoerende Komitee**

**29.** 'n Mosie of voorstel, anders as 'n voorstel in artikel 16 bedoel wat die gevolg sal hê dat die goedgekeurde begroting vermeerder of verminder, word nie aanvaar alvorens die Uitvoerende Komitee daaroor verslag gedoen het nie.

**Verwysing van voorstel of mosie na Uitvoerende Komitee betreffende aangeleenthede in artikel 30(5) van die Wet bedoel**

**30.** 'n Mosie of voorstel, anders dan 'n aanbeveling van die Uitvoerende Komitee, wat 'n aangeleentheid in artikel 30(5) van die Wet bedoel raak, moet voordat die Raad 'n besluit daaroor aanvaar, na die Uitvoerende Komitee verwys word om daaroor verslag te doen en 'n aanbeveling te maak.

**Onttrekking of wysiging van mosie of voorstel**

**31.** (1) 'n Voorsteller kan, met die toestemming van die Raad, 'n voorstel of mosie onttrek en slegs die voorsteller word toegelaat om die versoek tot sodanige toestemming te verduidelik.

(2) Nadat toestemming vir onttrekking op voornoemde wyse versoek is, word geen verdere bespreking oor sodanige mosie of voorstel toegelaat nie en die toestemming soos versoek, word sonder verdere bespreking verleen of geweier.

**Toespreek van die vergadering**

**32.** 'n Lid kan sit terwyl hy of sy praat en spreek die Speaker aan.

**Voorrang van Speaker**

**33.** Wanneer die Speaker praat, moet enige lid wat besig is om te praat of aangedui het dat hy of sy wil praat, sy of haar sitplek inneem indien hy of sy staan en die lede moet 'n stilte handhaaf sodat die Speaker sonder onderbreking aangehoor kan word.

**Lengte van toesprake**

**34.** (1) Behoudens artikel 15 en 43, kan 'n lid vir hoogstens 10 minute praat met dien verstande dat –

(a) 'n Lid wat 'n mosie indien, vir hoogstens 15 minute kan praat om sy of haar mosie toe te lig; en

(b) die Raad toestemming kan verleen dat 'n verdere 5 minute vir sodanige toespraak toegelaat word.

(2) Die Raad kan afstand doen van die bepalings van subartikel (1) met betrekking tot 'n verklaring wat met toestemming van die Raad deur die voorsitter of enige ander lid van die Uitvoerende Komitee in verband met 'n saak voortvloeiend uit 'n verslag gemaak word.

(3) 'n Lid wat aan 'n debat deelneem, kan gedurende sy of haar toespraak van notas gebruik maak, maar geen lid word toegelaat om sy of haar toespraak af te lees nie. Die Speaker kan 'n lid wat sy of haar toespraak aflees, versoek om die toespraak onmiddellik te beëindig.

(4) Dat die bepalings van hierdie artikel is nie van toepassing op –

(a) die voorsitter van die Uitvoerende Komitee wanneer hy of sy of enige ander lid van die komitee deur hom of haar gemagtig om die begrotingsrede te lewer, of repliek te lewer op die debat betreffende die oorweging van die begroting nie;

(b) die voorsitter van die Uitvoerende Komitee wanneer hy of sy of enige ander lid van die komitee deur hom of haar gemagtig om die begrotingsrede te lewer, of repliek te lewer op die debat betreffende die oorweging van die begroting nie;

(c) die voorsitter van die Uitvoerende Komitee wanneer hy of sy die debat betreffende oorweging van die begroting afsluit nie; en

(d) die persoon want ingevolge artikel 18(1) repliek lewer en die debat afsluit soos bedoel in genoemde artikel

**Relevansie**

**35.** (1) 'n Lid wat praat, moet sy of haar toespraak streng rig op die saak onder bespreking of op 'n verduideliking of op 'n punt van orde.

(2) Die Speaker laat nie 'n bespreking toe –

(a) wat 'n saak op die agenda vooruitloop nie; of

(b) oor 'n saak ten opsigte waarvan 'n besluit deur 'n geregtelike- of *quasi*-geregtelike liggaam hangende is nie.

**Irrelevansie, herhaling en versteuring van orde**

**36.** (1) Indien die Speaker van mening is dat 'n lid –

(a) nie voldoen aan die bepalings van artikel 35(1) nie of skuldig is aan irrelevansie of langdradige herhaling tydens sy of haar toespraak, kan die Speaker hom of haar gelas om aan genoemde bepalings te voldoen of om die irrelevansie of langdradige herhaling te staak;

(b) poog om 'n bespreking teenstrydig met artikel 35(2) te voer, moet die Speaker hom of haar gelas om die bespreking te staak;

(c) terwyl hy of sy in die Raadsaal teenwoordig is, ongeag of hy of sy die Raad toespreek –

(i) onbehoorlike of aanstootlike taal besig;

(ii) 'n inkriminerende, lasterlike of afbrekende opmerking, beskuldiging of insinuasie ten opsigte van 'n ander lid of persoon maak

(iii) die orde versteur of die gesag van die Speaker verontagsaam; of

(iv) onbehoorlik geklee is,

gelas die Speaker die lid om onmiddellik sodanige gedrag te staak of reg te stel.

(2) Indien 'n lid nie gehoor gee aan 'n lasgewing in subartikel (1) bedoel nie, kan die speaker –

(a) in 'n geval van subartikel 1(a) of (b) bedoel, gelas dat die betrokke lid sy of haar toespraak staak; of

(b) in 'n geval in subartikel 1(c) bedoel, gelas dat die betrokke lid vir die verdere duur van die vergadering onttrek.

**Die Speaker kan 'n lid laat verwyder**

**37.** (1) Indien 'n lid weier om 'n lasgewing ingevolge artikel 36(2)(a) of (b) na te kom, kan die Speaker 'n beampte aansê om sodanige lid te verwyder en om stappe te neem om te voorkom dat sodanige lid na die vergadering terugkeer.

(2) Artikel 36(1)(c), 36(2) en subartikel (1) is *mutatis mutandis* van toepassing op 'n lid van die publiek.

**Uitsluiting van lede**

**38.** (1) 'n Lid wat opsetlik die gesag van die Speaker verontagsaam of opsetlik die orde by 'n vergadering versteur, kan deur die Raad uitgesluit word van Raadsvergaderings vir 'n tydperk van hoogstens 45 dae soos deur die Raad bepaal: met dien verstande dat die betrokke lid binne 7 dae vanaf die vergadering waar daar op sy of haar uitsluiting besluit is, 'n skriftelike appèl aan die Burgemeester kan rig, wat op sy of haar beurt 'n spesiale Raadsvergadering moet belê om die appèl te oorweeg binne 7 dae vanaf datum waarop die appèl ontvang is.

(2) Die Raad kan op voornoemde spesiale vergadering die oorspronklike Raadsbesluit bevestig, verwerp of wysig.

(3) By oorweging van die appèl, moet die Raad die reëls van natuurlike geregtigheid toepas.

(4) 'n Voorstel vir die uitsluiting van 'n lid kan op enige stadium van 'n vergadering ingedien word.

**Lid mag slegs een keer praat**

**39.** (1) Behoudens andersluidende bepalings of die voorafverkreë goedkeuring van die Speaker, kan 'n lid hoogstens een keer oor enige mosie of voorstel praat en die Speaker se besluit om aan sodanige lid toestemming te verleen om te praat of te weier is finaal en is nie vir bespreking oop nie.

(2) Die bepalings van subartikel (1) is nie van toepassing op 'n lid van die Uitvoerende Komitee wanneer die Raad die begroting oorweeg nie.

**'n Punt van orde en persoonlike verduideliking**

**40.** (1) 'n Lid kan 'n punt van orde stel of 'n verduideliking gee, maar sodanige verduideliking word beperk tot die wesenlike inhoud van sy of haar vorige toespraak.

(2) Sodanige lid word versoek om onmiddellik te praat.

**Beslissing van die Speaker oor 'n orde reëling**

**41.** Die beslissing van die Speaker oor 'n punt van orde of oor die toelaatbaarheid van 'n verduideliking is finaal en is nie oop vir bespreking nie.

**Hoe gestem word**

**42.** (1) 'n Bestrede mosie of voorstel word aan die Raad gestel deur die Speaker, wat die lede versoek om by wyse van opsteek van hande (tensy die Raad anders besluit) aan te dui of hulle vir of teen sodanige mosie stem of buite stemming bly, waarna die Speaker die uitslag van die stemming aankondig.

(2) Nadat die Speaker die uitslag van stemme ingevolge subartikel (1) aangekondig het, kan 'n lid versoek dat –

(a) sy of haar stem teen die besluit genotuleer word; of

(b) 'n hoofdelike stemming gehou word deur op te staan en so 'n eis aan die Speaker te stel.

(3) Wanneer 'n hoofdelike stemming behoorlik ingevolge subartikel (2)(b) versoek is, moet die Speaker daartoe toestem; die verdelingsklok word vir minstens een minuut gelui, waarna alle ingange tot die Raadsaal toegemaak word en geen lid die Raadsaal mag verlaat of binnekom, alvorens die uitslag van die verdeling bekend gemaak is nie.

(4) Na die verstryking van die tydsduur in subartikel (3) vermeld, bring die Speaker weer die mosie of voorstel tot stemming soos in subartikel (5) bepaal word en maak daarna die uitslag van die hoofdelike stemming bekend.

(5) 'n Hoofdelike stemming vind soos volg plaas: Die Munisipale Bestuurder lees die naam van elke lid afsonderlik in alfabetiese volgorde uit. Elke lid moet by wyse van 'n hoorbare "vir" of "teen" of "buite stemming" aandui of hy of sy ten gunste of teen die voorstel stem of buite stemming bly en die Munisipale Bestuurder notuleer die stem van elke lid asook die name van elke afwesige lid.

(6) Wanneer 'n hoofdelike stemming ooreenkomstig die voorafgaande bepalings plaasvind, is elke aanwesige lid, met inbegrip van die Speaker, verplig om sy of haar stem ten gunste of teen die mosie of voorstel uit te bring of aan te dui dat hy of sy buite stemming bly.

(7) 'n Lid wat 'n hoofdelike stemming aanvra, verlaat nie die Raadsaal alvorens sodanige stemming afgehandel is nie.

(8) Indien daar 'n staking van stemme is ten opsigte van 'n voorstel waaroor daar ooreenkomstig die bepalings van subartikel (1) of (4) gestem is, moet die Speaker, ooreenkomstig die bepalings van artikel 30(4) van die Wet, 'n beslissende stem uitbring.

**Voorstelle wat gemaak kan word**

**43.** (1) Wanneer 'n mosie of voorstel by 'n vergadering bespreek word, kan geen ander voorstel ingedien word nie, behalwe 'n voorstel –

(a) dat die mosie of voorstel gewysig word;

(b) dat die oorweging van die saak uitgestel word;

(c) dat die vergadering verdaag word;

(d) dat die debat verdaag word;

(e) dat die vraag gestel word;

(f) dat die Raad na die volgende saak oorgaan;

(g) dat die vraag terugverwys word vir verdere oorweging;

(h) dat, om die saak te hanteer, die Raad in komitee sal gaan ingevolge artikel 54; of

(i) dat die oorweging van die saak oorstaan totdat die Raad al die sake op die agenda afgehandel het:

Met dien verstande dat die voorstelle in paragrawe (b) tot (g) vermeld, nie ingedien word voordat die voorsteller van die mosie of voorstel onder bespreking daaroor gepraat het nie: Met dien verstande voorts dat 'n tweede voorstel ingevolge paragrawe (b) tot (f) nie binne 'n halfuur na 'n dergelike voorstel oor dieselfde saak ingedien kan

word nie, tensy die omstandighede na die mening van die Speaker ingrypend verander het.

(2) 'n Lid wat nie aan die debat oor die betrokke mosie of voorstel deelgeneem het nie, kan gedurende daardie debat aan die einde van enige toespraak, voorstel dat –

(a) oorweging van die vraag uitgestel word tot 'n vasgestelde datum; of

(b) die vergadering nou verdaag: Met dien verstande dat die vergadering nie verdaag alvorens die debat oor die mosie of voorstel verdaag het nie; of

(c) die debat verdaag word.

(3) 'n Lid wat 'n voorstel ingevolge subartikel (2) ingedien het, kan hoogstens 5 minute daaroor praat, maar die sekondant word nie toegelaat om daaroor te praat nie.

(4) 'n Lid wat 'n voorstel ingevolge subartikel (2) ingedien het, kan tydens die debat oor sodanige voorstel vir hoogstens 5 minute daaroor praat en daarna word die voorstel sonder enige verdere debat gestel.

**Oorweging van saak wat oorgehou gaan word**

**44.** 'n Lid wat 'n voorstel ingevolge subartikel 43(1)(i) maak, kan hoogstens 3 minute daaroor praat, maar die sekondant kan glad nie daaroor praat nie en daarna word oor die voorstel gestem sonder enige verdere debat.

**Wysiging van 'n mosie of voorstel**

**45.** (1) 'n Wysiging wat voorgestel word moet betrekking hê op die mosie of voorstel ten opsigte waarvan dit voorgestel word.

(2) 'n Wysiging wat voorgestel word, moet op skrif gestel, deur die voorsteller onderteken en aan die Speaker oorhandig word.

(3) 'n Wysiging wat voorgestel word, moet duidelik deur die Speaker aan die vergadering gestel word, voordat daaroor gestem word.

(4) (a) Waar 'n wysiging voorgestel en gesekondeer is, word geen verdere wysigings voorgestel nie, alvorens 'n besluit aanvaar is waarop 'n verdere wysiging voorgestel kan word.

(b) Indien die wysiging aanvaar word, neem die gewysigde mosie of voorstel die plek van die oorspronklike mosie of voorstel in en word dit die substantiewe mosie of voorstel waarop 'n wysiging voorgestel kan word.

(5) 'n Lid kan slegs een wysiging op 'n mosie of voorstel indien.

(6) Die voorsteller van 'n wysiging op 'n voorstel of mosie het geen reg tot repliek nie.

**Uitstel van oorweging van vraag**

**46.** Wanneer 'n mosie aanvaar is dat 'n vraag uitgestel word na 'n vasgestelde datum, word die mosie of voorstel eerste onder die mosies of voorstelle vervat in die verslag van daardie komitee aan die Raad op die vasgestelde datum geplaas.

**Verdaging van debat**

**48.** (1) Indien 'n voorstel aanvaar word dat die debat verdaag word, hanteer die Raad die volgende saak wat op die agenda verskyn en word die saak ten opsigte waarvan die debat verdaag is, eerste geplaas op die lys van mosies of voorstelle van die volgende vergadering en die bespreking daarvan word by daardie vergadering hervat.

(2) Wanneer 'n debat wat verdaag is, hervat word, is die lid wat voorgestel het dat dit verdaag word, geregtig om eerste te praat.

(3) Geen lid maak meer as een voorstel ter verdaging van dieselfde debat of sekondeer meer as een sodanige voorstel nie.

**Stel van die vraag**

**49.** (1) Behoudens die bepalings van artikel 43(1) kan 'n lid wat nie aan die debat oor 'n mosie of voorstel deelgeneem het nie, aan die einde van 'n toespraak gedurende die debat, voorstel dat die vraag gestel word.

(2) Behoudens die bepalings van artikel (3) is 'n voorstel ingevolge subartikel (1) gemaak, nie vir bespreking oop nie.

(3) Die voorsteller van 'n vraag onder bespreking kan, wanneer 'n voorstel ingevolge subartikel (1) gemaak is, vir hoogstens 5 minute oor sodanige voorstel praat en vervolgens word die voorstel sonder enige verdere debat gestel.

**Die Raad gaan oor na volgende saak**

**50.** (1) Behoudens die bepalings van artikel 43(1) kan 'n lid wat nie aan 'n debat oor 'n mosie of voorstel deelgeneem het nie, aan die einde van 'n toespraak voorstel dat die Raad oorgaan na die volgende saak.

(2) Behoudens die bepalings van subartikel (3) is 'n voorstel ingevolge subartikel (1) gemaak nie vir bespreking oop nie.

(3) Die voorsteller van 'n vraag onder bespreking kan, wanneer 'n voorstel ingevolge subartikel (1) gemaak is, vir hoogstens 5 minute oor sodanige voorstel praat en daarna word die voorstel sonder enige verdere bespreking gestel.

(4) Indien 'n voorstel ingevolge subartikel (1) aanvaar word, verval die vraag onder bespreking.

**Terugverwysing van 'n vraag vir verdere oorweging**

**51.** (1) Wanneer 'n aanbeveling van die Uitvoerende Komitee voor die Raad dien, kan 'n lid voorstel dat die vraag vir verdere oorweging na die Uitvoerende Komitee terugverwys word.

(2) Die voorsteller van sodanige vraag het geen reg tot repliek nie.

(3) So 'n voorstel word nie gestel alvorens aan die bepalings van artikel 18 voldoen is nie.

(4) Wanneer sodanige voorstel aanvaar word, sluit die debat oor die aanbevelings en gaan die Raad oor na die volgende saak.

**Opskorting van artikel 8**

**52.** (1) Ondanks andersluidende bepalings van hierdie Reglement van Orde, maar behoudens die bepalings van hierdie artikel, kan 'n lid in 'n gewone vergadering of met die verdaging daarvan, voorstel dat die bepalings van artikel 8 opgeskort word om hom of haar in staat te stel om 'n voorstel in te dien, waarvan kennis nie ingevolge artikel 21 gegee kon word nie weens die dringendheid van sodanige voorstel.

(2) Die voorstel en mosie genoem in subartikel (1) moet op skrif gestel word, deur die voorsteller en ten minste een sekondant onderteken word en aan die Speaker minstens 10 minute voor die aanvang van die vergadering waarop sodanige voorstel of mosie bedoel is om te dien, oorhandig word, tensy die Speaker 'n korter tydsduur toelaat.

(3) Beide word deur die Speaker afgewys, indien hy of sy sodanige mosie ingevolge artikel 26 kon afwys.

(4) Onmiddellik voordat die verslag van die Uitvoerende Komitee ingevolge artikel 15 voorgelê word, maak die Speaker bekend dat 'n voorstel en mosie ingevolge subartikel (1), indien enige, aan hom of haar oorhandig is en of hy of sy dit toegelaat of afgewys het en indien sodanige voorstel en mosie wel toegelaat is, hulle voor of na die afhandeling van die verslag van die Uitvoerende Komitee sal dien.

(5) Indien die Speaker die voorstel en mosie toelaat ingevolge subartikel (4), moet die betrokke lid, wanneer die Speaker so aandui, die mosie aflees en nadat hy of sy vir hoogstens 5 minute oor slegs die rede van die dringendheid van die oorweging van die mosie gepraat het, wat die aflees van die mosie insluit, kan hy of sy voorstel dat die bepalings van artikel 8 opgeskort word.

(6) Die sekondant van die voorstel en mosie ingevolge subartikel (1) kry nie 'n spreekbeurt daaroor nie, behalwe om dit formeel te sekondeer.

(7) Die voorstel tot opskorting word geag aanvaar te wees, indien die lede wat daarvoor stem 'n meerderheid van al die lede van die Raad uitmaak.

(8) Indien die voorstel tot opskorting aanvaar word, word die mosie geag behoorlik gestel te wees en daarna kan die bespreking daarvan voortgaan ooreenkomstig die bepalings van hierdie Reglement van Orde.

**Vertolking van Reglement van Orde**

**53.** (1) (a) 'n Lid kan versoek dat die Speaker se beslissing oor die vertolking van die Reglement van Orde in die notule aangeteken word en die Munisipale Bestuurder hou 'n register van sodanige beslissings by.

(b) Die Speaker onderteken die inskrywing in die register van elke beslissing wat hy of sy gegee het.

(2) 'n Lid wat 'n versoek ingevolge subartikel (1) gerig het, kan mondelings gedurende daardie vergadering of skriftelik binne 5 dae daarna, eis dat die Munisipale Bestuurder die saak aan die Uitvoerende Komitee voorlê, en doen daaroor aan die Raad verslag.

**Bespreking van sake in komitee**

**54.** (1) Wanneer 'n lid voorstel dat die Raad in komitee gaan om 'n saak op die agenda te oorweeg, insluitende 'n voorstel ingevolge artikel 52(1), kan hy of sy vir hoogstens 3 minute oor sodanige voorstel praat, maar die sekondant praat nie daaroor nie.

(2) Nadat 'n voorstel in subartikel (1) bedoel aanvaar is, kan die Speaker na oorweging, indien dit redelik en nodig blyk te wees om die regte van die persoon of onderwerp onder bespreking te beskerm, die pers, die publiek en enige ander persoon wie se teenwoordigheid volgens sy of haar mening nie gedurende die bespreking vereis word nie, gelas om die Raadsaal te verlaat en nadat hy of sy tevrede is dat die instruksie uitgevoer is, stel hy of sy die betrokke saak weer aan die orde.

(3) 'n Bespreking van 'n saak in komitee skort geen ander bepaling van hierdie Reglement van Orde op nie.

(4) Die Speaker moet, indien daar nadat die Raad die sake in komitee afgehandel het nog ander sake op die agenda verskyn, weer die pers, die publiek en ander persone toelaat om die Raadsaal binne te gaan.

(5) 'n Besluit van die Raad om in komitee te gaan word met deeglike inagneming van artikel 160(7) van die Grondwet geneem.

**Kworum van die Raad of die Raad as komitee**

**55.** Die kworum van die Raad en die Raad as komitee is die meerderheid van al die lede van die Raad.

**Bedanking van setel op komitee**

**56.** 'n Lid van 'n komitee wat van die komitee wil bedank, rig sy of haar bedanking skriftelik aan die Munisipale Bestuurder waarna dit nie weer teruggetrek kan word nie.

**Vul van vakature in 'n komitee**

**57.** Die Uitvoerende Komitee moet aan die Raad kennis gee dat daar 'n vakature op 'n komitee ontstaan het, uitgesonderd 'n vakature op die Uitvoerende Komitee, nie later nie as die tweede vergadering na die vergadering van die komitee waarop die vakature bekend geword het en die Raad kan die vakature vul.

**Vul van 'n vakature in 'n komitee gedurende die afwesigheid van 'n lid**

**58.** Wanneer 'n lid, uitgesonderd 'n lid van die Uitvoerende Komitee verlof tot afwesigheid van 'n vergadering van 'n komitee verkry het, kan die Raad 'n ander lid aanwys om waar te neem gedurende sy of haar afwesigheid op enige komitee waarop die afwesige lid dien.

**Datums en tye van vergaderings van die Uitvoerende Komitee**

**59.** (1) Die voorsitter van die Uitvoerende Komitee bepaal die datums, tye en plekke van vergaderings.

(2) Geen vergaderings van die Uitvoerende Komitee word gehou gedurende 'n Raadsvergadering, sonder die Raad se toestemming nie.

**Kennisgewing van vergadering van die Uitvoerende Komitee**

**60.** (1) Die Munisipale Bestuurder reik 'n kennisgewing uit waarin 'n vergadering van die Uitvoerende Komitee belê en die werksaamhede wat deur die komitee oorweeg moet word aangedui word.

(2) 'n Lid wat nie 'n lid van die Uitvoerende Komitee is nie, wat 'n vergadering van die komitee bywoon, skryf sy of haar naam in die bywoningsregister en moet agter sy of haar naam die "nie lid" skryf.

**Deelname aan besprekings op 'n vergadering van die Uitvoerende Komitee**

**62.** Iemand wat versoek word of toegelaat word deur die Uitvoerende Komitee om 'n vergadering van die komitee by te woon, kan met die toestemming van die voorsitter van die Uitvoerende Komitee die vergadering toespreek.

**Geen kworum by vergadering van die Uitvoerende Komitee**

**63.** Indien daar na verstryking van 10 minute na die aanvangstyd van 'n vergadering van die Uitvoerende Komitee nog geen kworum is nie, word die vergadering gehou op 'n datum en tyd deur die Munisipale Bestuurder bepaal.

**Wyse van stemming by vergaderings van die Uitvoerende Komitee**

**64.** Die voorsitter van die Uitvoerende Komitee laat die lede van die Uitvoerende Komitee by wyse van opsteek van hande stem en 'n lid van daardie komitee wat daar teenwoordig is en stem kan versoek dat 'n hoofdelike stemming gehou word, in welke geval die bepalings van

artikel 42(5), (6) en (7) *mutatis mutandis* geld: Met dien verstande dat geen bepaling hiervan die reg van 'n lid om sy of haar teenstem te laat notuleer sal beïnvloed nie.

**Goedkeuring van notule van vergadering van Uitvoerende Komitee**

**65.** (1) By 'n gewone vergadering van die Uitvoerende Komitee, nadat aansoeke vir verlof tot afwesigheid oorweeg is, word die notule van 'n vergadering van die komitee wat nog nie bekragtig is nie gelees, goedgekeur met of sonder wysigings en deur die voorsitter van die Uitvoerende Komitee onderteken

(2) Die notule genoem in subartikel (1), kan as gelees geskou word indien dit beskikbaar was vir ondersoek deur die lede van die komitee minstens een uur voor die aanvang van die vergadering: Met dien verstande dat die notule gelees moet word indien 'n lid dit so versoek, hetsy die komitee die oorweging uitstel na die volgende vergadering: Met dien verstande voorts dat indien die notule uitgestuur is op 'n wyse soos in artikel 115 van die Stelsels Wet voorsien, 'n lid nie kan aandring dat die notule gelees moet word, tensy die meerderheid van die lede teenwoordig dit so besluit nie.

**Notule kan teruggehou word weens werksdruk**

**66.** Die notule van 'n vergadering van die Uitvoerende Komitee kan weens werksdruk of 'n ander toepaslike rede teruggehou word vir goedkeuring op 'n latere vergadering.

**Bespreking van notule van vergadering van Uitvoerende Komitee**

**67.** Geen voorstel of bespreking oor die notule word toegelaat nie, behalwe oor die akkuraatheid daarvan.

**Verslae mag aan die pers verskaf word**

**68.** Die Munisipale Bestuurder kan, op aansoek deur 'n geregistreerde nuusblad, die agenda van die Raad aan 'n verteenwoordiger van sodanige nuusblad voor die aanvang van die vergadering verskaf: Met dien verstande dat die Uitvoerende Komitee of die Burgemeester hom of haar kan aansê om nie die besondere agenda of item op die agenda te voorsien nie of om die agenda te weerhou tot na afloop van die betrokke vergadering.

**Uitsluiting van lede wat dokumente openbaar**

**69.** (1) 'n Lid wat ten opsigte van 'n saak genoem in artikel 10 van die Gedragskode vir Raadslede, aangeheg as Bylae 1 tot die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels,

2000 (Wet No. 32 van 2000) 'n dokument of rekord van die Raad, of van die verrigtinge van 'n komitee van die Raad, of van die Raad in komitee publiseer of dit bekend maak of toelaat dat dit gepubliseer of bekend gemaak word, is skuldig aan oortreding van hierdie subartikel.

(2) Die Raad kan 'n lid wat skuldig is aan oortreding van subartikel (1), uitsluit vir 'n tydperk van hoogstens 45 dae soos deur die Raad bepaal: Met dien verstande dat die appèlprosedures soos bedoel in artikel 38 *mutatis mutandis* geld vir hierdie artikel.

(3) Indien 'n lid 'n vergadering bywoon ondanks 'n besluit ingevolge subartikel (2), kan die Speaker 'n beampte opdrag gee om die lid te verwyder en om die nodige stappe te neem om te voorkom dat die lid na die vergadering terugkeer.

**Verslag van bywoning van vergaderings**

**70.** (1) Die Munisipale Bestuurder stel jaarliks 'n verslag op oor die aantal Raadsvergaderings gehou en die bywoning daarvan deur elke lid en die aantal vergaderings gehou deur die Uitvoerende Komitee en die bywoning van elke lid van sodanige komitee.

(2) Die Munisipale Bestuurder sluit die verslag by die agenda van die gewone vergadering wat in Januarie van elke jaar gehou word in.

**Sekretariaat**

**71.** (1) Die Munisipale Bestuurder is verantwoordelik vir die doeltreffende funksionering van die aktiwiteite van die Raad en sy komitees.

(2) Die Munisipale Bestuurder kan 'n aantal beamptes in die voltydse diens van die Munisipaliteit aanwys om as 'n sekretariaat vir die Raad op te tree.

(3) Die Munisipale Bestuurder kan aan 'n lid van die sekretariaat 'n werksaamheid soos die hou van notules of die verspreiding van dokumente opdra, maar bly teenoor die Raad verantwoordelik vir doeltreffende verrigting van 'n werksaamheid aan hom of haar by of kragtens hierdie Reglement van Orde toevertrou.

**Herroeping van wette en voorbehoude**

**72.** (1) Die volgende wette word hierby herroep:

.........

.........

(2) Enige toestemming verkry, reg toegestaan, voorwaarde opgelê, aktiwiteit veroorloof of ding gedoen kragtens 'n herroepe wet word, na gelang van die geval, geag kragtens die ooreenstemmende bepaling van hierdie Verordening (as daar is), toegestaan, opgelê, veroorloof of gedoen te gewees het.

**Kort titel**

**73.** Hierdie Verordening heet die Reglement van orde, 20 ...

274

VERORDENING OP ANTENNE STELSELS,

# VERORDENING

**Om voorsiening te maak vir beheer oor die oprigting van antenne stelsels in die Nama Khoi Munisipaliteit; en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

---

**DAAR WORD BEPAAL** deur die Nama Khoi Munisipaliteit, soos volg:-

**Woordomskrywing**

1. In hierdie Verordening, tensy uit die samehang anders blyk, beteken –

**"antenne stelsel"** 'n toestel wat gebruik word of ontwerp is om radio- of televisie-uitsendings of –ontvangs te verbeter en ook 'n skottelantenne;

**"gebou"** ook –

(a) enige ander struktuur, hetsy tydelik of permanent van aard en ongeag die materiale wat by die oprigting daarvan gebruik is, wat opgerig is of gebruik word vir of in verband met –

(i) die huisvesting of gerief van mense of diere;

(ii) die vervaardiging, verwerking, opberging, uitstalling of verkoop van enige goed;

(iii) die lewering van enige diens;

(iv) die vernietiging of behandeling van vullis of afvalstowwe;

(v) die kweek van enige plant of gewas;

(b) 'n muur, swembad, swempoel, reservoir of brug of ander struktuur wat daarmee in verband staan;

(c) 'n brandstofpomp of 'n tenk wat in verband daarmee gebruik word;

(d) Enige gedeelte van 'n gebou, met inbegrip van 'n gebou soos omskryf in paragraaf (a), (b) of (c);

(e) Enige fasiliteite of stelsel, of gedeelte of deel daarvan, binne of buite maar gepaardgaande met 'n gebou, vir die verskaffing van 'n watervoorsienings-, dreinerings-, riool-, stormwaterafvoer-, elektrisiteitsvoorsienings- of ander soortgelyke diens ten opsigte van die gebou;

**"Munisipaliteit"** die Nama Khoi Munisipaliteit; en

**"skottelantenne stelsel"** 'n konkawe toestel wat gebruik word of ontwerp is om satellietuitsendings te ontvang.

**Toestemming vir sekere antenne stelsels**

**2.** (1) Behalwe met die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Munisipaliteit en behoudens die voorwaardes bepaal in sodanige toestemming, rig niemand op enige perseel 'n antenne stelsel op, laat dit oprig of laat toe dat dit opgerig word –

(a) Wat hoër is as 3 m vanaf die grond indien dit nie op 'n gebou gemonteer is nie;

(b) Wat, indien dit op 'n gebou gemonteer is, meer as 3 m bokant die hoogste punt van daardie gebou uitsteek nie.

(c) Wat 'n skottelantenne stelsel met 'n deursnee van as 1 m is nie.

(2) Aansoek om toestemming moet by die Munisipaliteit gedoen word op die vorm deur die Munisipaliteit vir daardie doel voorsien en gaan vergesel van die gelde deur die Munisipaliteit bepaal.

(3) Iemand wat nie aan die bepalings van subartikel (1) voldoen nie, moet binne 12 maande na inwerkingtreding van hierdie Verordening aan genoemde bepalings voldoen.

**Strafbepaling**

**3.** (1) Iemand wat 'n bepaling van artikel 2(1) of 'n vereiste of voorwaarde daarkragtens oortree of versuim om daaraan te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig.

(2) Iemand wat skuldig bevind word aan 'n misdryf ingevolge subartikel (1), is strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf van hoogstens een jaar, of met beide 'n boete en met daardie gevangenisstraf.

**Herroeping van wette en voorbehoude**

**4.** (1) Die volgende wette word hierby herroep:

.........

.........

(2) Enige toestemming verkry, reg toegestaan, voorwaarde opgelê, aktiwiteit veroorloof of ding gedoen kragtens 'n herroepe wet word, na gelang van die geval, geag kragtens die ooreenstemmende bepaling van hierdie Verordening (as daar is), toegestaan, opgelê, veroorloof of gedoen te gewees het.

**Kort titel**

**5.** Hierdie Verordening heet die Verordening op Antennestelsels, 20 ...

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001. Tel: (012) 334-4507, 334-4511, 334-4509, 334-4515
Also available at the **Northern Cape Provincial Legislature, Private Bag X5066, Nobengula Extension, Kimberley, 8301.**
Tel. (direct line): (053) 839-8073. Fax: (053) 839-8094

Gedruk deur en verkrygbaar by die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaat Sak X85, Pretoria, 0001. Tel: (012) 334-4507, 334-4511, 334-4509, 334-4515
Ook verkrygbaar by die **Noord-Kaap Provinsiale Wetgewer, Privaatsak X5066, Nobengula-uitbreiding, Kimberley, 8301.**
Tel. (direkte lyn): (053) 839-8073. Faks: (053) 839-8094